


Keuse van gereg. of ongereg. vorm by hoër- en laerskool-
leerlinge



Enkele waarnemings kan op grond van hierdie gegewens ge-
doen word:

- Die ongereg. vorm is meestal naastenby onbekend in st. 2, behalwe bedorwe in die vaste uitdrukking bedorwe brokkie.
- Daar is 'n bestendige toename van die ongereg. vorme met hoër standerds; die enigste uitsondering is bedorwe in bedorwe vleis, waar die ongereg. vorm nie as sodanig onbekend is nie (vgl. no. 8), maar die gereg. vorm skynbaar verkies word.
- In drie gevalle - vgl. vrae 3, 4 en 7 - is daar 'n opval-

lende omgeswaai tussen die laer- en hoërskool: waar die gereg. vorm in e.g. geval oorweeg het, oorweeg die ongereg. vorm in lg. geval. In vraag 5 - waar die v.d.w. waarskynlik werkwoordelik is - vind ons hierdie omkering reeds tussen st. 2 en 5.

Die laerskoolresultate suggereer dat daar ongereg. v.d.w. is wat algemeen gebruiklik is onder volwasse taalgebruikers, wat op die ouderdom van ± nege jr. - wanneer die basiese taalaanleerproses al lankal voltooi is - nog nie deel is van die woordeskat nie. (Dit geld nie die uitdrukking bedorwe brokkie nie). In st. 5 is daar aanduidings dat dié aanleerproses al begin het. Daar is 'n aanduiding dat selfs in st. 10 die proses nog nie afgelope is nie (ofskoon 'n verkeerde vertolking van die vroeë 'n rol kon gespeel het).

Die resultate van die twee ondersoekte stem met mekaar ooreen in soverre daar steeds 'n groter persentasie kinders in st. 9 en 10 is wat met die ongereg. vorm bekend is as in st. 6 en 7 (tenat die gereg. vorm verkies word, soos by bederfde vleis). In soverre dit hier nie gaan om verskil in vermoë om vroeë as sodanig te beantwoord nie, kan dit 'n aanduiding wees dat die aanleer van ongereg. vorme 'n proses is wat tydens die hoërskooljare nog aan die gang of onafgerond is.

Die algemene beeld (op grond van die karige gegewens) is dat in hedendaagse Afr. die toevoeging van die ongereg. vorme tot die woordeskat eers begin lank nadat die basiese taalaanleerproses (op 4 jr.) afgehandel is en 'n proses is wat veral in die hoërskool momentum kry, en dat daar sprekers is wat selfs 'n skoolopleiding tot st. 10 geniet het wat met sommige heel bekende ongereg. vorme probleme het.

4.2.4.3 Diglossie en sy nadraai

Die situasie met betrekking tot Afr. en Ndl. in S.A., in die tydperk na die ontstaan maar voor die amptelike erkenning van Afr., kan as een van "diglossie" beskryf word. Vandag het die "hoër taal", Ndl., opgehou om dié rol t.o.v. Afrikaans te

speel, maar dit wil voorkom asof die "hoër-taal-t.o.v.-Afr." vervang is deur 'n "hoër-woordeskat-binne-Afr.", wat nog enkele diglossie-treke behou soos die resultate hierbo bevestig, en waarvan die ongereg. v.dw. 'n belangrike deel uitmaak. Ons kyk vervolgens na enkele kenmerke van die diglossie-verskynsel en hulle verwantskap met Afr. en die v.dw. en na die moontlikheid dat ongereg. v.dw. nie noodwendig die eindpunt van 'n historiese proses van taalverandering is nie, maar reste uit 'n diglossietyd kan wees.

Diglossie (Eng. diglossia) word deur Ferguson gedefinieer as "a relatively stable language situation in which, in addition to the primary dialects of the language (which may include a standard or regional standards), there is a very divergent, highly codified (often grammatically more complex) superposed variety, the vehicle of a large and respected body of written literature, either of an earlier period or in another speech community, which is learned largely by formal education and is used for most written and formal spoken purposes but is not used by any sector of the community for ordinary conversation"⁴³⁹. Die ooreenkoms met die verhouding Ndl.-Afr. in die 19e en miskien selfs dele van die 18e eeu, is opvallend, en word hieronder verder behandel. Op twee verskille met die "paradigmatiese" situasie kan gewys word: 1) Die "laer" of L-taal, Afr., het geen groot dialektiese verskeidenheid vertoon nie - m.i. nie 'n essensiële kenmerk van 'n diglossie-situasie nie, en 2) die situasie was by ons van relatief korte duur; Ferguson meen: "Diglossia typically persists at least several centuries"⁴⁴⁰. Dit kan egter daardeur verklaar word dat die voorwaarde vir die ontstaan van diglossie, t.w. 'n (Afr.) spreektaal wat van Ndl. verskil, en die intree van neigings wat diglossie teëwerk, chronologies nie ver uit mekaar lê nie. Dié neigings is vlg. Ferguson o.m. dat geletterdheid meer algemeen word, dat daar beter (o.m. administratiewe) kommunikasie tussen bevolkingsegmente kom en dat daar 'n behoefte aan 'n "nasionale" standaardtaal ontstaan - in welke gevalle die diglossie-situasie vir die bevolking problematies begin word⁴⁴¹.

Opvallende ooreenkomste van die diglossie-situasie elders,

sode deur Ferguson getipeer, met ons eie in die 19e eeu, is o.m. die volgende:

- (i) "H has grammatical categories not present in L and has an inflectional system of nouns and verbs which is much reduced or totally absent in L". Veral wat die ww.-stelsel betref, stem Afr./Ndl. sterk ooreen met die voorbeeld Switserse Duits/Hoogduits wat Ferguson noem⁴⁴².
- (ii) "... the speakers regard H as superior to L in a number of ways". Hierdie meerderwaardigheid hou soms met die godsdiens, bv. die taalvorm van die Bybelvertaling, verband⁴⁴³.
- (iii) Kinders leer L op die "normale" manier aan, maar H veral d.m.v. formele onderwys⁴⁴⁴.
- (iv) Die grootste gedeelte ("bulk") van die woordeskat het H en L gemeen, maar H bevat "technical terms and learned expressions which have no regular L equivalents", L bevat "popular expressions and the names of very homely objects or objects of very localized distribution", en veral opvallend is "the existence of many paired items, one H one L, referring to fairly common concepts frequently used in both H and L" met ruweg dieselfde betekenis en waar die keuse van die een of die ander die uiting onmiddellik as H of L kenmerk⁴⁴⁵.
- (v) Ferguson wys ook daarop dat in elkeen van die vier tale waarop sy artikel berus "certain proverbs, politeness formulas, and the like are in H even when cited in ordinary conversation by illiterates"⁴⁴⁶.
- (vi) Hy wys ook daarop dat daar bepaalde gebruikssituasies is waar H gepraat en ander waar L gepraat word; enkele voorbeelde is dat "conversation with family, friends, colleagues" in L geskied, en preke, parlementêre toesprake, nuusberigte en poësie bv. in H⁴⁴⁷.

Daar is in paar eienskappe van die sisteem en gebruik van die ongereg. b.v.dw. wat suggereer dat ons hier met 'n oorblyfsel uit of nadraai van die diglossie-periode te make het, al bestaan diglossie as sodanig nie meer nie:

- (a) Terwyl suiwer ww.v.dwe. waarskynlik deur "tussenstadia" geregulariseer het, is ongereg. vorme in Afr. (met inagneming van sinkopee en apokopee) nog heeltemal Ndl. in vorm, met seldeame uitsonderings (vgl. par. 4.2.3.1.7.6).
- (b) Die ongereg. vorme word relatief laat aangeleer, en dan waarskynlik op skool, vgl. (iii) hierbo en par. 4.2.4.2.
- (c) Daar is t.a.v. die gebruik van die ongereg. b.v.dw. registerverskille tussen die spontane spreektaal, aan die een kant, en bv. die taal van die preek, toespraak, koerantartikel en gedig, vgl. punt (vi) hierbo en par. 4.2.4.1.
- (d) V.dwe. in vaste uitdrukkings neig om ongereg. te wees, vgl. punt (v) hierbo en par. 4.2.3.1.5.


4.2.5 Diachroniese aspekte

Die versameling en ontleding van die materiaal vir die tydperk 1925 tot vandag was veral gemik op 'n verteenwoordigende sinchroniese beeld van die gebruik van die b.v.dw. oor die tydperk in sy geheel. Tog is dit moontlik om uit die materiaal enkele afleidings te maak in verband met moontlike ontwikkelinge; die oorheersende indruk wat ons uit die materiaal kry, is egter dat daar nie veel verander het sedert 1925 nie. In par. 4.2.5.1 word met behulp van die geskikte tekste 'n statistiese vergelyking getref tussen 1925, 1950 en 1975; in par. 4.2.5.2 word enkele opvallende voorbeelde genoem.

4.2.5.1 Statistiese vergelyking

Die gegewens waarop onderstaande grafiek berus, is die token-totale uit die koerantekserperings uit 1925, 1950 en 1975 (d.w.s. DB, DT, BE en RA) en uit Hansung vir dieselfde jare (d.w.s. HI-HIII; vgl. par. 4.2.2.1), saam met die letteristiese prosa, nl. vir 1925 100 bl. uitla (Van der Berg), vir 1950 100 bl. uitBe (Van der Berg) en vir 1975 50 bl. uit Br (Brink) (vgl. par. 4.2.4.1). Saamgesteld lewer dit vir die drie jare korpusse van 73.460, 64.750 en 82.000 woorde onderskeidelik. Vir die simbole A t/m E en B-C, vgl. par. 4.2.4.1.

Taalverandering n.a.v. drie korpusse^{44B}



Wat hier opval, is die afname - tussen 1925 en 1950 - van die persentasie ongereg. b.v.dwe. wat met die stam verband hou, en die gevolglike vergroting van die verskil wat as B-C uitgedruk word. Dit dui op 'n beweging in die rigting van vandag se gesproke taal-patroon, alans in die registers wat by die vergelyking betrek is.

4.2.5.2 Voorbeelde

In die alternansie van gereg. en ongereg. vorme kan daar bepaalde voorbeelde wees wat opval as "konserwatief" of "progressief" vir die tydperk waarin hulle voorkom. Die onderstaande voorbeelde dien bloot as illustrasie.

Voorbeelde van redelik resente datum wat konserwatief aandoen, is "dalk is daar glad verskole mikrofone in die pote van die meubels" (RAII 18.1.76), "kan hy ... 'n bietjie werk gedaan kry" (RAII 25.1.76) en "Sy is geskeie van hom" (1976, by 'n bejaarde gehoor)

Die volgende koerantvoorbeelde is progressief vir 1925: "dat die vennootskap ontbind verklaar word" (DB5:3), "hoog aangeskryf staan" (DB6:7), "dat die Sessie miskien by die helfte van Junie sal afgeloop wees" (DB6:7) en "Helpmekaar-kongres afgeloop" (DB6:8).

Progressief, selfs vir resente voorbeelde, is "die verdwyne mnr. Alan Roberts" (RAII 23.10.77) en "voorsitter van die ontbinde studenteraad" (BEII 14.8.76).

Ten alotte kan net gewys word op Stoops se vermoede dat daar aan die begin van haar ondersoeksperiode "meer gebruik gemaak is van sterk vorme met klankwisseling as later", en sy noem voorbeelde met begonne, gebunde (boek), gebroke (bene), geskote (diere) en vertrokke⁴⁴⁹.

4.3 DIE SWAK EN ONREËLMATIGE B.V.DW.

4.3.1 Inleiding

In teenatelling met die sterk v.dw., waar ons te make gehad het met 'n alternansie van morfologies sterk uiteenlopende vorme en o.m. rekening moes hou met 'n verskeidenheid van sintaktiese faktore - post- sowel as prenominaal - is die situasie met betrekking tot die swak v.dw. veel eenvoudiger. By die reëlmatige gevalle is postnominaal slegs die aan- of afwesigheid van 'n /t/-uitgang moontlik; prenominaal is 'n /də,tə/-uitgang verpligtend; onreëlmatige gevalle vorm 'n minderheid. Die meeste aandag word aan die postnominale reëlmatige vorme gegee, waarvoor ook van grondwoordtabelle uitgegaan word (par. 4.3.3.1) en by die ontleding waarvan na min of meer dieselfde faktore gekyk word as in die geval van die sterk v.dw. (par. 4.3.5-4.3.12). Wat die prenominale reëlmatige gevalle betref, word volstaan met 'n kort bespreking van bestaande ondersoekresultate (vgl. par. 4.3.13); die gereg. sterk v.dw. kom ook hier ter sprake. Die onreëlmatige vorme, pre- en postnominaal, word in par. 4.3.3 getabelleer en in par. 4.3.4 bespreek, maar kom ook in ander paragrawe ter sprake. Die resultate van par. 4.3 word in par. 4.4 opgesom en met dié van par. 4.2 vergelyk⁴⁵⁰.

4.3.2 Die Afr. Woordelys en Spelreëls

Dit is nodig om wat die postnominale vorm betref, kortliks te kyk na die uiteensetting van die spelling van die swak v.d.w. in verskillende uitgawes van die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (hierna afgekort "W+S"), want al gaan dit vir die opstellers uiteraard om spelling eerder as klank en om voorskrif eerder as beskrywing, neem die beskrywing van waargenome verskynsels tog 'n belangrike plek in. In die vierde, vyfde en sesde druk en sewende uitgawe, onderskeidelik van 1931, 1937, 1953 en 1964⁴⁵¹ van W+S, kom die -d/-t-uitgang van die v.d.w. ter sprake. Dit word implisiet of eksplisiet duidelik gemaak dat in die geval van suiwer werkwoordelike gebruik slot-d (behalwe waar die grondwoord daarop uitgaan) afwesig is.

Volgens die uitgawes van '31, '37, '53 en '64 word d en t nie aan die einde van woorde na f, g, k, p en s geskryf nie - volgens '31 en '37 omdat dit meestal nie daar gehoor word nie. (Ek het wel gevind: beheersd (in 1938 en 1978, skoolopstel), bemoedig (Gs), gejaagd (4x geskryf), geloafd (in kerktaal), gemaakt (1x in 1942), oortuigd (1938), geslaagd (1950 en 1978, skoolopstel), verbaasd (1938), verheugd (Ps), gewaagd (1946).) Omdat die alveolêr tog soms geskryf word, kan die moontlikheid nie uitgesluit word dat dit soms nog in die gesproke taal voorkom nie. (Oms vind bv. 2x gejaagd in HK). W+S '31 en '37 het dus waarskynlik gelyk as beweer word dat -d "meestal nie" daar gehoor word nie.

Na -l, -m, -n, -ng, -r, 'n klinker of 'n tweeklank (nie al hierdie kontekste word altyd genoem nie), word 'n slot-d by die v.d.w. dikwels behou, volgens W+S '31 en '37 al na gelang die byvoeglike of die werkwoordelike funksie oorweeg of ter onderskeiding tussen figuurlike en letterlike gebruik. (W+S '31 maak dit duidelik dat dit hier slegs om byvoeglik - in teenstelling met werkwoordelik - gebruikte wwe. gaan). Die kontras figuurlik/letterlik word goed geïllustreer deur gemengd (van skool) t.o. gemeng (van wyn), verstrooid (van professor) t.o. verstrooi (van troepe). Volgens my materiaal speel figuurlik/letterlik egter nie so 'n groot rol nie.

"Figuurlike funksie" as faktor word in W+S '53 nog sterker gestel (dan "gewoonlik" 'n -d aan die einde), maar verval - m.i. tereg - in '64. (Let ook daarop dat terwyl W+S '37 die skool is gemengd het, ons in W+S '64 die geselskap was gisteraand weer erg gemeng(d) aantref.)

Om binne byvoeglike gebruik tussen oorwegend byvoeglike en oorwegend-werkwoordelike funksie te onderskei - soos veral in W+S '31 - is skaars moontlik. Gevalle soos geleerd en verstrooid sien ek dan ook as sonder verband met die stam: hulle het suiwer b.nwe. geword. Waar W+S '53 sê dat v.dwe. met byvoeglike funksie "gewoonlik" -d neem, sou dit alleen juis wees as bedoel word: gevalle sonder verband met die stam - dit is nie uit die voorbeelde sonder meer duidelik wat bedoel word nie. W+S '64 ontduik die hele kwessie van "byvoeglik" en "figuurlik" deur bloot te praat van "in bepaalde gebruikgevalle".

4.3.3 Tabelle volgens grondwoord, en uitganglose gevalle

In die lys hieronder is alle swak b.v.dwe. opgeneem wat in die ontlede materiaal ten minste een maal met slot-/t/voorgekom het en wat 'n grondwoord het wat sodanig is dat (ander) gevonde b.v.dwe. wat daarmee saamhang, wel 'n verband met hulle stam het. Reëlmatige sowel as onreëlmatige vorme (in vergelyking met die stamvorm) is opgeneem; van die reëlmatiges slegs postnominale vorme, van die onreëlmatiges ook prenominale vorme. (Prenominale reëlmatige vorme word in par. 4.2.13 behandel).

Die asterisk na 'n v.dw. dui aan dat dit 'n gemoedstoestand uitdruk. 'n V.dw. hou verband met sy stamvorm tensy anders aangedui. Daar word tevens aangedui as die stam onoorganklik ("-o") of refleksiëf ("r") is; in ander gevalle is dit oorganklik en nie-refleksiëf. Bronne word na elke v.dw. aangedui, meestal met die sintaktiese konteks tussen hakies agterna as dit nie konteks 1 is nie, en die aantal gevalle as daar meer as een is. Behalwe by die gesproke korpora, is die datum steeds vooraan elke verwysing geplaas om 'n diachroniese vergelyking moontlik te maak.

Uit Hauptfleisch word weer eens aanvullende voorbeelde

oorgeneen, uit sy nie-taalkundige bronne; "skynbare partisi-
pia" word heeltemal geignoreer.

4.3.3.1 Reëlmatige b.v.dwe., postnominiaal

AFSONDER afgesonderd ±r'56PJ3(k2)n452'78SO(k9)n453
 AMUSEER geamuseer* '75Br65'75Br94(k9)n454 geamuseerd* '68J25
 BEDAAR bedaar* -gn455'78SO n456 bedoord* -o'53E20(k9)'75Br95
 (k9)'56PJ6(k9)'25DB12:6(k9)n457
 BEDWELM bedwelm* '25EN4E.1458 bedwelmd* '49Be56 half-bedwelmd*
 '49Be95
 BEHANDEL onbehandeld '63Vi86(k3a)n459
 BEHEERS beheers* +r'64Lo86(k4d)'75Br64(k9) beheerd* +r'38
 H99'78SO(2) onbeheerd* +r'38H15(k9)'38H65(k9)'38H74(k9)
 BEKOMMER bekommer* ±r'n460'72B93n461'25DB6:6n462 bekommerd*
 ±r'76RAII11.1.76'38H8(2x)'53E28'53E41(k9)'53E76(k9)'72Le11
 '72Le33(k3a)'50HII3454'75HIII6953'44Ps43:2'44Gs23:2'78Lu''
 10:41'72Fe67'75BE3:2(k3b)n463'75RA6:5(k2)'78SDSPK(5x)HK(10x)
onbekommerd* ±r'7297(k2) bedoordbekommerd* ±r'53E89
 BEMIN bemind '76VL33
 BEMOEDIG bemoedig* '44Gs20:9(k9)
 BE-/VERMOEI gemoeid (stamvb. indirek) n464'76RAII11.1.76'76
 RAII18.1.76'76VL22'75HIII8532'75RA5:4HK(2x) vermoeid '76
 RAII11.1.76(k4bii)
 BENEWEL beneweld* '38H15(k2)'72Le34'72Le30(k9)
 BEPAAL bepaal '75HIII6965n465'75Lu''12:22(k4bii)n466'36/'62
 Lu22:22'65F72(k4bii)'65F96 bepaald '42B6n467HK onbepaald
 '73Da37n468
 BEREI gebrei (releksifisering) '30AG33n469 berei '44Ps9:11
 (k4bii)n470'75BE3adv(2x)n471 bereid '44Gs19:5(r)n472
bereid-stamvb. HK(15x)SPK voorberei (L)'46M5n473'64Lo28
 (k3a)n474+r(F)'25DB1:8adv(2x)n475 toeberei '44Ps8:3(k4c)
 '36/'62Lu24:1 voorbereid +r(F)'76RAII11.1.76advn476'76VL37
 n477'75Br26HK onvoorbereid +o,+r(F)'49Be73(k3a)n478'60We19
 (k9)
 BESEER besoerd '25DB7:1
 BESKAAM beskaamd* '36/'62Lu13:17(2)
 BESOEDEL besoedeld HK
 BESWAAR beswaard* '76RAII18.1.76

BETAAL betaal '65F54'65F73'65F198(Wet)'65F198(Wet)(k4bi)HK
 10619,960 11,1923 29 betaald HK onbetaal '65F204(Wet)
onbetaald '65F78(2x)'65F206(Wet)'65F207(Wet)
 BETITEL getiteld (stamvb. indirek) n479'76RAII11.1.76(k4bi)
 DEEL uitgedeel '75BE4:3 ingedeel '60We(k4bi)15'60We41'73Da15
verdeel '54Vo2(k4c) en 3 (2x)'25DB8:6n480'25DB6:6 bedeel
'66E1f9n481 verdeeld - stamvb.? '36/'62/'75Lu^a12:52,53(2x)
'36/'62/'75Lu^a11 :17,18(2x)'25DB8:7 bedeeld '66E1f31n482
'66E1f36'72Le13HKn483
 DISSCIPLINEER gedissiplineer SK gedissiplineerd HK,SK
 DRAAI gedraai '29La40 omgedraai '29La41(k4c)'63BJ39(k4d) toe-
gedraai '49Be46(k4d)'56PJ58'36/'62/'75Lu^a2:12 verdraaid -
 stamvb. '70Sm32n484
 EWENAAR ongewenaard SK
 FOETER befoeterd* '53E18'53E44(k9)'53E63'53E82
 FRUSTREER gefrustreerd* '76RAII25.1.76'76RAII25.1.76(k2)HKSPK
 HOOR ongehoord '42B17'42B63'59Mi101 verhoor '36/'62/'75Lu^a
 1:13 onverhoor '43EN50 verhoord '43EN24(r)(k4bi)n485
 IMPLISEER impliseerd '65F98
 INTERESSEER geïnteresseer ±r'50HII4264n486HK geïnteresseerd
 ±r'76RAII11.1.76'76RAII18.1.76'46M87(k2)'46M93'72Le86'75
 Br9'54Vo49'78SOHK(20x)SPKSK(7x)
 IRRITEER geïrriteer* '75Br1/34(k9) geïrriteerd* '38H58'76RAII
 18.1.76adv(k2)
 ISOLEER geïsoleerd '76RAII18.1.76'76RAII18.1.76(k2)geïsoleerd
 - stamvb. '63Vi17n487
 JAAG gejaag n488-o'49Be12(k9)'75Br70(k9)HK(3x) gejaagd -o'42
 861'75Br11(k9)'75Br51(k9)'75Br114(k9)HK(2x) opgejaag '50DJ
 57(k3a)
 MEER gekeer '76RAII18.1.76n489'46M44(k4d)'46M55'46M61'70WS35
'70WS40(k4c) vasgekeer '75Br77(k4c)'63BJ18'70WS11'72Fe82
teruggekeer -o'33Ma32(k6)'33Ma88(k4c) omgekeer '75Br10(k4c)
n490'25EN38n491(r)HK137Q13n134 omgekeerd - stamvb. '76RAII
11.1.76(k9)n492'46M74(k2)n493'54Vo50(i)n494'60We37(k9)n495HK
(2x) bekeer n496'75Lu^a11:3:8 bekeerd '36/'62Lu22:32 onbe-
keerd '76RAII11.1.76(k9)n497
 KLEE geklee ±r'50DT1:4'75BE1:3'78SO(k4c)'7860 geklee ±r'36/
'62Lu8:35(k4c)'75BE5:3'66E1f84(k3a)n498 goed-geklee'25DB

5:1adv(k2)n499 bekleed ±r'44Ga3:4(k4bii)n500'36/'62Lu12:27
 KLEM geklem '30AG42'63BJ30(k2) saamgeklem '78SO(k4d) beklemd*
 '44Ps31:7
 KOMBINEER gekombineerd HK82525(k9)n501HK113129
 KONSENTRER gekonsentreer -r/-o '38H70n502'63Vi77'60We52'66
 Elf60n503 gekonsentreerd -r/-stamvb. '66Elf52(k3b)n504'66
 Elf58n505HK(2x)
 KOORDINEERD gekoördineerd '75HIII8222(k9)'66Elf(k9)
 KWALIFISEER gekwalfiseerd -o'75HIII8530HK(2x) gekwalfiseer
 -oHK
 LEER geleer '44Ps17:2(k6)HK189617geleerd-stamvb HK(2x)HK(k2)n
 506SPK ongeleerd - stamvb. '64Lø73n507HK volleerd -o, -stam-
 vb. '36/'62/'75Lu^a6:40
 LOOF geloof '30AG46(r)n508 geloofd '76VL19n509'36/'62Lu1:68
 '44Ps41:6 uitgeloof '50DT10:5(k4bii)
 LOUTER gelouterd '44Ps12:6
 MAAK gemaak '46M34'46M62(k4bi)'49Be19(k4bii) gemaakt - stamvb.
 '42B96(k9)n510 vasgemaak '49Be37(k4d)'75Br101(k2) uitgemaak
 '68J103
 MATRIKULEER gematrikuleerd -o'76RAII11.1.76adv(2x)
 MEGANISEER gemaganiseerd '63Vi85
 MEUBILEER gemeubileer '49Be79'68J39'72Le85(k4bi)'76RAII11.1.
 76adv(telkens)'76VL38adv(2x)'25DB2:3adv gemeubileerd '76RA
 II11.1.76adv(2x)'76VL38adv(4x)
 MODERNISEER gemoderniseer HK gemoderniseerd HK
 MOTIVEER gemotiveer '65F84 en 99 gemotiveerd ±rHK self-gemoti-
veerd ±r'76RAII11.1.76adv
 NATURALISEER genaturaliseerd HK
 NOEM geneem '65F66,67,78,82,83,92,99(2x)(sommige k4bii) ge-
noemd '25DB2:5(k4a)advn511bnoem '65F209(Wet)(2x)
 OMSINGEL omsingel '36Lu'21:20'75Lu''2:20'44Ps18:3(k6) om-
ingeld '62Lu''21:20(k2)
 ONTWIKKEL ontwikkel ±o'66Elf512'66Elf36'25HI1864n513'63Vi79
ontwikkeld ±o'59Mi56'59Mi102n514'59Mi108 onderontwikkeld
 -stamvb. '78Son515 onontwikkeld HK
 OORDEEL veroordeeld '72Fe96(k2)
 OORTUIG oortuig '42B86'46M7(k4c)'64La76'25HI1863'25HI1864
 '36/'62/'75Lu^a20:6'25DB6:3'75RAB:8 oortuigd '38H65(k9)
 ORGANISEER georganiseer ±r'76RAII18.1.76 georganiseerd ±rHK
 ("ge organiseerd") orgeorganiseerd ±r'75BE3:1(k2)

ORIËNTEER Bakongo-georiënteerd -o'76RAII11.1.76 nasionaal-georiënteerd -o'76RAII11.1.76
 PAAR gepaar '63BJ20 gepaard - stamvb. '50HII3414(k2)'75HIII
 8441(k2) en 8538(k2)SK(k2)'65F78(k4bii)
 PATENTEER gepatenteerd HK ("ge-patenteerd")
 PROSPEKTEER geprospekteer '63Vi11 ongeprospeteerd '75RA3:5(k2)
 RAAM geraam '75AK47(k4bii)'63BJ39(k4bii) vooruitberaamd '65F85
 REKEN gereken '26La95'42B24(k6)'50HII3365(k6) ingereken '60
 We46 omgereken '50DT5:3(k7) bereken '65F59(k4bii)'65F75
 '65F207(Wet)(k4bii) berekend - stamvb. '76RAII11.1.76(k9)
 n516'75Br64(k9)
 ROER geroer* '42B20(k3a)'68J22(k3a)'25EN50(r)(k4c) ongerger*
 '25EN37(k4c) ontroer* '64Lo37(k3a)'75Br36(k9) '25
 DB7:2 ontroerd* '75AK18(k9) diep-ontroerd* '33Ma36
 - stamvb. HK
 RYM ongerymd -o'25HI1653
 SEËN geseën '25DB10:5(2x)n517 geseënd '33Ma47'36/'62/'75Lu^a1:
 28 en 42 (2x), asook Lu'13:35,19:38HK("ge-seend")
 SKAAM beskaamd* '44Ps31:1(k3b)n518 onbeskaamd '72Le37(k9)n519
 SKERM beskerm '65F74'75Br117 onbeskermd '75AK11 welbeskermd
 '33Ma36
 SKOOL geskoold ±r'60We26 ongeskoold '76RAII18.1.76 ongeskoold
 '60We23,26 en 28 halfgeskoold '60We23 en 28
 SKROOD beskroemd* -o (stamvb. indirek) '68J72(k2) onbeskroemd*
 -o'75Br65(k9)
 SLAAG geslaag -o'76RAII25.1.76'75BE2:1(k9)n520 geslaagd -o'50
 DT5:4'78B0
 SMEE gesmeed '25DB8:6n521
 SMEER besmeer '41NP6(k4d)(r) en 28 (k4bii)(r)'75AK25(k4c) be-
 smeerd '75AK42(k3a)n522
 SPESIALISEER gespesialiseerd -oHK
 SPREI gesprei '46M8'44Ps31:3uitgesprei '44Ps33:3(k3a)(r)n523
versprei - stamvb. '64Lo25(k4d)'75Br86(k4c)n524'25EN26(k4c)
 '63Vi7,18 en 19 HK(3x) verspreid - stamvb. '76RAII11.1.76
 '72Le25(k2)'56PJ53(k9)n525HK wydverspreid - stamvb. '63Vi
 16 en 32 (k9)
 STEL gestel '41NP9n526'75Lu'17:8n527'65F81n528(k4bii) en 82
 HK(3x)SPK3072 33 gesteld - stamvb. HKn529SPK teleurgestel*

'76RAII18.1.76 teleurgesteld* '76RAII11.1.7618.1.76(k2)25.
 1.76(k2)'76VL33'66E1F42(k2)'25HI1260 en 1285'50HII4264(k2)
 en 4265 '36/'62Lu18:23'78SO(3x)HK(4x)SK blootgestel ±r'70
 WS29'73Da8'63Vi80'65F73(k3a)'25DB8:8(k4c)'75BE13:9 saamge-
stel '63Vi4 en 15 '75BE5:6'75RA9:3(k4bii) vasgestel '25HI
 1655'65F199(Wet)(k4bii) ingestel +r'75HIII8221 aangestel
 '65F209(Wet) vrygestel '65F66 en 198 (Wet) opgestel '25DB5:5
voorgestel '54Vo6 en 7 ongesteld - stamvb. '25DB10:3'75
 RA5:4HK herstel -o'25DB12:5 ontstel* +r'41NP12(r)n530 ont-
steld* +r'30AG35(k9)'75AK10(k4c)'36/'62Lu1:12 en 29, en 24:
 38 '78SO'76RAII11.1.76'50DT7:6'75RA5:1advHK(5x)SK verstel
 +r'56PJ28(k4c) welgesteld - stamvb. HK(3x)

STEM bestem '75Lu''2:10 en 34 '25HI1649'25DB10:3'50DT1:7
bestemd '36/'62Lu2:34n531'25HI1316 ontstem* '63BJ42n532

STOOR/STEUR ongestoord* n533'44Ps4:4(k9) onverstoort '41NP
 13(r) onverstoord* '41NP31(k9) versteurd* - stamvb. HK(k2)

STROOI gestrooi '25DB10:8 bestrooi '64Lo63 verstrooi '42Be
 15(k3a)n534 verstrooid* - stamvb. '26La88(k9)'38H43(k9)'38
 H46(k2)'38H49(k9)'38H54(k2)'42B62 en 63 '56PJ49(k2)HK

TEL getel '36/'62/'75Lu^B12:7 ongeteld '44Ge11:1(r)

TOWER betower* '49Be24 betowerd* '64Lo27(k9)

TWYFEL ongetwyfeld n535 (oorwegend k9) '76RAII18.1.76'63Vi3,6
 76 en 77 '60We37 en 39 '65F86'50DT5:5'75BE13:3'75RA9: 2 en
 5:1 (adv)'36/'62Lu4:23SK vertwyfeld* -o'70WS44(k9)

UITSONDER uitgesonder '76BEII31.5.76(k8b)n536 uitgesonderd'76
 BEII31.5.76(k8a)n537'76RAII11.1.76adv(k8a)'76RAII18.1.76(k8a)

VARIEER gevarieerd -rHK

VERANDER onveranderd ±o'76RAII11.1.76'76RAII11.1.76(k2)'64
 Lo2'54Vo(k2)1B(3x)28,34,38,39,41,43 en 50 (2x)'25DB10:7
 (2x)'50DT6:3(2x)'65F80(k2)

VERBAAS verbaas* ±r'42B17(k9)'53E15 en 85 '64Lo91'75Br23
 (k4c)'25HI1315'36/'62/'75Lu2:47'75Lu''4:36,5:9,8:25 en
 9:43'36/'62Lu8:56'75RA1:3 verbaasd* ±r'38H43(k9) stomver-
baas* ±r'72Le93(k4c)'44Ps18:6'75Lu''5:9 dondverbaas* ±r'70
 WS17

VERBITTER verbitter* '75RA9:1n538 verbitterd* '73Da45SK

VERBLY verblvd* +r'44Ps2:6

VERBRYSEL verbrysel(*) '49Be70'64Lo7(k6) verbryseid* '36/'62
 Lu4:18

VERBYSTER verbyster* '25EN51(k9)n539 verbysterd* '46M33(k9),
 39,94 en 100 (k4c)n540'30AG42(k4c)'36/'62/'75Lu''1:28
 VERFLENTER verflenter '41NP28 verflenterd '56PJ13(k3a)
 VERHELDER verhelder '44Ps17:2(k4c)n541
 VERHEUG verheug* ±r'44Ge20:1'36/'62Lu1:47'75HE14:8 verheugd*
 ±r'44Ps47:1
 VERLAM verlam '62Lu''5:18 verlamd '36Lu'5:18
 VERMOEI vermoeid ±r '64Lo4(k9)'76RAII11.1.76(k4bii) onver-
moeid ±r'33Ma35(k9)
 VEROUDER verouder -r'68J11 verouderd±'76RAII11.1.76'75HIII
 6955'44Ps6:6HK(k2)
 VERSEKER verseker '25DB10:6n542'65F64n543 versekerd '44Ge
 34:4n544'75RA4:8advn545 selfverseker* - stamvb. '68J17(k9)
 n546 selfversekerd* - stamvb. '64Lo96(k9)'76VL8
 VERSIER versier ±r'72Fe80(k4bii)n547'36/'75Lu21:5 versierd
 ±r'62Lu''21:5n548'36/'62Lu11:25(k3b)
 VERSTEEN versteen(*) -c'49Be94(k3a) en 95 n549,'70WS10(k6)
 n550 en 43 (k7)n551 versteend* -o'49Be47(k2)n552 en 94
 (k2)n553
 VERVEEL verveel* ±r'68J69 verveeld* ±r'64Lo12(k2)45(k9) en
 85 HK492 11(k2)HK1929 13(k2)n554HK1040 25 en 1845 9
 VERVREEM vervreemd '33Ma63(k4c)'38H39(k2)n555'59M149(k2)'44
 Ge32:3
 VERWAR verwar* '50DJ44(k9)n556 verward* '50DJ33(k9)n557'33
 Ma16(k9) en 95 (k9)'38H64(k9) en 96 (k3a)'42B83(k9)'49Be
 48(k2) en 101 (k2)'75Br57(k9)'41NP24(k9) en 25 (k4c)n558
 '25DB8:6n559'7860'7850(k9) verward-lomp '49Be41(k9)
 VERWILDER verwilder* '46M75(k2)'42B66(k9)'41NP(k9)
 VERWYDER verwyder ±r'49Be92(k2)n560 en 93 '72Fe54n561'25DB7:2
 n562 verwyderd ±r'70SM61n563
 VERWYL onverwyld -o'65F90(k9),96(k9),205(Wet)(k9) en 210
 (Wet)(k9)
 VORDER gevorderd -o - stamvb. '76RAII11.1.76(k2)HK gevorder
 -oHK(3x)
 VORM vervorm ±o'76RAII11.1.76adv(k2) misvormd - stamvb.'72Fe94
 VUL gevul '25DB7:8n564'5DDT10:3n565 vervul '36/'62Lu1:1,1:23,
 2:21,21:24 en 22:16 '72Fe79'65F71(3x)72 en 85 vervuld '75
 AK17(k9) en 25(k3a)'25DB2:1n566

WAAG gewaag -o'75RA14:8n567'76RAII25.1.76(k2) gewaagd -o
 '46M14
 WAPEN gewapen ±r'n568'66E1f10n569'44Ps7:6(k4bii)n570'75BE8:4
 (k4c)n571 gewapend ±'29La24(k6)'33Ma36(k2)'36/'62Lu11:21
onbewapend '75AK28 ontwapen '25DB6:7
 WONDER verwonder* ±r'25HI1343n572 verwonderd* ±'41NP10(k4c)
 '25HI1315n573 en 1844(k2)'36/'62Lu1:21,1:63,8:25 en 9:43
 '36/'62/'75Lu^a2:18,4:22,7:9 en 20:26(k4c)'75Lu''12:33 en
 11:38'78S0(k2)
 WY gewy ±r'44Gs19:4(k4c)n574 gewyd - stamvb. '38H13n575'68
 J13 toegewy - stamvb. '44Ps13:5 ingewy ±r'33Ma36(k4bii)

4.3.3.2 Uitganglose gevalle

Vir die grondwoorde wat verteenwoordig word deur die volgende
 b.v.dwe. waarvan die stam op 'n stemhebbende of frikatiewe
 klank uitgaan, is in die ontlede materiaal ten minste drie
 vorme gevind en nooit 'n vorm met slot- /t/nie:

bedroef; bevry; gebou; bedoel; gedrapeer; ongeërg, vererg; in-/
 opgegooi; toe/uit-/vasgegroeï, vol-/begroeï; (uit-/on-)
 gekam; (aan-/agteroor-) geleun; (op-) gelig, verlig; omring;
 toe-/uitgerus; (on-) beskaaf; (weg-/glad-) geskeer; (af-/uit-)
 geskeur, verakeur; (op-) gespaar; uit-/skoongespoel, verspoel;
 (op-) gestapel, opgestawel; (af-/op-) geteken, onderteken;
 verloof; verplig; verras; verstom; gevestig; uit-/aangevoer,
 vervoer; (on-) gevorm, vervorm; (in-/op-) gevou; (aan-/wel-)
 gevul, vervul; (skoon-) gewaai; (skoon-/on-) gewas.

4.3.3.3 Onreëlmatige b.v.dwe., post- en prenominaal

BRING aangebring '46M8 deurgebring '46M23 uitgebring '25HI1197
 en 1205 volbring '36/'62Lu12:50 volbragte '37Gs2:4(k5a)
 n576HF150 uitgebragte HF150
 DINK voorbedagte - stamvb. '76RAII18.1.76(k5a)'25HI1286(2x)
 (k5a)n577SKHF150 verdagte '72Le104(k5a)n578HF151 deurdagte
 '76RAII11.1.76(k5b1)'75HIII6958(k5a)n579 goeddeurdagte HF
 150 weldeurdagte - stamvb. '72Le25(k5a)HF150 onbedagte HF150
 DRA afgedraagde HF173 ingedraagde '40St119 oergedrae '30St119
afgedrae '40St119

DROOG uitgedroog '25EN10 verdroë -a'56PJ27n580'70Sm28n581
 KOOPE bygekoopte '26La37(k5a) aangekoopte Hf161 duurgekoopte
 Hf161 leegverkoopte '30St120 gekoopte RAII(k5bi)n582 vrugge-
koote '44Gs45:1n583
 LÊ (Ndl. leggen) ingelê '56PJ27(k4bii) blootgelê '63Vi11
afgelê '54Vo28(k4bii) en 34 (k4bii) pasgeleegde '50DT7:2
(k5a)n584 ingeleegde '50DT5:2(k5a)n585Hf180 literêr-aange-
legde - stamvb. Hf180 nuutaangeleegde Hf180 afgeleegde Hf180
beleegde Hf180 drooggeleegde Hf180 opgeleegde Hf180 selfopge-
legde Hf180 uitgeleegde Hf180
 SÊ gesê '36/'62Lu2:24 ongesê '33Ma15 gesegde - stamvb. Hf180
 SIT/BET (Ndl. zetten) weggesit '36/'62/'75Lu^a12:19 afgesit
'36/'62Lu16:4HK524 19n586 uiteengesit '54Vo42(k4bi)'65F67
(k4bii) en 76 (k4bi)'50DT4:1(k4bii)HK1115 3HK1998 31N587
aanmeekaargesit HK aangesit (Angl.) SK omgeset '63Vi86 en
89 voortgesette '76n588Hf154 afgesette Hf154 uiteengesette
Hf154 gesette - stamvb. Hf267 nougesette - stamvb. Hf267
breed-opgesette - stamvb. Hf267 vooropgesette - stamvb. Hf
267 klein-besette Hf267
 SOEK uitgesoekte '76VL13adv'46M95(k5a)'63Vi90'25D82:2advHf160
en 161st122(8x) gesog - stamvb. '75Br33(k4bii)'60We21 en 31
gesoogte(gesogde) - stamvb. '76RAII11.1.76(k5a)'76RAII11.1.76
adv(k5a)'76RAII18.1.76(k5a)'76VL(k5a)136Kn589Hf160St122
(9x) gesogter - stamvb. '75RA10:1(k5bi)adv vergesog - stamvb.
'42874'59Mi99 uitgesoogte Hf161 veelgesoogte - stamvb. Hf161
vergesoogte - stamvb. Hf161'60St122 drukbesoogte Hf160 onder-
soogte '30St122
 VERLANG verlange '50DT1:3(k5a)n590
 VERSMAAD/VERSMAAI veremade '65(k5bi)n591
 VRA ongevraag '72Le26(k9) gevraagde Hf173 en 174 aangevraag-
de '65F78(k5a)79(k5a) en 90 (k5a) ongevraagde RAII(k5a)n
592Hf173 en 174'71st123 ongevrae '60St124

4.3.4 Onreëlmatige swak b.v.dwe.

Die onreëlmatige swak b.v.dwe. kom hieronder in verskillende
 paragrawe ter sprake. Hulle kan gerieflikheidshalwe in drie
 groepe verdeel word:

- (a) gevalle wat reeds in Ndl. onreëlmatig was (bring, dink, ens.);
- (b) gevalle wat in Afr. onreëlmatig geword het deurdat die stam verander het en met hom saam die postnominale v.d.w., terwyl (in die geskrewe taal altans) die prenomminale vorm hom nog nie aangepas het nie: lê, sê, sit, vra, dra, vee - in die gevalle met slot-/x/-verlies is die situasie moontlik dat die Ndl. refleks (bv. -legde) in sommige gevalle te "deftig" of argaies is vir die spreektaal, en sy regularisering (bv. -lêde) nog nie in die skryftaal aanvaarbaar is nie, sodat albei vorme uit die geskrewe taal geweier word;
- (c) geïsoleerde gevalle, bv. gebrei, wat v.d.w. is van die Ndl. ww. brei; versmade, waarteenoor postnominale versmaad ongebruiklik is; verdraë, waarteenoor (ver-) droë as ww. miskien enigszins minder gebruiklik as (ver-) droog begin raak het; afgedrae, ongevrae by Stoops.

4.3.5 Verband met die stam

'n B.v.d.w. behou verband met sy stam as 'n sin gekonstrueer kan word waarin die vermeende stamvorm as ww. gebruik kan word in dieselfde betekenis wat die b.v.d.w. het, al is daar nie 'n duidelike transformasionele verhouding tussen die b.v.d.w. en ww. en hulle kontekste aan te wys nie. Die ww. kan oorganklik of onoorganklik wees, en by die oorganklikes vind ons in die geval van die reëlmatige swak ww. dikwels ook dat dit refleksiëf is, vgl. beheers(d) (Hy kon homself nie beheers nie), bekommerd (Hy bekommer hom daarvoor, maar vgl. n458) en verder gevalle soos gemoed, voorberei(d), geïnteresseer(d), gekeer, geklee(d), ontwikkel(d), georganiseer, geskoold, blootgestel, ontstel(d), verbaas. Dit is nie altyd van 'n v.d.w. af te lei of die stamvorm refleksiëf is nie, vgl. vir verheugd: Ek/Dit verheug my.

Gevalle met on- (onverstoord, ongeteld, ens.) kan miskien beskou word as gevalle met stamverband - indien die v.d.w. sonder on- stamverband het - omdat die on- in 'n parafrase

reëlmatig met nie weergegee kan word⁵⁹³. Dan is daar 'n aantal gevalle waar stamverband tog waarskynlik lyk, ten spyte van 'n morfologiese verskil; dit word dan ook vir die doel hiervan aangeneem (of die stamverband word as indirek beskou):

<u>b.v.dwe.</u>	<u>waarskynlike stam</u>
gemoed:	bemoei
getiteld:	betitel
(on-)beskroomd:	skroom
ongestoord/ onverstoord(d):	<u>steur</u> eerder as <u>stoor</u>
ongetwyfeld:	betwyfel
gewapen(H)/ ontwapen:	<u>bewapen</u> eerder as <u>wapen</u>

Dit is nou opvallend dat nagenoeg alle gevalle van b.v.dwe. met stemhebbende stameinde wat ondersoek is en wat waarskynlik geen stamverband (meer) het nie (LW: Daar is slegs gekyk na gevalle met 'n grondvorm wat ander b.v.dwe. lewer wat wel stamverband het), 'n slot-/t/ toegevoeg kry, vgl. bepaald (n467), verdraaid (n484), geïsoleerd (n487: "n Aantal voorkomste wat geïsoleerd is": geen sprake daarvan dat iem./iets hulle geïsoleer het nie), gekonsentreerd (n504 en veral n505, waar dié b.v.dwe. ook as ryk beskryf word en daar geen sprake is dat dit ooit deur iem./iets gekonsentreer is nie), (on-)geleerd (n506 en 507: slegs van iem. wat bale geleer het, veral akademies), onderontwikkeld (n515: *Dit onderontwikkel/ontwikkel onder), beroerd, welgesteld, versteurd. Die enigste uitsonderings hierop - origens almal met /t/- variante - is versprei, gestel (as voegw.) en selfverseker.

Ook by die onreëlmatige b.v.dwe. geld dit dat waar daar geen stamverband aangetoon kan word nie, ons die "ouer" vorm vind: literêr-aangelegde, gesegde (Hf180: die gesegde kind: *Die kind wat gesê is), (nou-)gesette, breed-/vooropgesette, gesog(te(r)), vergesog(te), veelgesogte.

Ter samevatting kan gesê word dat sodra geen stamverband aantoonbaar is nie (en releksifikasie tot b.nw. waarskynlik

ingetree het), daar 'n sterk neiging is om die "ouer" vorm te gebruik. Die slot-/t/ van 'n hele paar van die gevalle wat elders as figuurlik (t.o. letterlik/oordragtelik) beskryf is, kan ook verklaar word deur releksifikasie.

4.3.6 Semantiese faktore

Die duidelike korrelasie tussen "ouer" vorm en figuurlike interpretasie wat daar by die sterk v.dwe. is, vind ons nie by die swak v.dwe. terug nie⁵⁹⁴. In enkele gevalle lyk dit egter wel asof die /t/-hebbende vorm meer figuurlik kan wees as die /t/-lose: Voorberei word deur twee skrywers toegepas op geregte, d.w.s. oordragtelik gebruik, en verskyn in 'n advertensie in die figuurlike betekenis van "gereed" wees. Vir lg. betekenis is elders net voorbereid gevind. Omgekeer is twee maal in letterlike toepassing aangetref (een maal rymend); omgekeerd het meestal die meer abstrakte betekenis van "andersom", het dikwels 'n bywoordelike funksie en is maantlik sonder stamverband. Terwyl verstrooi, gestrooi en bestrooi letterlik of oordragtelik is, dui verstrooid - waarskynlik ook sonder stamverband - steeds op 'n (meer abstrakte) gemoedstoestand. Verbrysel is in een geval (Be70) letterlik en dui nie op 'n gemoedstoestand nie, en in 'n ander geval (Lo7) en in dié van verbryself (een geval) figuurlik, en dui wel op 'n gemoedstoestand. Verdeel funksioneer as wiskundige term (vgl. Vo2) of dui op 'n fisiese verdeling (Vo3) of verspreiding (DB'25), maar dui ook op menslike verhoudings (DB'25). In lg. bron vind ons egter ook verdeeld in dié betekenis, en so ook in die Bybelvertalings. Dit lyk ongeveer in ooreenstemming met die huidige gebruik; weer eens is dit egter 'n vraag of die vorm met /t/ nog 'n verband met die stam het. Die voorbeelde van ontwikkel wat opgeteken is, het almal op die konkrete wêreld betrekking, terwyl ontwikkeeld steeds op die menslike gees slaan. Bereken slaan op wiskundige bewerking; berekend - egter waarskynlik ook sonder stamverband - op 'n geestesingesteldheid.

By gekonsentreer, daarenteen, vind ons die /t/-lose vorm in figuurlike en die /t/-hebbende vorm in meer konkrete toepassing (ook by een en dieselfde skrywer); omdat juis

die vorm met /t/ moontlik nie meer 'n sterk verband met sy stam het nie, is dit moontlik dat stamverband as sodanig hier 'n belangriker vormfaktor as let./fig. is.

4.3.7 Die aanduiding van gemoedstoestand

In die geïlyste materiaal is reëlmatige b.v.dwe. wat duidelik 'n gemoedstoestand (d.w.s. 'n vorm van emosionaliteit) aandui, met 'n asterisk gemerk. Gevalle soos voorbereid, bekeer(d), geleerd, ontwikkeld, oortuig, geskoold, vervreemd, gedissiplineerd is nie as sodanig beskou nie omdat hulle op 'n geestegesteldheid dui wat nie emosioneel van aard is nie. Die vermoede was dat die aanduiding van 'n emosionele gemoedstoestand slot-/t/-behoud bevorder.

Slegs tekens met stamverband is getel. Uit die materiaal - wat, soos gesê, nie 'n volkome sistematiese versameling is nie - blyk nou dat ongeveer 43% van die tokens met slot-/t/'n gemoedstoestand uitdruk, teenoor slegs ongeveer 17% van die tokens sonder slot-/t/, of, anders gestel, dat ongeveer 76% van v.dwe. wat 'n gemoedstoestand aandui, op /t/ uitgaan, teenoor ongeveer 57% van alle reëlmatige tokens met stamverband. Aangesien daar ongeveer 654 sulke tokens is, is dit dus moontlik dat "aanduiding van 'n gemoedstoestand" 'n faktor is wat slot-/t/-behoud bevorder, by v.dwe. wat nog 'n slot-/t/ kan neem in Afr., blykens die versamelde materiaal. Dit is egter opvallend dat die stam van 'n groot aantal van hierdie gevalle met slot-/t/-behoud op liquidae (veral /r/) of nasale eindig, en aangesien dié fonologiese kontekste beslis /t/-behoud bevorder (vgl. par. 4.3.10), moet rekening gehou word met die moontlikheid dat die onderhawige semantiese faktor by die swak b.v.dw. slegs skynbaar 'n faktor is.

Gevalle wat oorwegend of uitsluitlik met die uitgang voorkom, is bv. bedoord, bekommerd, befoeterd, gefrustreerd, telaargesteld, ontsteld, verhysterd, verveeld, verward, verwilderd en verwonderd; gevalle wat oorwegend of uitsluitlik sonder die uitgang voorkom, is bv. ge-/ontroer, verbaas, verheug.

4.3.8 Sintaktiese konteks

Die vorm van die reëlmatige swak b.v.dw. word duidelik deur sintaktiese konteks beïnvloed. Uit 'n token-telling van die onderhawige gelyste materiaal (net gevalle met stamverband is in ag geneem, en daar moet op gelet word dat die materiaal ook onsistematies versamelde gegewens bevat) blyk met inagneming van die feit dat die lys meer gevalle met as sonder slot-/t/ bevat dat gevalle met slot-/t/ getalmatig in konteks 2 (d.w.s. met koppelwv. wat nie vorme van wees is nie), maar veral baie duidelik in konteks 9 (bywoorde) oorheers - drie gevalle wat b.nw. kwalifiseer, t.w. omgekeerd (2x) en onbeskaamd het altyd die /t/ behou - terwyl gevalle sonder slot-/t/ duidelik oorheers in kategorie 4 oor die algemeen, asook in kategorieë 6 en 7; lg. twee kontekste het altesame slegs agt tokens, maar almal sonder slot-/t/. In konteks 8a (voorsetsels) is slegs uitgesonderd (3x) opgeteken, en in konteks 8b (agtersetsels) slegs uitgesonderd (1x). Verla opvallend is dus die voorkeur vir uitganglose vorme in konteks 4 en vir vorme met die /t/ in bywoordelike funksie.

Die verspreiding van die onreëlmatige swak b.v.dwe. wat opgeteken is, kan soos volg in type-vorm saamgevat word (Aangesien die optekening duidelik onvolledig is, het ek vorme wat m.i. in vandag se Afr. ook moontlik is, tussen hakies bygevoeg):

<u>prenominaal</u> (= kont. 5)	<u>postnominaal</u> (= res)
-bragte	-bring
-dagte(-dinkte)	(-dag/-dink)
-kogte/-koopte	(-koop)
-legde	-lê
-segde (-stamvb.)	-sê
-sette	-sit/-set
-sogte/-soekte	-sog (-stamvb.) (-soek)
-vraagde	-vraag(-vra)

Met of sonder inagneming van die bygevoegde materiaal kan ons hier, soos by die sterk b.v.dwe., praat van 'n implika-

sionele verhouding, waarvolgens die preminale vorm òf net so konserwatief, òf konserwatiewer as die ooreenstemmende postnominale vorm is (slegs by SOEK is die opgetekende vorme miskien 'n uitsondering). Daar moet ook in ag geneem word dat in die gesproke taal vorme soos [lɛ:də, -sɛ:də, -fra:də, -fe:də] moontlik voorkom of selfs algemeen is, sonder dat hulle ooit op skrif verskyn.

4.3.9 Morfologiese faktore

'n Morfologiese faktor wat duidelik 'n invloed op slot-/t/-behoud het, is die voorvoegsel on-. Hoërop is vasgestel dat ongeveer 57% van die tokens met stamverband (van grondwoorde met /t/ -wisseling) die /t/-uitgang behou. 70 van hierdie tokens het on- as voorvoegsel; 65 of 93% van hulle behou die /t/-uitgang - 'n duidelike aanwysing dat on- /t/-behoud bevorder. (Op grond hiervan sou miskien geredeneer kan word - anders as hoërop - dat u.v.dwe. met on- sonder stamverband is).

In vergelyking met on-, is be- (sonder voorefgaande voorvoegsels) geen duidelike faktor t.a.v. /t/-behoud nie: slegs 66 uit 99 tokens, of 67%, behou die slot-/t/.

Dit lyk oor die algemeen nie asof morfologiese faktore hier so 'n groot rol speel soos by die sterk v.dw. nie.

4.3.10 Fonologiese konteks

Die rol wat die stameindklank gespeel het in die verlies van slot-/t/ by die Kaaps-Nederlandse ww., is reeds hoërop toegelig. Dit is duidelik dat fonologiese faktore ook by die reëlmatige swak b.v.dw. 'n rol speel. Ofskoon die materiaal wat in hierdie hoofstuk gebruik word, morfologies eerder as fonologies geselekteer en georden is, is dit tog moontlik om daaruit 'n indruk te kry van die rol van die stameindklank.

Die onderstaande tabelletjie toon vir elke stameindklank aan hoeveel grondwoorde daar is wat ten minste een /t/-hebbende b.v.dw. het (A: uit die gelyste materiaal) en, as 'n soort kontrole daarop, hoeveel grondwoorde daar is wat geen /t/-hebbende b.v.dw. het nie (B: volgens die lysie voor-

beelde agteraan). Types word dus hier getel en grondwoorde as tipes beskou.

		A	B
diftong		8	6
vokaal		2	
liquida	{ r	51	5
	{ l	18	4
	{ m	13	3
nasaal	{ n	5	2
	{ ŋ		1
	{ s	2	3
steml. frik.	{ x	6	4
	{ f	1	3
steml. ekspl. k		1	

Na 'n stemlose eksplosief is /t/ slegs by een gereleksifiseerde token, gemaakt, gevind; dit kom dus in Afrikaans sedert 1925 waarskynlik nie meer voor nie.

Uit die tabel blyk duidelik dat ons globaal tussen twee groepe kan onderskei: enersyds die groep vokaal/ stemlose frikatief (en eksplosief) en andersyds die groep liquida/ nasaal (met diftong in 'n tussenposisie), en moet aflei ðf dat e.g. die verlies van slot-/t/ bevorder, ðf lg. die behoud van slot-/t/. Waar ons by die ww.v.dw. rekening gehou het met faktore wat slot-/t/-verlies veroorsaak, moet ons hier - waar 'n minderheid van v.dwe. die eindklank nog het - miskien die moontlikheid van 'n reëlomkering nie uitsluit nie, en juis dink in terme van faktore wat slot-/t/-behoud bevorder. Dat lg. fonologiese groep (liquida/nasaal) eerder as e.g. 'n fonologiese familie vorm, verhoog die waarskynlikheid dat liquida/nasaal - en dan veral liquida en hier veral /r/- slot-/t/-behoud bevorder.

4.3.11 Diachroniese aspekte

Die versamelde materiaal leen hom nie tot 'n sistematiese diachroniese beskrywing nie. Enkele verskynsels kan egter aangedui word, veral met verwysing na die materiaal uit 1925.

Waar slot-/t/ vandag ongewoon sou wees, vind ons dit nog in 1925 in beseerd (DB), genoemd (DB adv, vgl. n511) en gesmeed (DB, vgl. n521), en in 1938 in oortuigd (H) en verbaasd (H).

Meer opvallend is egter die volgende /t/-lose vorme uit 1925, waar /t/ vandag nog heel gebruiklik is: bekommer (DB, vgl. n462), voorberei (DB, adv (2x), vgl. n475), verdeel (DB, vgl. n480), ontwikkel (H, vgl. n513), ontroer (DB), geseën (DB (2x), vgl. n517), versprei (EN26: "versprei in die brande"), bestem (H, x bestemd), verbvyster (EN, vgl. n539), verwonder (H, vgl. n572).

Tekens van 'n ontwikkeling oor tyd vind ons in bekeerd (Lu'36 en '62) t.o. bekeer (Lu'75), verlamd (Lu'36) t.o. verlam (Lu'62). (Maar dat daar nis altyd van "ontwikkeling" sprake was nie, blyk uit Lu21:5, wat in 1936 versier, in 1962 versierd en in 1975 weer versier het).

Die geleidelike verlies van slot-/t/ kan ook in die verskillende uitgawes van die W+S gevolg word, vgl. die volgende ad hoc-uittreksel:

W+S '31/'37

bedroef(d) min
bekeerd
beproof(d)
beskaaf(d)
gematig(d)
geoorloof(d)
gewaag(d)
verbaas(d)
verheug(d)
verkleef(d)
vermoeid

W+S '53/'64

bedroef min
bekeer(d)
beproof
beskaaf
gematig
geoorloof
gewaag
verbaas
verheug
verkleef
vermoei(d)

Dit is opvallend dat hierdie ontwikkeling veral merkbaar is waar die stam stemloos eindig. Van verbaasd het ek net een voorbeeld opgeteken, uit 1938, teenoor heelwat van verbaas uit verskillende tye, en van bedroef en (on-)beskaaf slegs vorme sonder -d.

Die volgende verskille in die Woordelyste is interessant:

<u>'31/'37</u>	<u>'33</u>	<u>'64</u>
bedwelm(d)	bedwelm	bedwelm(d)
bemin	-	bemin(d)
geseën	geseën(d)	geseën(d)
verdor	-	verdor(d)


Van bedwelm het ek slegs een voorbeeld uit 1925; van bemind een voorbeeld uit 1976; van geseën twee voorbeelde uit 1925, t.o. geseënd in die verskillende Bybelvertalings (en HK) (sodat die Bybelvertalings moontlik in die laaste geval 'n behoudende invloed kon gehad het).

Die onreëlmatige v.dwe. is soms in suiwer werkwoordelike funksie nog ongereg., vgl. gedag (HK 7x, SPK 2x) en gedog (SK). Stoops vind in haar materiaal dat die verhouding gedag: gedink in 1930 nog 13,1% : 86,1% is⁵⁹⁵. Gedag/gedog is volgens haar in die moderne taalgebruik veral spreektaal-vorme⁵⁹⁶. In vergelyking met die gebruik in 1920 het die frekwensie van gedaan (met inbegrip van ander vorms op -daan) dramaties gedaal na 1930 toe (42,2% na 2,6%); sedert 1930 het sy "slegs resyevalle" aangetref, en meer onlangs is die gevalle twyfelagtig of deel van vaste uitdrukkings⁵⁹⁷. Wat die attributiewe gebruik - en hier kan ons van b.nwe. praat - in die ongereg. vorm, soos verdante, -deurdante, voorbedante (net in vaste uitdrukkings), betref, het Stoops veral vir die laaste jare baie min voorbeelde gevind; vir dra vind sy slegs ingedraande (1940) en die sterk vorme oorgedrae (1930) en afgedrae (1940)⁵⁹⁸. Naas ondersoogte in 1930 en vergesoogte in 1960, tref sy gesoogte (figuurlik: "gewild") 9 maal aan, en vir vra: ongevraagde (1971) en ongevrae (1960), lg. 'n "nie-historiese sterk vorm"⁵⁹⁹.

My laaste voorbeeld van -braogte is uit 1937; -daogte is, anders as by Stoops, tot onlangs nog redelik frekuent; gekogte is ± 1976 aangeteken (vgl. n582); -geleogde uit die vyftigerjare laas; voortgesette nog in 1976; gesog(-te) nog dikwels in die sewentigerjare; ongevraag in 1972 en -gevraagde tot ongeveer 1976.

4.3.12 Skoolgebruik - 'n kort ondersoek

In par. 4.1.4.2 is die resultate van o.m. 'n 1978-skoolondersoek weergegee. Die vraelys (vgl. bylae A) het ook drie vrae bevat waarvolgens die b.v.dw. voorberei(d) van die ww. voorberei afgelei moes word (vraag 3), digbegroei(d) van dig op mekaar groei (vraag 6) en geïrriteer(d) van die ww. irriteer (vraag 10). In heelwat gevalle - die meerderheid by vraag 6 - is heeltemal 'n ander antwoord gegee; as vir heelwat variasie in die spelling toegelaat word, is die resultaat die volgende (waar die ongebroke lyn gevalle met en die gebroke lyn gevalle sonder uitgang voorstel):

Reëlmatige swak b.v.dwe. by hoërskoolleerlinge

Wat vraag 6 betref, het leerlinge moeite gehad om tot die gewenste vorm te kom, wat daarop mag dui dat die -be-voorvoegsel die verband met die stam verduister, en kon

hulle moeilik kies tussen d'z vorm met en dié sonder uitgang. Dit val op dat sommige die uitgang tog wel gebruik; in die elders opgetekende voorbeelde verskyn b.v.dwe. van groei slegs sonder uitgang.

'n Duidelike voorkeur vir die vorm met uitgang spreek uit die antwoorde op vrae 3 en 10. In die elders opgetekende voorbeelde van voorberei(d) wat ook figuurlik is, is daar drie gevalle met /t/ uit 1975-6, en twee sonder /t/ uit 1925. 'n Moontlike interpretasie is dat die vorm met uitgang nog sterk staan, of selfs dat dit veld wen; dit sou weer daardeur verklaar kon word dat die verband met die stam verswak het. Vir geïrriteer(d) is elders vorme met en sonder uitgang opgeteken. Dat die hoë persentasie antwoorde met uitgang miskien nie blote spellingkonvensie is nie, kan miskien afgelei word uit die uiteenlopende spellings wat vir hierdie woord gebruik is, vgl.: geïr(r)i/et(t)eer(e)d/t. Dit lyk ten minste duidelik dat vir ten minste sekere swak b.v.dwe. die vorm met uitgang op hoërskoolvlak nog bekend is.

4.3.13 Reëlmatige (en geregulariseerde sterk) prenominaal b.v.dwe.

Omdat alle swak b.v.dwe. prenominaal op /də/ of /tə/ uitgaan (of op /ə/ as die stam op /d/ of /t/ eindig) en die keuse tussen /d/ en /t/ 'n fonologiese eerder as 'n morfologiese kwessie is, omdat hierdie keuse reeds uitvoerig deur Hauptfleisch aan die hand van bronne en deur Combrink⁶⁰⁰ eksperimenteel ondersoek is en omdat hier eintlik 'n regstreekse ondersoek van die gesproke taal vereis word (wat vir die onderhawige studie te ver sou gaan), het ek geen voorbeelde van reëlmatige swak b.v.dwe. versamel nie, en wil ek volstaan met 'n kort uiteensetting van die beskrywings wat ons in die W+S en by Hauptfleisch en Combrink vind⁶⁰¹. Vrae wat in dié verband gestel kan word, is: wat is die werklike -de/-te- verspreiding in Afr., en: vind ons by geregulariseerde reflekse van Ndl. sterk v.dwe. dieselfde verspreiding as by reflekse van Ndl. swak v.dwe.?

Eers in W+S '53 vind ons 'n kort beskrywing hiervan; ek

bepaal my hier by die uitvoerige uiteensetting van W+S '64. Lg. uiteensetting is ten dele normatief, ten dele deskriptief van toon; en gee - soos uit Hauptfleisch en Combrink se gegewens afgelei kan word - ten dele 'n weergawe van die situasie soos ons dit in Afr. aantref en ten dele 'n beskrywing van hoe, om historiese redes, in Afr. geskryf behoort te word, maar sonder verwysing na Ndl. of die Ndl. vorme self. W+S '64 formuleer dan die verspreiding van -de en -te soos volg: "Woorde wat op -l, -m, -n, -ng, -r, 'n klinker of 'n tweeklank uitgaan, kry -de"⁶⁰². "Woorde wat op b en d uitgaan, onmiddellik voorafgegaan deur 'n kort klinker, kry ook -de" ... "Woorde wat op k, p en t uitgaan, kry die uitgang -te" ... "In woorde op f en g, onmiddellik voorafgegaan deur 'n kort klinker, word in die reël -te geskrywe" ... "In feitlik alle ander gevalle van woorde op f of g word in die reël -de geskrywe"⁶⁰³. Uit van die voorbeelde wat by lg. gegee word, o.m. gestyfde, verliefde en geploegde moet afgelei word dat 'n klinker nie as kort beskou word nie as dit foneties lank is bv. [ei], maar ook as dit uit twee letters bestaan, bv. ie en oe (Die klinker van beledigde, 'n ander voorbeeld wat gegee word, is egter volgens albei kriteria "kort"). Verder lees ons: "In woorde op s, onmiddellik voorafgegaan deur 'n kort klinker of deur k, l, r of t, skryf ons in die reël -te ... In woorde op s onmiddellik voorafgegaan deur 'n lang klinker of tweeklank en deur oe of n, is die posisie onvas"⁶⁰⁴.

Hauptfleisch stel dat in die gebruik van -de, -te en -e (lg. verwaarloos ek hier) "die Nederlandse reëls vir swak werkwoorde vry getrou nagevolg word vir sover die betrokke konsonante, vokale of tweeklanke met Nederlands ooreenstem"⁶⁰⁵ bv. -de na stemhebbende konsonante, vokale en tweeklanke en -te na die stemlose konsonante -k, -p en -t. As probleemgebied onderskei hy⁶⁰⁶ Afr. stamme op -f, -g en -s, omdat Ndl. hier ook stemhebbende auslaute - gespel -v, -g en -z - kan hê. Die auslaut is hier in alle gevalle stemloos in Afr.; nogtans is -de (na wat in Ndl. 'n stemhebbende auslaut sou wees) nie deur -te verdrin nie: Afr. volg "redelik getrou" die Ndl. vorm, wat dus waarskynlik "onveranderd uit

Nederlands bly voortbestaan het en bestendig "is", vermoedelik as gevolg van normatiewe werke eerder as 'n kennis van die Ndl. reëls⁶⁰⁷.

"'Foutiewe' uitsonderings" wat in sy materiaal voorgekom het, laat egter vermoed "dat daar tog 'n mate van twyfel bestaan omtrent die gebruik van -de of -te by dié werkwoorde"⁶⁰⁸. Die uitsonderings word vir swak, en sterk, geregulariseerde v.dwe. gesamentlik bespreek in 'n par. wat handel oor morfologiese tendense by die auslaut. Voorbeelde van gevalle wat uitsonderings is deur -te in plaas van -de te neem, is o.a. gesaagte, gedroogte en vervyste. Dit lyk vir Hauptfleisch asof daar "by enkele eindklankgroepe soos -ooq, -aas en -vs 'n neiging bestaan om die -te-uitgang i.p.v. die -de te gebruik", maar aangesien die meerderheid tog nog -de het, beskou hy dié tendens as gering. Uitsonderings met -de i.p.v. -te is o.m. gerifde, onbeskofde, aangetaste, ongewensde, saamgeperade, onbeheersde, ooreisde, vermiede, ongetroosde en getoetsde⁶⁰⁹. Hauptfleisch maak die volgende gevolgtrekking: "Die aanmerklik groter aantal uitsonderings op -de as -te verleen steun aan die mening dat daar in Afrikaans 'n taamlik duidelike neiging bestaan om die uitgang -de te gebruik waar -te taalhistories gesproke die korrekte auslaut is"⁶¹⁰. Vir Hauptfleisch is hierdie -de-tendens veral een wat in die gewone omgangstaal aktief is (omdat die meeste gevalle nl. uit koerante en tydskrifte kom)⁶¹¹ terwyl hy dit - behalwe miskien aan analogiewerking - aan die "slap artikulasie van Afrikaans as gevolg van slap spierspanning" toeskryf⁶¹². In die genoemde bespreking van morfologiese tendense aan die hand van uitsonderings word ook geregulariseerde sterk v.dwe. betrek (vgl. as uitsonderings opgeblaaste, opgevyste; ge-vleete - en selfs volgesuipde, kromgetrekde⁶¹³) met die implikasie dat ons hier ook dieselfde tendens het.

Combrink⁶¹⁴ doen twee toetse - met 50 A-baan-matrikulante en 40 A-baan-St. 9-leerlinge en hulle Afrikaansonderwyseresse - om vas te stel of hulle vir sekere attributiewe b.nwe. 'n -de- of 'n -te-uitgang sou gee. Hy wil o.m. aantoon dat daar groot onsekerheid by taalgebruikers bestaan ten aansien van die gebruik van -te en -de. Stamme wat in die eerste

toets getoets word, gaan op s, g, f, k, p en b uit en is oorwegend refleksie van Ndl. swak v.dwe.; in sommige gevalle eindig die Ndl. stam stemhebbend, in ander stemloos⁶¹⁵.

Hier vind hy die onsekerheid, wat al uit 'n vroeëre steekproef geblyk het, geverifieer. Hy vind dat gevalle wat (om historiese redes)-de moet kry, dit altyd in die meerderheid van gevalle kry; hierdie meerderheid kan egter wissel van 80% van die proefpersone vir sommige stamme tot "byna volslae verdeeldheid" tussen -de en -te in ander gevalle, wat "dui op 'n vervanging van -de deur -te in sommige gevalla"⁶¹⁶.

In gevalle wat (weer om historiese redes) in Afr. 'n -te behoort te kry, vind hy egter dat, ofskoon by ongeveer die helfte van die stamme die meerderheid van persone wel -te skryf (en dit sluit die gevalle op p en k in, soos opgeslurp, geskulp, geklank), wat ongeveer die ander helfte van die stamme (nl. 7 uit 15 - almal gevalle op -a) betref, "die meerderheid Afrikaners (meen) dat hulle -de sê"⁶¹⁷, waar die meerderheid ook weer wissel. Hier het ons dus 'n resultaat soortgelyk aan wat by H-uptfleisch aangetref is: sommige "fouteer" deur -te te s yf in plaas van -de, maar die "fout" in die omgekeerde rigting - -de in plaas van -te - is baie groter. Dit is waarskynlik mede om hierdie rede dat Combrink kan beweer dat Afr. onderweg is na 'n sisteem waar -de gesuffigeer word o.m. "na stamme wat op ... geskrewe g, f en s eindig"⁶²⁸, 'n gevolgtrekking wat aansluit by Hauptfleisch se konstatering van 'n neiging om -de in plaas van historiese (en voorgeskrewe) -te te gebruik⁶¹⁹.

In sy tweede toets kyk Combrink na -de/-te by gevalle wat in Ndl. sterk is en gevalle met -b as stameinde. By e.g. vind hy 'n duidelike neiging tot -de na s, g en f waar die Ndl. stam stemhebbend eindig, maar in die geval van beveg- - wat in Ndl. op stemlose -ch eindig - het 55% persone -te en 45% -de⁶²⁰.

Wat betref stamme op -b - waar -de histories is en voorgeskryf word - vind hy of byna 'n gelykopverdeling tussen -de en -te (by gerib-, geskub- en afgetob-), of veel meer -te as -de (by aangeslib-)⁶²¹, wat aanleiding gee tot sy mening dat die sisteem so aan die ontwikkel is dat na -b - eintlik

ook 'n stemlose /p/ - ook -te toegevoeg sal word⁶²². Dit is origens duidelik - soos die Spelreëls aandui en ook Hauptfleisch bevind het - dat na stemlose, eksplisiewe stameinde oorwegend of uitsluitlik -te geskryf word, en na stemhebbende stameinde -de.

Die presiese vasstelling van wanneer -te of -de gebruik word (en of daar miskien 'n tussenklank gebruik word) is m.i. nie afhanklik van verdere bronneondersoek nie, maar vereis uitgebreide regstreekse waarneming van die gesproke taal.

4.4 STERK EN SWAK B.V.DWE. : VERNAAMSTE BEVINDINGS

In hierdie paragraaf word die vernaamste bevindings in verband met die sterk b.v.dw. opgesom (par. 4.4.1) en die vernaamste bevindings in verband met die swak b.v.dw. opgesom en tegelyk met dié i.v.m. die sterk b.v.dw. vergelyk.

4.4.1 Sterk b.v.dwe.

Dat daar naas die geregulariseerde sterk v.dw. in Afr. (bv. gebreek) dikwels ook nog 'n ongereg. variant (bv. gebroke) voorkom, meestal in byvoeglike (adjektiwiese) funksie, is al deur skrywers soos Grayson en Hutterer gesignaleer (par. 4.1.1), 'n verskynsel wat, vir die prenominaal funksie, uitvoerig ondersoek is deur Hauptfleisch (vgl. par. 4.2.3.1.3). 'n Enigsins parallelle vormalternansie, met veral pre-/postnominale kontras (vgl. drunken/drunk) maar tog meer chaoties en beperk van omvang, vind ons Engels, blykens 'n analise van Jespersen; 'n analise deur Van Haeringen van die ge-/e-alternansie van die Ndl. v.dw.-voorvoegsel, gee weer 'n aanduiding van die tipe sintaktiese faktore wat 'n kondisionerende rol kan speel by vormalternansies (par. 4.1.1).

Aan die hand van voorbeelde uit verskillende gedeeltes van die tydperk 1925-1978 en uit verskillende gesproke en geskrewe taalgebruiksregisters, soos per grondwoord opgesom in par. 4.2.2, is verskillende faktore wat die alternansie kan beïnvloed, nagegaan, veral met die doel om 'n beeld te verkry van die alternansieverkynsel in mod. Afr.

'n Belangrike eerste onderskeid wat gemaak is, is tussen b.v.dwe. wat nog hulle verband met die ww.-stam behou, en dié waarby dié verband nie meer bestaan nie, en wat dus eintlik departisipiële b.nwe. geword het. In par. 4.2.3.1.1 is gevind dat lg. in die reël ongereg. is, maar tog sporadies geregulariseer word. Om verdere objektiewe analises te vergemaklik, is die belangrikste gegewens uit die grondwoord-tabelle waar moontlik meganies geanaliseer in terme van die vernaamste sintaktiese en semantiese onderskeidings (par. 4.2.3.1.2). Op grond hiervan is in aansluiting by 'n bevinding van Hauptfleisch, aangetoon dat regularisering in die geval van v.dwe. met letterlike betekenis òf dieselfde omvang, òf 'n groter omvang aanneem as in die geval van abstrakte of figuurlike v.dwe.; oordragtelike v.dwe. neem ruweg 'n tussenposisie in (par. 4.2.3.1.3). So is ook aangetoon, en miskien nog duideliker, dat regularisering in wat saamgegroepeer is as "postnominale" kontekste, prenominale regularisering òf ewenaar òf oortref (par. 4.2.3.1.7.1).

By die ondersoek van faktore van semanties-idiomatiese aard is o.m. bevind dat waar 'n v.dw., veral in metaforiese gebruik, met sy hele konteks na die figuurlike vlak getrek word, hy dikwels, in aansluiting by die letterlike vlak, ongereg. bly (par. 4.2.3.1.4); dat v.dwe. in vaste uitdrukkings neig om ongereg. te wees (par. 4.2.3.1.5); en dat v.dwe. (sommige egter b.nwe.) wat 'n gemoedstoestand uitdruk, in die reël ongereg. is (par. 4.2.3.1.6).

Kyk ons na die sintaktiese kontekste van die v.dw. in hulle fynste onderskeidings (waarvan sommige egter maar min voorbeelde opgelewer het), dan vind ons veral in langer gereduseerde betreklike bysinne (konteks 4bii) en sommige, hoofsaaklik postnominale, bywoordelike bysinne (kontekste 4c en 4d) oorwegend gereg. gevalle; by die koppelwwe. (konteks 2), korter gereduseerde betr. bysinne (4a en 4bi) en miskien die "participium conjunctum" (6) en voor- en agtersetsels (8a en 8b) 'n redelik gelykop vormverdeling; en by die "bepaling van gesteldheid tydens die handeling" (3a), prenominale v.dwe. voorafgegaan deur hoogstens 'n bywoord (5bi), die v.dw. in voorsetseluitdrukkings en veral die v.dw.

as bywoord (9) oorwegend ongereg. vorme (par. 4.2.3.1.7.2). Die koppelwv. (benewens is/was) wat saam met die v.dw. voorkom, is in 'n aantal semantiese groepe ingedeel; 'n ruweg gelykop vormverdeling is gevind vir dié wat "kousatief", "dinamies" of "staties" is, terwyl ongereg. vorme oorweeg by die groepe wat "perseptueel" en "objektief" is (par. 4.2.3.1.7.3).

In par. 4.2.3.1.7.4 is daarop gewys dat daar 'n groep onoorganklike, veral mutatiewe, v.dwe., soos verdwene is wat enersyds pronominaal byna altyd ongereg is, en andersyds nie (gereg. of ongereg.) postnominaal voorkom nie. Daar is egter ook oorganklike v.dwe. wat so optree.

Morfologiese faktore speel ook 'n rol, veral t.o.v. die verandering van regularisering. V.dwe. met voorvoegsels is oorwegend of uitsluitlik ongereg., met agtervoegsels (wat hulle s.nw. maak), byna altyd ongereg.; in samestellings met 'n s.nw. as eerste lid, is ongereg. vorme duidelik in die meerderheid (par. 4.2.3.1.7.5). Die belangrikste fonologiese waarneming is dat vorme wat beskou kan word as 'n tussenstadium tussen die Ndl. vorm en die volkome geregulariseerde vorm, uiters seldsaam is (par. 4.2.3.1.7.6).

Vervolgens is ingegaan op 'n moontlike verklaring van ten minste sommige van die verskynsels. Sommige verskynsels is in ooreenstemming met Ross se woordsorteskaal- (of "squish"-) hipotese, ander nie, en omdat dit nie duidelik is watter meganismes onderliggend is aan die skaal nie, is dit moeilik om dié teorie verder met die feite te probeer versoen (par. 4.2.3.2.1). In par. 4.2.3.2.3 is bevind dat die TG hipotese (in par. 4.2.3.2.2 uiteengesit) waarvolgens 'n v.dw. uit 'n onderliggende werkwoordstuk gehaal en voor 'n s.nw. geplaas word, in ooreenstemming is met die feite, soos diachronies geïnterpreteer, waarop dit betrekking het. Die feite kan beskou word as voorspel deur die hipotese, en lewer as sodanig 'n bevestiging van die hipotese. In par. 4.2.3.2.4 is gepoog om die meeste van die bevindings by 'n oorkoepelende verklaring - sy dit in sommige opsigte tentatief - te betrek. Die sentrale gedagte is dat h.v.dwe. as deel van die "hoër

woordeskat" oor die algemeen neig om die Ndl. vorm aan te neem, maar dat dié neiging teëgewerk word deur die gereg. v.dw. en die uitwerking daarvan ruweg eweredig is aan die sintaktiese, semantiese en morfologiese "afstand" tussen die b.v.dw. en 'n eenvoudige ww.v.dw. met letterlike betekenis.

'n Vergelyking van die verskillende taalgebruiksregisters (par. 4.2.4.1) bring o.m. aan die lig dat daar wat die gebruik van die v.dw. betref belangrike verskille tussen gesproke en geskrewe tekste is, maar dat die meer formele gesproke tekste nóg aansluit by sommige geskrewe tekste. Die persentasie b.v.dwe. in 'n teks is moontlik 'n aanduiding van die ingewikkeldheid van die teks. Kenmerkend van die gesproke taal is dat die ongereg. vorme dikwels vorme is wat nie meer 'n verband met die stam het nie (dus b.nwe.), en wat dus verpligtend gereg. is. Die vaktaal en poësie vorm - ook wat die v.dw. betref - waarskynlik die ander uiteinde van 'n registerskaal.

In par. 4.2.4.2 is op grond van kleinere ondersoekes vasgestel dat ongereg. v.dwe. eers op skool - veral hoërskool - aangeleer word, dus lank na die primêre taalverwerwingsouderdom. Op grond hiervan en die afwesigheid van fonologiese tussenstadia (vgl. hoërop) word dit waarskynlik geag (par. 4.2.4.3) dat die ongereg. vorme in Afr. 'n nadraai - met betrekking tot die woordeskat - is van 'n situasie van diglossie in die vorige eeu.

Die materiaalversameling in dié hoofstuk was nie primêr diachronies gerig nie. 'n Statistiese vergelyking wat tog gemaak kon word (par. 4.2.5.1), suggereer 'n ontwikkeling in die rigting van die gesproke taal. Oor die algemeen lyk dit egter asof die situasie redelik konstant gebly het in die onderhawige periode.

4.4.2 Swak (en onreëlmatige) b.v.dwe. : opsommend en vergelykend

Die swak b.v.dwe. is heelwat minder uitvoerig ontleed, en die klem val veral op postnominale vorme; die gegewens is weer eens saamgevat in tabelle (maar nou minder uitvoerig) volgens

grondwoord (par. 4.3.3.1) en, wat die onreëlmatige gevalle betref, vgl. par. 4.3.3.3. Waar daar oënskynlik nie meer 'n verband is tussen die b.v.dw. (eintlik b.nw.) en die stam nie, word die uitgang in die reël behou en die ongereg. vorm by die onreëlmatige gevalle (par. 4.3.5). Daar is aanduidings dat figuurlike gebruik die behoud van die uitgang bevorder, maar lank nie so duidelik soos die korrelasie tussen ongereg. en figuurlik/abstrak by die sterk v.dwe. nie (par. 4.3.6). In par. 4.3.7 is gewys op 'n neiging tot uitgangsbewoud by v.dwe. wat 'n gemoedstoestand uitdruk; hierdie neiging kan egter toevallig wees en met name fonologies verklaarbaar wees by die swak v.dw.

As ons die vorme met uitgang as parallel aan die ongereg. gevalle by die sterk v.dw. beskou, is daar heelwat ooreenkomste wat sintaktiese spreiding betref (par. 4.3.8). Saam met koppelwv. wat nie vorme van wees is nie, is daar 'n sterk neiging tot die behoud van die uitgang; die vorm met uitgang oorheers in bywoordelike funksie; in konteks 4 - gereduseerde betreklike en bywoordelike bysinne - en kontekste 6 en 7, val die uitgang weg; die paar voorsetsels behou die uitgang, terwyl dit afwesig is by die een agtersetsel-token. By die onreëlmatige v.dwe. word die ongereguleerde vorm hoofsaaklik - maar nie uitsluitlik nie - prenominaal gebruik.

Morfologiese faktore skyn nie so 'n belangrike rol te speel soos by die sterk v.dw. nie; die voorvoegsel on- bevorder egter in 'n hoë mate die behoud van die uitgang (par. 4.3.9). Uit 'n fonologiese oogpunt lyk dit asof die uitgang veral behou word as die stam op liquida of nasaal uitgaan, maar veral na liquida en daar veral na /r/ (par. 4.3.10).

Die opgetekende materiaal toon nie 'n duidelike diachroniese tendens in een rigting nie (par. 4.3.11). Terwyl sommige v.dwe. die uitgang skyn te verloor, is daar weer ander waarby dit lyk asof die uitgang net so sterk of selfs sterker staan as aan die begin van die periode. ('n Klei skoolondersoek het getoon dat die vorm met uitgang in t. gevalle die voorkeur geniet, vgl. par. 4.3.12). Volgens 'n vergelyking van verskillende uitgawes van die W+S wil dit

Voorkom asof daar wel 'n neiging tot verlies van die uitgang na 'n stemlose stameinde is. Wat die onreëlmatige b.v.dw. betref - en hier is ook gekyk na gegewens van Stoops - lyk dit asof daar veral in sommige gevalle 'n afname in die gebruik van die ongereg. vorm bespeur kan word.

Wat die reëlmatige (en gereg. sterk) prenominale b.v.dwe. betref, is geen selfstandige ondersoek gedoen nie maar bloot gekyk na die beskrywing in die W+S, en die resultate van die materiaalondersoek van Hauptfleisch en van die skooltoetse van Combrink. Spelling- en uitspraakkwessies is hier moeilik uitmekaar te hou. Die ondersoeksresultate by albei skrywers dui daarop dat die gebruik van -de toeneem ten koste van -te, en dat die gereg. vorme van sterk b.v.dwe. aansluit by die swak b.v.dw.

Bylae A : Skriftelike vrae aan hoërskoolleerlinge

Gee by elke vraag die vorm wat jy sou gebruik vir die onder-
streepte woorde:

- 1) In die sandwêreld het 'n mens 'n voertuig nodig wat deur al vier wiede aangedryf word, dit wil sê 'n _____ voertuig,
- 2) anders kan die sand jou bedrieg en kom jy _____ daarvan af.
- 3) 'n Mens moet jou in elk geval op alles voorberei, op alles _____ wees,
- 4) en dit nie waag as daar 'n bordjie is wat jou verbied om verder te gaan, op plekke wat vir jou _____ mag wees nie.
- 5) Dit is veiliger om die pad te volg wat deur jou kaart voorgeskryf word, die _____ roete.
- 6) Vermy ook plekke waar die bossies te dig op mekaar groei, wat te _____ is.
- 7) As jy dáár vas raak, hoef jy nie eers te begin om te probeer uitkom nie; dis 'n _____ taak.
- 8) As daar niemand is wat kan help nie, sal jy moeilik _____ raak.
- 9) Druk net jou toeter sonder onderbreking; as jy _____ toet, moet iemand opdaag.
- 10) As die toetery hom maar nie irriteer nie, want iemand wat _____ is, help nie graag nie.

Note by hoofstuk 4

1. Ongereg. suiwer werkwoordelike v.dwe. (afgekort "ww.v.dwe.") is nie sistematies opgeteken nie en val buite die bestek van hierdie hoofstuk. Die gevalle wat tog opgeteken is, is byna almal uit die tydperk 1925-1946 en word dikwels in passiewe konstruksies aangetref of ter wille van die rym gebruik (bv. -gegewe x lewe). Van die 11 gevalle van gedaan (1x welgedaan) is 7 in die passief, 2 in rymposisie, 2 in die direkte rede. Drie gevalle val op as gevolg van die tekste waaruit hulle kom: "wanneer sekere in die ooreenkoms voorgeskrewe betalings gedaan is" (W212) is 'n gedeelte wat in 'n 1936-wet voorgekom het maar later geskrap is; "alle behandeling en verkoop van Vee word persoonlik deur ons gedaan" (DB12:7adv) kom uit 'n advertensie, en "dit moet baie sekuur gedaan word" (HK905 25) uit die gesproke taal van redelik onlangs. Uit die Psalm- en Gesangboek is 6 gevalle van (oor-/terug-)gegewe opgeteken (Ps11:4, 21:3, 25:7, 31:6, 31:11, Gs49:2) en een by Visser (AG46), almal in rymposisie en 2 daarvan passief. (Vgl. ook die inf. gewe in Ps31:2 en 49:2). Geskape, wat vandag nog in godsdienstige sin gebruik word, is in Gs5:3 maar ook, in die passief, in 1975 by Brink aangetref: "G'n wonder Eva is uit 'n ribbebeen geskape nie" (Br47). Ander gevalle is genome (AG46), misdrewe (Ps25:5), bevonde (2x:Gs28:5 en 33:5), uitverkore (Gs34:4), ontbonde (Gs37:6) en onderworpe (vgl. hieronder). 4 gevalle is passief (en die ander rym), vgl. "dat die insameling van fondse onderworpe sal word aan die toestemming van die plaaslike Kerkrade" (DB10:6).
2. Grayson (1970), bl. 47.
3. Ibid., bl. 48.
4. Hutterer (1975), bl. 284.
5. Jespersen (1942), bl. 77.
6. Ibid.
7. Ibid.
8. Ibid., bl. 75.
9. Ibid., bl. 78.
10. Ibid., bl. 79.
11. Ibid., bl. 82.
12. Ibid., bl. 52.
13. Ibid., bl. 64.
14. Ibid., bl. 82.
15. Ibid., bl. 50.
16. Ibid., bl. 72.
17. Van Haeringen (1962c).
18. Hierdie verskyneel, soos hy hom in die dialek van Genemuiden voordoet, word bespreek deur Van der Haar (1967).
19. Van Haeringen (1962c), bl. 69, 70 en 72.
20. Ibid., bl. 69.
21. Ibid., bl. 70.
22. Ibid., bl. 70-1.
23. Ibid., bl. 71.
24. Ibid., bl. 72.

25. Die voorwoord meld o.m.: "Soos wat hulle (die preke, C.J.C.) hier verskyn, s6 is hulle gepreek ..." Met enkele uitsonderinge "het die preke woord-vir-woord dieselfde gebly, selfs met (taal) foute en al".
26. Al is daar belangrike verskille tussen die vroeër en later uitgawes, is daar tog 'n groot persentasie gedigte wat as onveranderlike kern beskou kan word.
27. Slegs in hierdie konteks word die v.d.w. op grond van semantiese en wyere kontekstuele en situasionele aanduidings geïnterpreteer as werkwoordelik of byvoeglik en die werkwoordelike gevalle dan geïgnoreer. Die v.d.w. wat in die ander sintaktiese kontekste voorkom, word beskou as per definisie b.v.d.w., ofskoon hulle dikwels duidelik 'n werkwoordelike waarde het.
28. Hauptfleisch (1953), bl. 121.
29. J, bl. 47: Gebore ná die oorlog is hy 'n produk van
30. Le, bl. 79: 'n paddastoel gebore uit 'n losgelate kernlading
31. M, bl. 59: veral vir die dierbare eersgeborene, haar Tonie, haar staatmaker [letterlik, maar wrsk. met Bybelse konnotasie]
32. DB, bl. 1:8 adv: Waverly-komberse, effentjies hederwe in die fabriek
33. B, bl. 73: 'n mens sal die Here ook kan dien tussen verkeerde mense en bedorwe siele
34. Hf, bl. 134: die ryk, bedorwe Charl
35. H, bl. 54: sy het bedroë daaruit gekom
36. DB, bl. 12:3: en dit blyk of hulle [=makelaars] hul bedroë gevind het
37. HK(2092 27): Dit gaan maar bedrooge maar dit gaan aan [d.w.s. met die Engels praat]
38. B, bl. 23: Om vingsralleen te delf is 'n onbegonne werk
39. DB, bl. 8:3: haar opvolger sal die goedbegonne werk van mej. Arangies met plesier kan voltooi
40. A.P. Grové: om duidelik vas te stel watter terreine nog onontgonne is
41. B, bl. 16: Wat hou die wêreld in so 'n toekoms as oom Kasper s'n gebêre?
42. Ps10:1: Waarom is U verborge in die nood
43. Lu8:17: Want daar is niks verborge wat nie openbaar sal word nie
44. Lu12:2: daar is niks ... verborge wat nie bekend sal word nie
45. BJ, bl. 31: As die regte verborge gaan, /... hoe dan?
46. Lu8:47: toe die vrou sien dat sy nie verborge gebly het nie
47. F, bl. 68: 'n Gebrek kan alleen beskou word as verborge as dit van so 'n aard is dit
48. RA, bl. 11:4: dat hul aggressie so lank verborge gebly het
49. Gs5:2: ... verborge in sy heiligdom, /bestaan Hy enkel deur Homself
50. Ma, bl. 10: die begeerte ... wat wag soos verborge bronwater
51. H, bl. 40: net of daar 'n verborge, 'n onderdrukte vuur in hom brand
52. Lu11:33: sit dit in 'n verborge plek

53. F, bl. 70: verborge gebreke [funksioneer hier as 'n soort vaste uitdrukking]
54. NP, bl. 12: 'n swart poel/uit diep verborge oog gevoed,/
55. M, bl. 92: die diep verborge strominge in haar wese
56. Br, bl. 35: waar sy, onbesonne, die pistool ... laat lê het
57. B, bl. 38: Die onbesonne neef van vroeër praat nou ge-gronder as sy eie pa
58. Mi, bl. 97: Ek sal nie iets onbesonne aanvang nie
59. HI, bl. 1287: as deur die kommissie aangeveel [lees: aanbeveel]
60. F, bl. 86: ten aansien van paaiemente aangebied
61. BE, bl. 2:1: dat sy boeke verbied sal wees
62. DT, bl. 4:7: Nou wil hulle die gebruik van hierdie wapen verbied hê
63. Uit 'n nuusblad: By die hotel was daar in mev. Malan se woorde "ontbiede en oontbiede prospektiewe ministers"
64. DB4.2.78: Dit is verbode om met balle by die swembad te speel
65. HK(992 21): op die hawe is dit visvang streng verbode streng verbode op die hawe visvang [ontleed as en eenmaal getel vir ellips van "visvang is streng verbode"]
66. BEII15.3.75: die verbode stuk [naas, in dieselfde berig, 3x verbied, werkwoordelik]
67. Br, bl. 85: 'n kind wat die verbode doen
68. PJ, bl. 55: Ek is as kneg aan U wil gebind/in dié doolhoof aan 'n dun draadjie garing:/ [rym: ondervind]
69. Vo, bl. 21: twee lyne wat aan sy ente gebind is [=vasgebind]
70. SK: Hulle wil graag vry wees. Hulle wil gebind wees deur geen bande nie
71. Lu'113:16: wat werklik el agtien jaar deur die Satan gebind is
72. M, bl. 59: 'n Mens is maar so by die wakker word - nog vas aan jouself gebind met die weefsels waarmee die slaap jou afgesonder het van alle lewendes
73. Da, bl. 13: Die koms van Christus is onlosmaaklik vasgebind aan die geskiedenis van
74. RAI118.1.76: "Ons is almal saamgebind deur die feit dat ons almal 'n nuwe toekoms kom soek het ..."
75. Vo, bl. 5: Drie lengtes garing, by O aanmekaar verbind, word
76. Lo, bl. 76: die ou Josua wat met duisend onsigbare koorde van die hart en bloed aan sy volk verbind is
77. Da, bl. 14: dat ook die werk van God die Heilige Gees verbind is aan die getel sewe
78. HK(1626 5): wat [lees:want] dit is somtyds met emosie verbind
79. Vi, bl. 29: drie groot panne wat deur vleie verbind is
80. DB, bl. 5:3: dat die vennootskap ... onthind verklaar word
81. WS, bl. 27: van my gebonde inmekaarheid met jou, land
82. M, bl. 100: tent Kató, gebonde hand en voet
83. Vi, bl. 5: sy gebonde water [=van gips]
84. AK, bl. 10: gebonde aan wat ek is
85. F, bl. 65: 'n Persoon wat hom verbind het tot lewering van 'n spesifieke saak bly gewoonlik te alle tye gebonde aan hierdie verpligting L.W.: [gebonde x verbind]

86. HK(957): want hierdie kind of persoon wat verbonde wat wat na aan julle is [LW: spreker se selfkorreksie]
87. M, bl. 23: dat sy daardeur vir altyd aan Susara verbonde gevoel het
88. HK(734 3): Waar nadele verbonde kom [lees: raak?] aan die spoed is natuurlik as 'n mens 'n ver afstand wil reis in 'n kort tyd
89. HK(628 23): daar was te veel tierlantyntjies aan te ge [sic] verbonde
90. Vo, bl. 40: die idee verbonde aan die woord krag
91. Berig in TAI: [Opskrif:] Ontbonde lyk in motor gevind. [Binne die berig:] die erg ontbonde lyk (2x); s.nw. ontbinding
92. VL1.1976 adv, bl. 37: daardie opgeblase gevoel [i.v.m. lakseermiddel]
93. Elf, bl. 34: Die opgeblewe stompie [=van die naelstring] word droog en val gewoonlik af
94. NP, bl. 8: die gensbok, /oordwars, gebreek, stil tussen die polle
95. NP, bl. 29: sy liggaam gereinig waar hy gebreek was en bevuil/deur Raka [kan werkwoordelik wees]
96. PJ, bl. 32: die duisternis gebreek/deur Rande [rym:steek]
97. Br, bl. 29: Geknak deur hierdie land, gebreek deur hom
98. DTII6.4.78: ons die band tussen die NG Kerk en die GKN as verbreek beskou
99. St, bl. 118: sy gebroke bene [uit 1930]
100. Br, bl. 85: Hy lei haar ... teen die gebroke kloof op
101. We, bl. 62: 'n uitermate onderbroke beroepsduur
102. We, bl. 32: dat hulle onderbroke afwesig is van die huis
103. M, bl. 67: druk maar deur met koppe vooroor gebuig
104. Sm, bl. 9: Hy [die tong] kan verskillende vorms aanneem: puntig, plat ..., gebuie
105. H, bl. 18: Moet hy brandarm, ... geboë na die grond buk [pleonasties]
106. Br, bl. 68: E. half geboë soos hy reeds was, kom hy weer orent
107. M, bl. 67: druk maar deur met koppe vooroor gebuig
108. Gs4:3: selfs eng'le dek hul aangesig, /aanbiddend neergeboë / [rym: oë]
109. Br, bl. 92. tot daar niks meer sigbaar is nie, alles bedalwe onder die logge beweging van die water
110. SK: Dit is natuurlik makliker gesê as gedoen [=om te doen]
111. W, bl. 210: aldus vermeld as uit kragte daarvan gedoen
112. RAII25.1.76: kan hy ... 'n bietjie werk gedaan kry
113. St, bl. 114: as jy 'n ding goed wil gedaan hê
114. RAII6.11.77: Hoe dit gedaan moet kom?
115. SK: die haar naam, klaar en gedaan
116. RAII18.1.76
117. VL, bl. 29
118. Ma, bl. 16: want daar is die grond voldra van die beendere van Moab se manlike geslag
119. Ma, bl. 81: noudat sy omhoongedra op die vloed van haar wilskrag
120. EN, bl. 40: 'n halfverdrinkte blaar
121. J, bl. 78: "Dit is gruwelik oordryf"
122. SK: Is dit oordryf of was daar wel dinge wat jou ... gehinder het?

123. Ps45:1: My tong, deur digvuur aangedryf/ [rym]
124. Br, bl. 93: Tot wie en wat nag alles in die afgrond ingedryf is
125. Elf: oordrewe gevalle van bakbeenstappery
126. SK: toe ons mensc vir enige oordrewe klugtige dinge gelag het
127. Le106: raak ... wakker uit sy whisky-aangedrewe bedwelming
128. BE, bl. 3:6: Die ... -vliegtuie is spuitaangedrewe
129. HK: toe staan die tent eintlik so uitgeduik soos 'n ballon
130. Br, bl. 10: Hy kry haar ineengedoke op die ... wa
131. Br, bl. 48: Soos 'n teefbrakkie wat luister: teruggedwing tot vrou-wees
132. DB, bl. 5:6: die gedwonge sekwestrasie van ... boedel
133. DB, bl. 8:7: 'n vergame liggaam van wetgewing
134. Vo, bl. 28: is die afstand ... gegee deur die snelheid maal die tyd
135. SB: wat God kan doen deur een persoon wat aan hom orgegee is
136. DT, bl. 7:6: dit kos geen ingegewe profeet om te besef dat
137. RAII25.1.76(Br): dit is die gegewe van sy werksaamheid
138. Ge5:4: nooit begrepe Liefde/.
139. Lo, bl. 78: waar groot windmeulens ... met opgehefte arms staan
140. Be, bl. 93: dat hy ... bo hierdie dinge verhewe was
141. DB, bl. 10:4: Nou is sy verhewe bo al ons simpatie [oorlede]
142. Br, bl. 53: so ónafhanklik, vir goed verhewe, selfgenoegsaam met haar boeke besig bly
143. WS, bl. 14: Op elke telefoonpaal sit 'n uil/verhewe die wag en hou
144. KB: en sou Dawid nie so erg onbeholpe as krygsman voorgekom het nie
145. Vi, bl. 78: dat vogtigheid goed behoue bly in klei
146. RAII29.6.75: Sy wil dit [die panele] graag as eenheid behoue sien
147. Lu'''15:27: omdat hy hom behoue en gesond terugbring het
148. Lu'''21:36: om deur al hierdie dinge ... behoue deur te kom
149. B, bl. 37: dan is jy oor enkele maande 'n behoue man
150. Ve: Jy is uitverkies vir iets wat jy later sal verstaan
151. HK(1277 17): en toe Noord-Transvaal nou ons uitgeklasse span was, net so was Vrystaat se span vir ons
152. RAII19.12.76: selfgekose ope klubs [elders in berig: klubs of instansies sal self moet besluit]
153. RA, bl. 10:8: By die motel aangekom, was dit vol. Sy het na 'n padkafée oorkant die straat gegaan.
154. DB, bl. 1:1 adv: Goewerment-Flennie ... volkome gekrimp
155. Be, bl. 85: Wanneer sy praat is haar stem sag maar gelaai met hartstog
156. Ma, bl. 92: Sy woorde was belaa met 'n wysheid wat
157. Le, bl. 102: langs al die vergete weë belaa met die struikrowers van hulle lewens
158. Be, bl. 36: die vet doring gelaaide blare [lees: die vet, doringbelaaide blare]
159. We, bl. 14: was net 4.95 persent geskei of verlaat
160. EN, bl. 27: 'n meisie/in haar liefde verlaat/ [rym:maat]

161. Opperman: die weggelate Afrikaanse rympies
162. B, bl. 4: asof hy hom totaal van God verlate voel
163. VL1.76, bl. 39: voel die kind verlate en verlore
164. La, bl. 25: die groot wit huis ... lyk nie doodverlate nie - 'n huis het mos sy uitdrukking op sy gesig
165. F, bl. 82: in terme van artikel 14 gelees met artikel 15
166. Ste: Die speurverhaal waarin ..., sal ongelees bly
167. WS, bl. 18: Dan, berese en belese, ... stamp die klein-kinders die deure oop
168. Db, bl. 6:7: dat die Sessie miskien by die helfte van Junie sal afgeloop wees
169. DB, bl. 6:8: opskrif (ellipties): Helpmekeer-kongres afgeloop
170. DB, bl. 12:4: dat baie mieliekoppe al aan die stronk uitgeloop is x is ... uitgeloop
171. RAI15.2.78: adv. Retief van Rooyen ... wat ... in Washington die weggeloopte koerantredakteur gekonfronteer het
172. Grové: nadat die stryd om die vernuwings reeds afgeloop was
173. DT, bl. 4:6: Daarmee was die Kommunistiese vordering onder die Duitsers egter afgeloop
174. DB, bl. 7:1: boedels van sonder testament oorledenes [= mens wat intestaat oorlede is]
175. Lo, bl. 44: en tog nog 'n seun, 'n kind, vergeleke met nou
176. RAI11.1.76: Selfde berig het: vergeleke met/by x Dit vergelyk met 'n geraamde 40 persent
177. HK: jy wil nie almal ewe groot geneem hê nie [=foto's]
178. J, bl. 85: In aanmerking geneem hoeveel motors vandag op die pad was
179. Br, bl. 91: Sy is so beetgeneem deur die diep dreun dat
180. DB, bl. 8:5: Die konstitusie van ..., aangeneem op die Kongres van
181. HI, bl. 1833: Hulle besef dat die lyn, indien aangeneem, nie betyde voltooi kan wees nie
182. Lc, bl. 42: die vyandige elemente in Marseille in ag genome
183. HIII, bl. 8529: In ag genome die bestaande prystrukture ... meen ek dat
184. RA, bl. 14:5: kragtens die voorgenome huurpagsstelsel
185. RAI127.6.76: dat 'n vooraf ingenome standpunt uitgewerk is
186. DB, bl. 4:1 adv: en as kopers nie ingenome is nie, sal hulle geld sonder vraag of stry terugbetaal word
187. RAI11.1.76: Graham Greene se onvolprese spanningsverhaal
188. DJ, bl. 39: geglo/dat ek geroepe is
189. DJ, bl. 48: Ek het geroepe om die kop geloop
190. HI, bl. 1655: endit dan start in die toe in die lewe geroepe Uitstaande Skulde Fonds
191. DB, bl. 1:3 adv: Sjinese kant, deurgery met lint om middel x Ook deurgeryg met sylint
192. Le, bl. 108: op selfde bl.: Georgie het herrye
193. HK: wou aangesien wees nie [moontlik werkwoordelik]
194. ML: 'n paar sente vir die onvoorsiene en gebeurlike gaan ook hiermee saam
195. RAI129.1.78: Soga sou 'n onbesonde vegter teen verwoes-tende vroeë veesiektes word
196. AG, bl. 3: in gedagte diep versink,/ [rym:drink]
197. H, bl. 48: 'n Versonke wese in hom verrye
198. DT, bl. 4:4: in 'n diep gedagte versonke oor 'n lank agter-stellige skuld

199. PJ, bl. 47: Is ek net deur broos glas/geskei van die donker doodskeue ...?
200. PJ, bl. 3: en buite die hemele afgeskei/kan ek vanaand om geen genade vra." [rym]
201. VL1.76, bl. 28, 29 en 39
202. VL1.76, bl. 29 (2x): geskeie ouers/huwelike [geskeie x geskeide ouers in selfde teks]
203. DB, bl. 7:3: Hierdie boek sal dus onderskeie wees van al die ander boeke totnogtoe [Vgl. ook die inf. onderskeie in HIII6967].
204. We, bl. 67: die geskeie s'n [= se huishouding; ekv.]
205. Ma, bl. 62: die donker afgeskeidenheid van haar hart
206. Lo, bl. 45: die geskonde reg, die miskende vryheid
207. DB, bl. 6:7: en owerigens is hy [= wetsontwerp] ongeskonde byna sonder diskussie deurgeglip
208. Le, bl. 91: die eiland van juwele, dinasties geskep deur die lewende voorsate van die afgestorwene
209. H, bl. 56: Die deur sluit, met 'n holle, verskrikte klank
210. SK: maar hy [= my sosiale lewe] is klein geskryf
211. hy [= IEM] sit daar op haar voorkop geskryf, arme ding
212. J, bl. 74: wisseling geskryf/geskrywe in selfde teks
213. SK: sosiale lewe is maar klein by my geskrywe
214. Vgl. Die Dagboek van Hendrik Witbooi (1929), Voorwoord, bl. xxvii: is geskrywe x volgeskrywe is x is onbeskrywe x geskrywe is x ingeskryf
215. HK(1353/7): ons matriekleerlinge vanjaar het [koppelwv] byvoorbeeld nie een enkele boek voorgeskryf deur Langenhoven of deur enige ander bekroonde Afrikaanse skrywer nie
216. DB, bl. 6:5: En as daar een ding is waarvoor die Hollands-sprekende Afrikaners hoog aangeskryf staan, dan is dit hul tradisionele gesvryheid
217. F, bl. 101: "eienaar" soos omskryf in genoemde Wet
218. HK: Dit is omskrywe met die gevolg dat om die publiek tevrede te stel
219. HII, bl. 4258: So staan dit daar beskryf
220. Vi, bl. 22: kom in breë trekke ooreen met dié hierbo beskrywe
221. M, bl. 84: Die skrywer lig die pen ... en luister, net of die geskrewe woord iets tot sy bewustheid bring
222. DT, bl. 1:1: daarop aangedring dat 'n geskrewe versekering gegee word dat
223. F, bl. 198: "voorgeskrewe" beteken: ingevolge hierdie Wet voorgeskrewe
224. Br: die ongeskrewe reëls van die spel
225. We, bl. 6: die onduidelik omskrewe begrip "ink p. te"
226. J, bl. 66: die arkades waaragter ou boekwinkels verskuil is
227. H, bl. 27: die ogies op sy rotte magie geslaan
228. B, bl. 65: Tys met die oppoeslaande Bybel voor hulle
229. B, bl. 68: 'n Lantern ... skemmer uit die oppoeslane Woord
230. J, bl. 33: dis meer as net fisiek. koue, dis verslaan [d]
231. PJ, bl. 47: Vroeë aand ... en my deurtjie reeds gesluit, [rym]
232. La, bl. 114: 'n Dokter se mond is gesluit
233. BJ, bl. 29: dog ek was/gesluit uit: jou erbond [= uit-gesluit]

234. DJ, bl. 15: Die angste en wee/van God in ieder ding en mens gesluit,/ [rym]
235. DT, bl. 7:6: Hoewel pluimvee ... vanjaar uitgesluit is [van Paasskou]
236. F, bl. 64: dat 'n tjek ... uitgesluit is van die begrip
237. Fe, bl. 97: Tog is hierin die geheim van 'n vrugbare lewe opgesluit
238. Grové: In hierdie vraag lê basies dieselfde misvatting opgesluit
239. RAI11.1.76: die boodskap van liefde wat daarin opgesluit lê
240. Vi, bl. 83: soute wat ... ingesluit was
241. Vi, bl. 85: is onsuiverhede in sommige kristalle ingesluit
242. DBII: die totale vleisvoorraad - invoer en uitvoer ingesluit
243. RAI11.1.76: Sestien mense - bure en familie ingesluit
244. Lu⁴:25: toe die hemele toegesluit was drie jaar ... lank
245. H, bl. 49: In die kring van die lamplig lyk ons soos twee mense afgesluit van die lewensgebeurtenisse
246. Br, bl. 27: sê sy, weer geslote
247. J, bl. 84: die klein dorpie in die berge - teerstrate met geslote winkels
248. Br, bl. 27: hy wat hier met 'n geslote wêreld in hom rondloop
249. DBII25.2.78: om die sluitmeganismes [= van die brein] oop te laat gaan of geslote te hou
250. AK, bl. 28: die fontein geslote in sy slaap [= gedeelte lange hoof]
251. J, bl. 94: Daar word vertel ... dat die deure gesluit was ... het die monnik van agter die geslote deur gevra
252. H, bl. 103: die klein geslote sfeer van die liggaam
253. Le, bl. 18: Patsy se soort uitgelatenheid was vir hom 'n geslote boek
254. HI, bl. 1409: met geslote deur(e)
255. Persoonlike brief: Ingeslote is ons telefoonnummers
256. Vo, bl. 37: die ingeslote hoeke
257. Ste: Die ingeslote fossiel [vgl.: "Die ... neerslae waartussen die fossiel bewaar gebly het"] word nou gelyk aan 'n bladsy uit die dagboek
258. Lo, bl. 56: op 'n met glas ingeslote ... terras
259. Br, bl. 58: maar vannag is alles afgeslote deur die donker
260. Vi, bl. 82: afsetting in 'n afgeslote deel van die see
261. Vi, bl. 82: sulke afgeslote massas seewater
262. Hf, bl. 164: 'n enkele afgeslote begrip
263. Br, bl. 178: Die oomblik self was in homself beslote
264. RAI11.1.76: Vasbeslote om Limo se onskuld te bewys, begin Holly 'n ... soektog na
265. EK(247 13): ek moet sê ons was nog nie eintlik baie goed geslyp vir die saak nie
266. Lo, bl. 11: sy verstand het geslyp geraak
267. M, bl. 41: die lewensdraad in die oumens was ... so dun geslyt dat
268. DT, bl. 1:6: Vrou Keelafgesny Aangetref [opskrif]
269. Ma, bl. 70: Want Ruth in die vreemde, dit was soos 'n stuk nasionale trots uitgesny en oorgelewer aan die ... vyand

270. AK, bl. 23: die net/nog verraderliker gespan tussen orgaan/en orgaan
271. AK, bl. 46: ek het [blykens konteks wrak] koppeluw. 'n wasgoedlyn/gespan in die jaart/
272. AG, bl. 42: En gespan soos 'n draad elke spier
273. AK, bl. 23: in 'n lug so gespanne van lig en vibrasie
274. RAII27.6.76 [opskrif]: Manne by proewe ontspan, maar bly gespanne
275. La, bl. 54: 'n mens het ingespanne aandag nodig vir Gert se briewe
276. Br, bl. 84: een hand se ontspanne vingers lossies gevou om 'n skulp
277. AK, bl. 25: draai die landekap ontspanne op haar rug
278. WS, bl. 46: Bou die baai haaslip skeur en die gesplyte stad/se twee helftes stadig in die blou gryns inskuiwe
279. Le, bl. 74: Dr. Loerie ... voer keisersneë uit ... en gee aldus doodgeboorte aan sy nageslagte deur middel van sy gesplete vrouens
280. HK: Dit is nou baie eerlik gesproke, maar as 'n mens
281. Nuusblad: Die leerling hoor die korrek gesproke Afrikaans terwyl hy die woorde en singnedes lees
282. Grové: Broeder Ben se half uitgesproke verwyte
283. RA, bl. 11:4: Sommige hostels is ook uitgesproke vuil
284. RAII11.1.76: die nie-blanke rasse wat uitgesproke gerig is teenoor die blanke
285. RA, bl. 9:8: die onuitgesproke, dikwels onuitgesproke verlange van ons volk
286. Ste: M. se (skynbaar onbesproke) adel
287. RAII11.1.76 adv: Borstel ... streel ontsteekte vliese stil
288. Le, bl. 67: blomkinders en verstoke aanhangers van 'n pseudo-satan-kultus
289. Byb: sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was, en ... die verstorwe toestand van die moederskoot van Sara
290. Mi, bl. 17: amen tot ons stryd gestry is
291. RAII11.1.76: Barlow se vertrek was ook omstrede;
292. DBII: die omstrede rolprent Bonnie en Clyde
293. RAII18.1.76: Kennis van die Aand, die omstrede roman wat intussen verbied is
294. J, bl. 40: die veel omstrede stuk
295. RAII25.1.76: dat dr. Treurnicht ... 'n sterk omstrede rol ... gespeel het
296. La, bl. 40: Daar staan 'n stootwaentjie getrek
297. M, bl. 30: met haar hande ingetrek van die pyn
298. RA, bl. 7:4: Inmekargetrek, verrimpeld en met haar hare in 'n bolla luister sy na almal wat haar wil help
299. HK(489 15): sien 'n mens tog maar almal dan in Oxfordstraat saamgetrek
300. J, bl. 90: Die massiewe beelde met die verwronge lywe ... staan teruggetrek in die skaduwees
301. VL, bl. 17, adv.: spanning, saamgetrekte maag, slaap-loosheid
302. DJII: Hy voel hom ook in hierdie tydperk aangetrokke tot Thomas
303. Br, bl. 63: sit afgetrokke met 'n stok ... en karring
304. J, bl. 61: byna afgetrokke keiserlike deftigheid

305. HK(2102 35): nie voor die betrokke persoon die boeke ...
306. F, bl. 95: waar oorsake soos oorlog ... betrokke is
307. BE, bl. 2:5: omkoperij waarby R1 miljoen betrokke is
308. BE, bl. 2:5: omkoperij waarby die ... lughawe ... betrokke was
309. BE, bl. 2:9: 93 motors was ... in 'n kettingbotsing betrokke
310. BE, bl. 8:1: Kuba is reeds betrokke [in Angola]
311. F, bl. 91: die "partye" betrokke by die geval
312. RA, bl. 8:9: mnr. Du Preez se oortrokke fasiliteite
313. Ve: Daardie groot aangesig is vertrokke
314. Ve: hy raap die gevalle slaaf se fakkel op
315. SPK(3146 3): Nou is hy vervalle man. Hy lyk nou mooi, die ou huis
316. DJ, bl. 52 [in één gedig]: en hou in ligruoi gordels my gevang/[rym]; Maar snags sien ek hy hou die kosmos styf/gevang in die Melkweg van sy lyf./
317. DJ, bl. 28: Een ewig in die kringloop van die lus gevang/ry ons [halfrym:dam]
318. AK, bl. 39: gevang in 'n teer maling van sonlig/...was ek
319. M, bl. 86: die ouer kinders - wat dan ook al in die skoolmasjien vasgevang was
320. Fe, bl. 82: Hulle = afgode is self vasgevang in wat reeds bestaan
321. J, bl. 45: Hy is soos 'n klein insek wat in sy kamer vasgevang is deur die ... teleskoop
322. Fe, bl. 83: hierdie Koning is nie vasgevang deur die kettings van ballingskap nie
323. B, bl. 28: wil hom nie so gou gevang gee nie
324. AG, bl. 27: Ver is die burger = Boere gevoer,/Deur die noodlot gered en gevang;7 [rym]
325. Lo, bl. 81: briewe van Pretoria ... wat vertel van 'n gevang stad agter doringdraad
326. WS, bl. 57: hier waar die kitaarspel/van spruite gevang lê tussen
327. RAI11.1.76: Dat sy minister ... so onbevang in die openbaar kant gekies het
328. AG, bl. 46: Uit Vaderland ontvang:/[rym]
329. Lu⁴:19: meervoud
330. Lu²¹:24: in Lu¹ sonder -s
331. RAI123.10.27: die verdwyn mnr. Alan Roberts
332. SK(189 1) [MENSE] wat nou eintlik veel al verdwene is
333. RAI14.7.76: waar verdwene politieke leiers ... aangehou word
334. M, bl. 50: 'n ou leesboek, byna vergeet en agterna ingegooi,
335. Lu¹²:6: En nie een van hulle [= mossies] is voor God vergeet nie
336. Ps³¹:10: Ek is vergeet [wrsk. byv.] soos een wat dood is/
337. Ma, bl. 71: Ruth ... mag nie vergeet bly onder vreemdes nie
338. H, bl. 65: Vergete is die klein selfsugtigheidsjies
339. BE1111976: Vergete was die toetsuitsendings van die afgelope agt maande
340. AK, bl. 39: 'n haarborsel vergete in my hand/was ek
341. VL, bl. 13: Geen item aan die kredietkant mag vergete bly nie [uit oordenking]

342. SK: sal die respek van die ander kant verloor gaan
343. NP, bl. 8: in die mis verloor,/sy huil soos van 'n dier [rym]
344. SK: toe ek die bal uitgee toe het dit ook verlore gegaan
345. Lu21:18: geen haar van julle hoof sal ooit verlore gaan nie
346. Lu^a14:24: hierdie seun ... was verlore en is gevind
347. DT, bl. 1:4: sy verlore paar pond sesduim-spykers terug te kry
348. RAII5.3.78 [opskrif] Geld vir verlore vet [verloor x5, werkwoordelik, in berig]
349. NP, bl. 11: die bruin kinders ... gehurk en skoon verlore, aan die speel
350. NP, bl. 14: sy oë verblind, verlore/in die glansland van lug en welk [rym]
351. Mi, bl. 73: Derk Booysen en haar lewe is saamgeveg
352. E, bl. 58: sy karwats laat wei op Jaffie se regterboud ... sodat dit begin voel het asof hy rou gevreet is daar
353. La, bl. 56: Tot boomskraapsel toe was Frikkie se ... kragte uitgevreet deur die inflammasie
354. Lo, bl. 78: op die bevrore land waar groot windmeulens vasgevroes met opgehefte arms staan
355. Be, bl. 104: die dinge ... wat ... saamgeweef is in die patroon van sy lewe
356. PJ, bl. 5: soos vingers verwee in gebed [moontlik binne-rym met sewe laer af]
357. Hf, bl. 149: 'n sobere en oorweegde oordeel
358. PJ, bl. 29: Brose klei en handelsware/gemeet en geweë/ [rym:Ninevé]
359. La, bl. 52: Deur die toon van deelneming beweë, word Moffie so jammer vir homself
360. Ps17:1: Alleen deur waarheidsdrang beweë /Beef van my lippe die gebed [rym]
361. BE, bl. 8:1: Sy verduideliking klink vir ons ewe swak oorwoë as sy oorspronklike "regstelling"
362. BE, bl. 8:1: dat dit geen aanval was nie, maar net 'n oorwoë "regstelling"
363. H, bl. 83: Dit is of 'n opgewende veer in oom Tys losgaan
364. BE, bl. 3:3: Die twee opgewone [lees:opgewonde] meisies
365. Grové: En nou kan hulle 'n deel van hulle verworwe kennis toepas
366. Van Niekerk: om opgedane kennis te verwerk en met reeds verworwe kennis in verband te bring
367. Vi, bl. 4: in uitgewerpte blokke van Vesuvius
368. RAII18.1.76 adv: die band, gesteun deur 'n nuut-ontwerpte koordromp
369. St, bl. 124: afgeworpe dele van die lintwurm
370. Elf, bl. 25: 'n Kindjie wat ... voel uit die staanspoor uit verworpe
371. Lu7:8: Want ek is ook 'n man wat aan gesag onderworpe is
372. HII, bl. 4258: 'n groep van state met dieselfde status ... die een nie onderworpe aan die ander nie
373. DT, bl. 4:4: die al tradisioneel geworde rigting van Afrikaans na Engels
374. DJ, bl. 15: met Daphe en Niobe ... in bome vasgewring;/ [rym]

375. BJ, bl. 45: Ver van my land/met woede gewyk, ... mors ek met woorde
376. Br, bl. 24: Wie is aangewys op wie?
377. We, bl. 15: is ... op 'n verdienste aangewys om hulself te onderhou
378. DBII: die opposisiemagte is meer as ooit aangewys op verdeeldheid onder die Nasionaliste
379. RAI130.7.78, bl. 12 (R.v.R.): ek glo ook nie verdere debat oor die kwessie van hoede in die kerk is aangewys nie
380. HK(1310 37): elke onderwyser is toegewys aan iets, om na-uurs iets te doen
381. SK(246 33): dus was ons daarop toegewys om of die materiaal te vind of dit self te skryf
382. M, bl. 81: Danie neem die aangewese plek [hoërop: "Sit hier langs my ..."]
383. We, bl. 26: dan is sy aangewese op
384. We, bl. 32: Indien hulle ... op 'n bus aangewese is om
385. F, bl. 59: by die aangewese plek vir betaling [= die plek wat vir betaling aangewys is]
386. Vi, bl. 18: slegs 40 morg ... kan as bewese beskou word
387. Hauptfleisch (1953), bl. 122, en vgl. ook Liebenberg (1978), bl. 13.
388. Vgl. vir verdere voorbeelde Liebenberg (1978), bl. 15.
389. Inbegrepe kan ook agtersetsel wees, maar is nie in dié konteks opgeteken nie.
390. Vgl. n215.
391. Met as uitsondering die uitdrukking: hy is nie op sy mond geval nie, ofskoon is ... geval normaalweg onaanvaarbaar is
392. Duidelik sonder /θ/ op die band hoorbaar.
393. Mnr. C.J. Conradie sr.
394. Informant: mnr. B.J. Conradie
395. Informant: mnr. H.C.T. Müller
396. Marais (1928), bl. 1.
397. Ross (1972), bl. 316.
398. Ross (1974).
399. Bach (1974), bl. 79.
400. Jacobs en Rosenbaum (1968), vgl. veral hfst. 25: "Relative clauses".
401. Ibid., bl. 200-2.
402. Ibid., bl. 203.
403. Ibid., bl. 204.
404. Ibid.
405. Lakoff (1970), bl. 122.
406. Jacobs en Rosenbaum (1968), bl. 204.
407. Vgl. Burt (1971), bl. 251.
408. Bach (1974), bl. 268.
409. Lakoff (1970), bl. 122.
410. Ibid., bl. 123.
411. Emonds (1976), bl. 167.
412. Stockwell, Schachter en Partee (1973), hfst. 7: "Relativization".
413. Ibid., bl. 423 v.
414. Emonds (1976), bl. 170. Bach (1974, bl. 273) voer egter aan dat die universele onderliggende volgorde waarskynlik NS-S is.

415. Stockwell, Schachter en Partee (1974), bl. 173v.
 416. Ibid., bl. 435v.
 417. Ibid., bl. 440v.
 418. Op enkele verskille tussen nie-deverbatiewe b.nwe. en b.v.dwe. kan kortliks gewys word. Terwyl die b.v.dw. ook postnominale en as bywoord verboë kan wees (as dit ongereg. is), is die b.nw. slegs voor die s.nw. verboë en sporadies as bywoord voor b.nwe. Die b.v.dw. (gereg. of ongereg.) is altyd verboë voor die s.nw.; die gewone b.nw. soms onverboë. Ons kan die verbuiging-sisteem van die gewone b.nw. beskou as 'n subsisteem van dié van veral die ongereg. vdw., want lg. is nie net in dieselfde kontekste verboë as e.g. nie, maar in méér.
- 'n Afsonderlike probleem waarop ons hier nie kan ingaan nie, is waarom prenominaal byvoeglike fleksie hoegenaamd nodig is (vgl. ook die Eng. vbe. van Jespersen, par. 4.2.1 hierbo). Enkele moontlikhede is: dit dui aan dat die daaropvolgende s.nw. - of, by gebrek daaraan, die woord self - die kern van 'n NS is; b.nw. lê baie na aan s.nw. (wat fleksie het) op die woordskoorte-skaal (vgl. par. 3.8.2); die fleksie markeer 'n element wat uit sy tuiskonteks geïsoleer is; die prenominaal konteks is 'n konteks waar fleksie a.g.v. die hegte struktuur van en die vaste volgorde binne die NS 'n soort oppervlakkige beskerming geniet, vgl. in Afr. ook nog die redundante imperfekmarkering van mod. hulpwwe. na regs (so moet kan → so moes kan → so moes kon); die behoud van die inf.-uitgang na te, in te wete, te hope, ens.; die verpligte behoud van die voorwerpsvorm binne die onmiddellike bereik van 'n voorsetsel t.o. die opsionele verval daarvan in konjunksie: namens my eggenote en ek; net onder ek of my vrou se toesig; kans gesien vir Loek en ek (M130).
419. Emonds (1976), bl. 169.
 420. Bolinger (1967), soos o.m. met Afr. in verband gebring deur Botha (1973).
 421. Jackendoff (1972).
 422. Ibid., bl. 61. Een moontlike oplossing van hierdie probleem is om uit te gaan van 'n abstraksie soos hande leeg en dan bv. leë hande af te lei d.m.v. 'n NS-verrykings-transformasie of hande wat leeg is d.m.v. 'n WS-uitbreidingstransformasie (vgl. Botha (1973), bl. 66v). 'n Ander benadering word aan die hand gedoen in Conradie (1978) en gaan uit van die veronderstelling dat 'n grammatiese element (woordskoort, subkategorie van woordskoort, soort sintuk, ens.) 'n tipiese "tuiskonteks" het. Terwyl die b.v.dw. se tuiskonteks die werkwoordstuk is, is dit nie noodwendig die geval met nie-departisiële b.nwe. nie, en veral nie die sub tipe wat slegs prenominaal voorkom nie. Dit is m.i. moontlik om te redeneer dat b.nwe. in die dieptestruktuur prenominaal is en transformasioneel êrens heen verplaas kan word, of dat b.nwe. 'n tussenkategorie vorm waarvan die subkategorieë of individuele gevalle prenominaal of postnominale primêr "tuis" kan wees.

423. 'n Moontlike uitsondering is die Afr. onvoltooide dw., wat postnominale dikwels onaanvaarbaar is, vgl. *die man wat werkend(e) is.
424. Emonds (1976), bl. 171.
425. Chomsky (1968), bl. 73.
426. De Villiers (1975), bl. 145.
427. Slegs enkele teenvoorbeelde is gevind, nl. in die gesproke taal "my vader baie vroeg gestorwe" (ellipties, in HK184 13), en: "En [mense] wat nou eintlik veelal verdwene is", en voorts uit 1925: "is nou geblyk dat" (DB3:4), "omtrent 50 skape is verdrink" (D06:7 - waarskynlik werkwoordelik).
428. RAI11.1.76 adv.
429. RAI11.1.76.
430. Dit is origens moontlik dat daar 'n hegte, sistematiese-paradigmatiese verband tussen afsonderlike leksikon-items bestaan, vgl. o.m. die volgende pare: uitkies x gekose, verbind x gebonde (vgl. n85), lees x belese, prys x onvolprese, toesluit x geslote, splits x geplete, sterf x verstorwe (vgl. n289), bestry x omstrede, vasvang x gevang (vgl. n320), weef x verwewe, ens.
431. Die aanname dat hulle heeltemal los staan van die werkwoord, en die fonologies bepaalde prosesse van deelwoordvorming waaraan hy onderhewig is, sal verklaar waarom geverdwyn, geverbied wel moontlike deelwoordsvorme is, maar *geverdwene, *geverbode uitgesluit is.
432. Toe mutatiene v.dwe. met is/was nog in Afr. bestaan het, het ons ook die dubbelsinnigheid hier gekry, vgl. Die distrik is ten gronde gegaan (La93); jy moet maar goed oplet na die punoci. Sy is somer baie verswak (M40); En dis vorentoe geval - op die dak! (M73).
433. Van Haeringen (1962c), bl. 71-2.
434. Hier kan ook bygevoeg word dat hoe meer reduksie plaasvind, hoe moeiliker dit in elk geval word om te besluit of 'n bepaalde v.dw. "werkwoordelik" of "byvoeglik" is, sodat die tradisionele onderskeid om praktiese redes al geregverdig is.
435. Evers (1975), vgl. bl. 4 en 5.

436. Die gegewens waarop die grafiek gebaseer is, is die volgende:

<u>Register</u>	<u>Aantal</u> <u>woorde</u>	(Gebaseer op:	<u>Persentasie</u>			
			<u>A</u> <u>tot.aan-</u> <u>tal sterk</u> <u>b.v.dwe.</u>	<u>B</u> <u>aantal</u> <u>ongereg.</u> <u>b.v.dwe.</u>	<u>C</u> <u>aantal</u> <u>b.v.dwe.</u> <u>met stam-</u> <u>vb.</u>	<u>D</u> <u>aantal b.</u> <u>v.dwe.</u> <u>wat ook</u> <u>gereg.</u> <u>kon ge-</u> <u>wees het)</u>
spontaan	58.979		0,05 (29)	38 (11)	0 (0)	0 (0)
onderhoud	313.015*		0,07 (231)	74 (171)	18 (31)	3 (5)
Radio	51.600		0,13 (67)	81 (54)	20 (11)	0 (0)
Volkstraad	62.500		0,13 (82)	89 (73)	41 (30)	10 (7)
koerante	86.210		0,19 (163)	82 (133)	44 (59)	7 (9)
bel.prosa	71.500		0,18 (129)	64 (83)	31 (26)	16 (13)
preke	24.000		0,19 (46)	70 (32)	25 (8)	6 (2)
Byb.'36,'62	26.300		0,19 (49)	41 (20)	40 (8)	20 (4)
Byb. '75	26.300		0,16 (43)	42 (18)	28 (5)	0 (0)
wetenskapl.	59.500		0,27 (163)	71 (116)	53 (61)	14 (16)
regetaal	29.800		0,38 (114)	82 (93)	35 (33)	11 (10)
bel.poësie	45.075		0,27 (122)	43 (52)	33 (17)	19 (10)
ps.en ges.	10.650		0,45 (48)	94 (45)	47 (21)	38 (17)

*In die stadium toe ek van die "Hoofkorpus" gebruik gemaak het, was dit nog nie volledig vrygestel vir gebruik deur navorsers nie. In die loop van my ondersoek het aan die lig gekom dat teksgedeeltes met 'n lengte van na skatting 2.730 woorde per abuis tweemaal in die korpus verskyn; hierdie getal woorde is van die bekende groototaal afgetrek en dupliserende voorbeelde nie by die analise betrek nie.

437. Die nuwe bundel Die berymde psalms saam met die ewangeliese gesange (1978), met grondige wysigings aan die gesange, het te laat verskyn om sy deelwoordgegewens nog in hierdie hoofstuk te integreer. In 'n ontleding van die sterk b.v.dwe. in die eerste 50 gesange (geskatte aantal woorde: 7330; aantal b.v.dwe.: 20), is die volgende persentasies gevind: A: 0,27; B: 85; C: 65; B-C: 20 en D: 29. Hierdie gegewens vertoon 'n redelike mate van ooreenstemming met dié vir die 1944-bundel, met 'n neiging in die rigting van die belletristiese poësie (vgl. veral A en B-C).

438. 'n Voorbeeld van die skryfstyl in die geëkspeerde werk:
 "Die betrokke partye is aan hulle ooreenkoms of aan die
 vasstelling van die aangewese waardeerder gebonde.
 Hierdie gebondenheid ..." (F91).
439. Ferguson (1964), bl. 435.
 440. Ibid., bl. 433.
 441. Ibid., bl. 436. Selfs die argumente wat tipies ten gunste
 van die L-taal aangevoer word, was ook tipies van ons
 taalstryd, vgl. bl. 437.
 442. Ibid., bl. 433.
 443. Ibid., bl. 431 en 432.
 444. Ibid., bl. 432.
 445. Ibid., bl. 434.
 446. Ibid., bl. 431.
 447. Ibid., bl. 341.
 448. Die grafiek berus op die volgende gegewens:

	1925	1950	1975
Totale aantal woorde:	73.460	64.750	82.000
Aantal b.v.dwe.:	106	99	169
Aantal ongereg. b.v.dwe.:	73	72	144
Aantal ongereg. b.v.dwe.:			
wat verband met stam het:	41	21	53
Aantal ongereg. b.v.dwe.			
wat gereg. sou kon gewees het:	5	8	16

449. Stoops (1972), bl. 124.
 450. Die verskillende registers word nie in par. 4.3 met mekaar
 vergelyk nie - 'n opvallende verskil by die sterk v.dwe.
 was tussen die gesproke en geskrewe taal, maar wat die
 reëlmatige, swak v.dwe. betref, is die verskil tussen
 die aan- en afwesigheid van die uitgang baie meer sub-
 tiel as in die geval van die sterk vdw., en sou die
 transkripsies almal met die oog op slot-/t/ gekontroleer
 moes word. Die vorme met /t/ uit die gesproke korpora,
 en enkele uitganglose vorme, word nietemin in die
 tabelle weergegee.
451. Onderskeidelik bl. xxvi en xxvii, xxvi, 19, en 18 en 19.
 452. PJ3: te na/aan alles wat ver en afgesonderd bly
 453. SO: Dat hulle [= takke] nie alleen moet staan of afge-
sonderd sonder enige beskerming
 454. Br94: Aandagtig, miskien ook effens geamuseer, hou hy
 haar dop
 455. Die stam, bedaar, het 'n inchoatiewe aspek wat die b.v.dw.
 nie het nie.
 456. SO: die gewone tyd wat hulle bedaar en kalmeer is
 457. DB12:6: ewe bedoord die hand uitgesteek
 458. EN45: bedwelm deur elke lawwe vrees
 459. ST96: gips gaan onbehandeld na
 460. word ook onorganklik gebruik in hedendaagse Afr.,
 vgl. HK1435 35: as ek nou moet gaan stilsit en moet
bekommer oor al daardie probleme
 461. B93: en toe was hulle bekommer omdat die wyn gedaan was
 462. DB6:6: Waar die Opposisie bekommer [i] s oor die poging
 463. BE3:2: wat navorsers ... bekommerd maak oor
 464. Bempe is waarskynlik die stam van die b.v.dw. gemoeld.
 465. HIII6965: Dan, wanneer daardie posisie bepaal is

466. Lu¹¹2:22: soos deur die wet ... bepaal. Opm.: In die vbe. van bepaal wat hierna genoem word, het dit ook ongeveer dié betekenis.
467. B6: Dit is bepaald [= deur God bepaal]. Opm.: Talle gevalle van bepaald as byw. sonder stamvb. nie hier opgeneem nie.
468. Da37: Bedoel Jesus nou maar sommer onbepaald enige iemand wat bedoef is
469. AG33: Deur armoed al gebrei
470. Ps9:11: die kuil vir my berei/(r)
471. I.v.m. bereiding van bier.
472. Gs19:5: en hou ans vir u koms beraid/(r)
473. M5: vleis ... keurig voorberei [ellipties, letterlik].
474. Lo28: 'n bruinvis ... wat ... keurig voorberei, op die tafel ... verskyn
475. DB1:8 adv: As u nie voorberei is nie? [= vir die winter] Ons is vir u voorberei met die volgende kopies
476. RA11.1.76 adv.: Kieme kan enige tyd aanval - wees dus voorbereid.
477. VL37: Almal het die verskoning dat hulle nie voorbereid is nie behalwe Fanie
478. Be73: dat ek haar nooit onvoorbereid sou vang nie
479. Beitel hier beskou as stam van getiteld.
480. DB8:6: toe alle seksies van die bevolking verdeel was
481. Elf9: U is ook daarmee [= met moederinstink] bedeel
482. Elf28: As die baba al so bedeeld is
483. HK756 29: wat wel miskien nie so ryk bedeeld was wat verstand betref nie
484. Sm32: En dan is haar verdere waarneming boonop nog ... verdraaid
485. EN24: nog één gebed omhoog verhoord-(r). Vgl. onverhoor, EN50.
486. HII4264: asof my agb. vriende ... meer geïnteresseer is in. LW: transkripsie van gesproke taal
487. Vi17: 'n Aantal voorkomste wat geïsoleer is
488. Dui in sommige toepassings op gemoedstoestand.
489. RAI118.1.76: sy is 'n vriendelike ... mens, in haarself gekeer en
490. Br10: die lang buis ... nog omgekeer in sy bakkie kwik
491. EN38: Uit die wêreld omgekeer/(r) lokkend lag haar beeldjie weer
492. RAI111.1.76: en omgekeerd sal die groter motors al hoe ongewilder word
493. M74: so omgekeerd is alles geword
494. Vo50: omgekeerd eweredig aan. Opm.: byw. voor b.nw.
495. We37: 'n omgekeerd eweredige invloed
496. Ook onorg. in hedendaagse Afr.
497. RAI111.1.76 (gods. rubriek): As die bidder onbekeerd en verhard volhou
498. Elf84: Die baba word ten volle gekleed ... geweeg.
499. DB5:1: Indien u goed-gekleed wil gaan
500. Gs3:4: Christus ... bekleed met majesteit. Vgl. Gs7:2, waar dit pv. is: bekleed met gras die dal
501. HK825 25: die reun en die teef gekombineerd maak 'n baie goeie paar uit
502. H70: asof sy hele lewe in sy oë gekonsentreer is

503. Elf60: omdat hul gedagtes net op die baba gekonsentreer is
504. Elf52: om die voeding meer gekonsentreerd te maak
505. Elf58: is haar melk nie gekonsentreerd (ryk) genoeg nie. Opm.: Vgl. laaste drie vbe. van dieselfde skrywer: die meer figuurlike is sonder d.
506. HK: anglisismes klink nie altyd meer geleerd nie
507. Lb73: Ek is nie angeleerd nie, maar ongeletterd.
508. AG46: Sy naam die sy geloof/(r)
509. VL19: geloofd sy - asook die ander vbe. met -d.
510. B96: buig gemaakt diep
511. DB2:5 adv: op die tyd, datum en plaas genoemd
512. Elf: Die sintuig van gehoor is gewoonlik van geboorte af skerp ontwikkel
513. HI1864: land wat alreeds ontwikkel is
514. Mi102: Hulle was skoon, opgevoed en miskien nog meer ontwikkeld as
515. SO: dat die been ... onderontwikkeld was
516. RA11.1.76: wat berekend aanhits tot gevaarlike dinge
517. DB10:5: dat ons ... meer geseën sal wees met reëns; dat hul geseën is met 'n baie flukse predikant
518. Ps31:1: Maak my tog nie beskaamd vir ewig
519. Le37: onbeskaamd homoseksueel. Opm.: as byw. voor b.nw.
520. BE2:1: Die eerste aanduidings is dat dit geslaag uitgevoer is
521. DB8:6: toe hy doodgegaan het was daar 'n skakel van vriendskap ... gesmeed
522. AK42: glip besmeerd in my arms
523. Ps33:3: sien ons sy goedheid uitgesprei/(r)
524. Br86: Daar, versprei oor 'n afstand van seker honderd treë, maak hy sy ... strikke ... vas
525. PJ53: het die pokkies verspreid/(r) met die dood die onskuldiges ingehaal
526. NP9: soos 'n skildwag gestel
527. Lu''17:8: wat onder gesag gestel is
528. FB1: die perke ... gestel
529. HK: is hy verskriklik gesteld daarop
530. NP12: Maar swaar ontstel/(r) ... het Koki
531. Maar vgl. bestem in '75.
532. BJ42: ontstem soos ek is en leeg
533. Die stem mag egter steur wees.
534. Be15: Die kaarte ... lê verstrooi oor die tafel. Opm.: Ook gestrooi en bestrooi is let./oerdr.
535. Stem egter miskien betwyfel.
536. BE: dat die res van die wêreld, Engeland uitgesonder, nie in sulke fratsafstande belang stel nie
537. BE (Opm.: selfde bron as best.): uitgesonderd die geval van die Transkei
538. RA9:1: Van Wyk Louw was "besonder verbitter" oor die eerste Wet
539. EN51: waaroor ons nou verbyster staan
540. M100: die jonkmans, eers verbysterd deur haar glans
541. Ps17:2: My oog, verhelderd deur u rede
542. DB10:6: U kan daarvan verseker wees dat
543. F64: sal bereiking van hierdie doel alleen verseker wees as

544. Gs34:4: Ons kom dan, Heer, op u gebod, versekerd:
545. RA4:8: Ons goedere word ... versekerd versend. Opm.:
/t/skakeel dubbelsinnigheid uit.
546. J17: dui selfverseker ... 'n nuwe bedeling aan
547. Fe80: soos 'n bruid versier vir haar bruidegom
548. Vgl. kontras met vroeër en later vertalings.
549. Be95: sy hart is ... versteen
550. WS10: en in rooskwarts versteen/staan my kake oopgesper/
Opm.: Druk nie gemoedstoestand uit nie.
551. WS43: die vrugbaarheid versteen tot verlatenheid
552. Be47: versteend gestaan van die skrik
553. Be61: het ... versteend bly staan. Opm.: Let op wissel-
ling by dieselfde skrywer.
554. HK1929 13: mens vind die ouer kinders word baie verveeld
deur Langenhoven se verhale
555. Vgl. as ww. H11: dat sy vrou hom gaan vervreemd van baie
dinge wat, en bl. 40: 'n man wat ... almal van hom
vervreemd het.
556. DJ44: dan Josef wat verwar/(r) van deardie dy ... wegvlug
557. DJ33: Hy snuif en snuif, nog eers verward/(r) Opm.:
Vgl. ook verwar by DJ.
558. NP25: die takke bo, verward gestrengel. Opm.: Druk
nie gemoedstoestand uit nie.
559. DB8:6: Die land se sake so verward dat Opm.: Druk ook
nie gemoedstoestand uit nie.
560. Be92: dan voel hy homself myle ver verwyderd van hierdie
ruwe mense
561. Fe54: 'n uur te perd van hulle verwyder was
562. DB7:2: hoe verder hy van die werklike gebeurtenisse ver-
wyder is
563. SM61: Sal allerhande medisyne my genees as die lewende
oorsaak nie verwyderd is nie
564. DB7:8: gevol met ... gas
565. DT10:3: die staatekas is gevol
566. DB2:1 (geboorteaankondiging): ons wens vervuld (r)
567. RA14:8: iets sê wat gewaag is
568. Stam is bewapen, vgl. Lu¹¹11:21 en onbewapend.
569. Elf 10: As u met kennis gewapen is
570. Ps7:6: met skild gewapen [geen rym]
571. BE8:4: Gewapen met beter onderwys ..., het die swartes
572. HI1343: Ek is verwonder dat hulle
573. HI1315: kan ons verwonderd wees dat ...? Opm.: In vorige
reël staan: Ek verwonder my dat ...; let op noot 113.
574. Gs19:4: Leer ons om ... aan U gewy, getrou te handel
575. H13: Sy gees is stil, gewyd.
576. Gs2:4: na volbragte stryd
577. Vgl. by voorbedagte rade: Ps33:5: Hy ... weet wat daar
bedag is
578. Le104: onder verdagte omstandighede. Opm.: verband met
stam miskien nie so seker.
579. HII16958: Ek beskou hom as 'n deurdagte Parlementariër
580. PJ27: 'n verdroë/(r) wêreld
581. Sm28: die gras is totaal verdroë
582. A.P. Brink in RA: my pas gevoorte Gregoireskildery
583. Gs45:1: Die vyggekoute martelare
584. DT7:2: pasgeleende plaaslike eiers

585. DT5:2: ingelegde vrugte
586. HK524 19: Toe ontmoet ek daar 'n man wat se been afgesit is
587. HK1998 31: maar was so afgesit toe sy nou die klomp kinders sien
588. Van der Merwe in Aambeeld: is die weg oop vir voortgesette magsinvloed. Opm.: Verwys nie na die verlede.
589. SK39 1: Dit was die gesogde span
590. '50DT1:3: Nadat die konstabel hom die verlange inligting verskaf het Opm.:Swak v.d.w. sterk gebruik.
591. P.J. Nienaber '65: die voorheen versmade taal
592. RAI1: Rusland en Kuba se ongevraagde inmenging
593. Vgl. egter par. 4.3.9, waar die invloed van on- bespreek word.
594. Vgl. die bespreking by W+S, par. 4.3.2 hierbo.
595. Stoops (1972), bl. 109.
596. Ibid., bl. 110.
597. Ibid., bl. 113-4.
598. Ibid., bl. 119.
599. Ibid., bl. 122, 123-4.
600. Vgl. Hauptfleisch (1953) en Combrink (1969).
601. Vir 'n onlangse behandeling van die onderwerp, vgl. Liebenberg (1978).
602. W+S (1964), bl. 18.
603. Ibid., bl. 19.
604. Ibid.
605. Hauptfleisch (1953), bl. 74.
606. Ibid., bl. 75.
607. Ibid., bl. 76.
608. Ibid.
609. Ibid., bl. 82-3.
610. Ibid., bl. 83-4.
611. Ibid., bl. 84.
612. Ibid., bl. 86.
613. Ibid., bl. 82-4.
614. Combrink (1969).
615. Ibid., bl. 96-101.
616. Ibid., bl. 101.
617. Ibid. Dit is onjuis om hier enige afleidings i.v.m. uitspraak te maak; die vraag het gelui: "Vul die gepaste attributiewe byvoeglike naamwoorde in die oop ruimtes in" (bl. 96) en Combrink sê self (bl. 95) dat "baie baie dikwels ... daar 'n klank tussen /d/ en /t/ geuit (word)".
618. Combrink (1969), bl. 109.
619. Hauptfleisch (1953), bl. 83-4.
620. Combrink (1969), bl. 108-9. (Vgl. ook die volslae verdeeldheid t.a.v. gejag (bl. 107)). Hy meen dan ook dat stameind-s, -g en -f deur baie as stemhebbend uitgespreek word (bl. 109).
621. Ibid., bl. 107.
622. Ibid., bl. 109.

HOOFSTUK 5: VORMALTERNANSIE BY DIE STERK EN SWAK BYVOEGLIKE V.DW. IN DIE PERIODE 1875-1925, OOK MET VERWYSING NA DIE WERKWOORDELIKE V.DW.

5.1 INLEIDING

Die huidige sisteem en gebruiksfleer van die vormalternansie by die sterk en swak b.v.dw. is in hoofstuk 4 uitvoerig beskryf; in hierdie hoofstuk word op 'n parallelle wyse, maar minder uitvoerig, nagegaan hoe die vormalternansie daar in die periode 1875-1925 uitsien. Omdat die v.dw. in werkwoordelike gebruik in hierdie periode ook aan die alternansie deel het, word dit ook hierby betrek. Aangesien die hoofstukindeling en vraagstelling vir hierdie hoofstuk grootliks met dié van die vorige ooreenstem, word dit nie hier weer gegee nie.

'n Beskrywing van die onderhawige taalverskynsels binne die genoemde periode, is dié van D.F. Malherbe, wat hier ook ter inleiding op gewys kan word. Malherbe se beskrywing van die gebruik van die sterk en swak v.dw. in werkwoordelike en byvoeglike funksie in sy Afrikaanse taalboek is nie alleen 'n goeie weergawe van die taalgebruiksfeite uit dié tyd (1917) nie - vir sover dit altans uit die gegewens blyk wat vir hierdie hoofstuk gevind is - maar toon ook insig in 'n aantal belangrike probleme rondom die v.dw. Hy hou bv. "Nederlandse boekinvloed" vir vaste uitdrukkings soos "gedwonge arbeid" en 'n samestelling soos in "drukbesoekte vergadering" aanspreeklik. In verband met die laaste tipe sê hy: "Hoër ontwikkeling laat die behoefte ontstaan aan 'n meer gekonsentreerde uitdrukkingswyse"; terwyl drukbesoekte vir die ontwikkelde onaanvaarbaar is, sou die onontwikkelde tevrede wees met 'n omskrywing soos: "(daar was) baie mense op die vergadering"¹. Hy wys verder op die bestaan van "grade van meer of minder werkwoordelike betekenis" by die byvoeglike gebruik van v.d.w.e., met bv. die toenemende aanwysbaarheid van 'n werking in "'n bedroefde gesig", "'n beproefde middel" en "'n afgebrande huis"². 'n Kommunikatiewe funksionele faktor kom ter sprake as hy daarop wys dat die koerantopskrif "Nog 'n posiesie verowerd"

sonder die -d dubbelsinnig kan wees, al meen hy dat die -d selfs in sulke gevalle weggelaat kan word "waar die werking duidelik gevoel word"³. Malherbe se gevoeligheid vir die faite blyk o.m. uit sy bespreking van geleer, soos in "mijn perd is nog wild maar jouwe is geleer", ten opsigte waarvan hy hom afvra of "neë uit die tien geleer nie hier (sou) opvat as b.n.w. puur en simpel" nie, al sou niemand hier 'n -d skryf nie⁴. Die b.v.d.w. geleerd het immers vandag die kenmerk [+akademies] of [+boekagtig]. Malherbe se opvatting dat die swak v.d.w. by bywoordelike gebruik oral 'n -d neem (bv. onverdeeld, bepaald⁵) is in ooreenstemming met die onderhawige ondersoek, waar 56 gevalle met en slegs 10 sonder die uitgang gevind is. Wat afsonderlike vorme betref, is georwe, wat vir Malherbe nog net by enkele oumense voorkom, in w.w. funksie aangetre⁶, en gekog, wat vir hom "aanstellerig" klink, meermale⁶. Die -d word volgens hom gehoor en geskryf o.m. in teleurgesteld, gesteld, geëerd, -gebouwd, vermoed en onveranderd⁷; dit is, met die uitsondering van teleurgestel wat meer dikwels sonder as met die -d opgeteken is, in ooreenstemming met wat gevind is. Malherbe sien Nederlandse invloed in die toevoeging van die uitgang tot gevalle soos verloof, beleef en bevrees⁸; in die onderhawige materiaal is verloof altyd en bevrees oorwegend sonder -d aangetref, maar beleef met en sonder -d.

Ten slotte kan daarop gewys word dat Malherbe Nederlandse boeke daarvoor verantwoordelik hou (naas "ontwikkeling") dat heelwat sterk b.v.d.w.e., veral in geykte uitdrukkings, "in jonger tijd op die voorgrond gekom" het⁹; ook wat betref die toevoeging van -d na stemlose klanke en ng dink hy aan Nederlandse invloed¹⁰. In die lig van die baie v.d.w.e. wat in werkwoordelike funksie aangetref is in ongereg. vorm, is die volgende bewering van Malherbe ook belangrik: "Behalwe in 'n paar gevalle kom die sterk verl. deelw., met suiwer werkwoordelike funksie nie in Afrikaans voor nie"¹¹.

5.2 DIE STERK V.DW.

5.2.1 Inleiding

Soos in die vorige hoofstuk word hier ook van 'n korpus gebruik gemaak. Anders as in die geval van die vorige hoofstuk is die bronne waaruit gekies kon word in hierdie tydperk van baie beperkter omvang en dikwels andersoortig. Die ontleding steun hier meer op voorbeeldsinne en minder op statistiese gegewens as wat in die vorige hoofstuk die geval was.

5.2.2 Sterk v.dwe.: materiaal

5.2.2.1 Keuse en weergawe van die materiaal

Die materiaal wat gekies is om die tydperk 1875-1925 te verteenwoordig, dek sommige van die registers wat in die vorige hoofstuk ondersoek is en word beperk deur wat beskikbaar is. Die gesproke taal kon bv. nie ondersoek word nie en koerante uit die twee tydperke is qua inhoud en diversiteit nie vergelykbaar nie. Verder is die verspreiding in sommige kategorieë nie egalig deur die hele tydperk nie of minder verteenwoordigend van die hele tydperk as wat die geval was met die tydperk vanaf 1925 (vgl. bv. die Bybelvertaling uit 1923-4) of die verspreiding is nie bekend nie (vgl. die bundel gedigte uit die Patriottyd, waar datum van publikasie van die verskillende gedigte nie verstrekkend word nie).

Voorbeelde word alfabeties volgens grondwoord gerangskik. Semantiese en sintaktiese gegewens word net in sommige gevalle verstrekkend. Met die uitsondering van PAI, II en III, waar enkele kolomme nie gekopieer kon word nie, is al die ander tekste sistematies geëkskiseer; daar is met 'n enkele uitsondering geen los voorbeelde uit bronne buite die korpus opgeneem nie.

Die geëksiseerde bronne - alles geskrewe taal - is kortliks die volgende (vgl. bibliografie vir volledige besonderhede):

a. Prosa

- a.a Koerante en tydskrifte. Die volgende is volledig geëkserepeer, tensy anders aangedui (advertensies is nie geëkserepeer nie):

Afkorting

- Faksimilee-weergawe van Die Afrikaanse Patriot, eerste jaargang, 1876 PA
Di Afrikaanse Patriot, 3.12.1880 PAI
Di Afrikaanse Patriot, 27.3.1890 PAII
Ons Klijntji, Aug. 1896 OKI
Di Afrikaanse Patriot, 25.10.1900 PAIII
Ons Klyntji, Okt. 1906 OKII
Die Brandwaq, 15.2.1910 (gedeeltes) BR
Die Boerevrou, Jan. 1920 (gedeeltes) BO
- a.b Belletristiese prosa.
 Hoogenhout (1879): Catharine Ho
 Cachet ("Ou Oom Jan") (1907²): Sewe duiwels (bl. 5-55) Da
 Naser (1898-9): "Wat geld kan doen" en "Deur hoogmoed misly" Ne
 De Waal (1914): Die tweede Grieta (bl. 1-100) Wa
 Reitz (1918): Beproewing (bl. 9-58) Rei
 Du Toit, D.P. (1918): Sijn pa se skuld (bl. 1-50) Toi
 Van Reenen (1920): Verborgte skatte (bl. 13-69) Ree
- a.c Kerktael
- a.c.a Rossouw (1881): Evangeli in di Volkstaal (bl. 5-54) EVO
- a.c.b Die boek Lukas uit Die Vier Evangelieë en die Psalme (1923) EVPe
 (Saam met S.J. du Toit se "Dri proewe" van 'n Bybelvertaling, 1889, ook ontleed as "godsdiensstaal", vgl. n148) BybSJ
- a.d Nie-fiksie
 Du Toit, S.J. (1887): Die geskiedenis van ons land GL

<u>Die Afrikaanse Almanak</u> (1882) (gedeeltes)	ALI
<u>Die Afrikaanse Almanak</u> (1890) (gedeeltes)	ALII
<u>Die Afrikaanse Almanak</u> (1900) (gedeeltes)	ALIII
<u>Die Afrikaanse Almanak</u> (1909) (gedeeltes)	ALIV
Von Wielligh (1918): <u>Eerste skrywers</u> (bl. 1-52)	VW
Kestell (1920): <u>Die voortrekkers</u>	KE
b. <u>Belletristiese poësie</u>	
<u>Eerste Afrikaanse printjies boeki</u> (1879)	PB
<u>Afrikaanse gedigte</u> (1876-1906) (bl. 1-51)	AFG
Brink, M. (1904): <u>Die reis naar Kaapstad</u> (bl. 1-51)	BRK
Totius (1913): <u>Rachel</u>	TOT
Celliers (1915-6): <u>Martjie</u>	CEL

Wat die weergawe van die gegewens betref, die volgende: In die opsomming van die sistematies geëkserpeerde gegewens hieronder word 'n grondwoord slegs opgeneem as ten minste een ongereg. b.v.dw. daarvoor opgeneem is; grondwoorde met slegs ongereg. ww. v.dwe. word in 'n aparte lys opgeneem. Ww.v.dwe. word hier veral opgeneem om te illustreer hoe dikwels die ongereg. vorm in geskifte voorgekom het; die meeste skrywers van Afr. was dus goed bekend met die ongereg. vorme.

Waar die sintaktiese konteks aangedui word, word dieselfde kode gebruik as in par. 4.2.2.2 hierbo. Semantiese gegewens soos "letterlik" en "figuurlik" word slegs sporadies verstrek. Die asterisk dui weer eens daarop dat die v.dw. (of sy afleiding) 'n gemoedstoestand uitdruk. Bibliografiese verwysings verwys regstreeks na die bron. Tensy anders aangedui, bv. deur "ww.": werkwoordelik, of "dub.": dubbelsinnig - d.w.s. werkwoordelik of byvoeglik te interpreteer - moet aangeneem word dat die v.dw. byvoeglik gebruik word. Ander afkortings is: "k": (sintaktiese) konteks; "r": v.dw. rym met ander woord; "el.": elliptiese gebruik; "n": noot. Bibliografiese verwysing is meestal na die bladsy, maar in die geval van EVPs na hoofstuk en teksvers en in die geval van Afrikaanse Patriot (nie die faksimile-uitgawe nie) slegs na kolom-

nommers omdat bladsynommers in die fotostatering verlore geraak het.

In par. 5.2.2.3 word grondwoorde waarvoer ongereg. vorme slegs in werkwoordelike funksie opgeteken is, afsonderlik behandel.

5.2.2.2 Grondwoorde en gegewens

BAAR gebore Wa70 EVPs7:28 ingebore PAII:6 Wa3 eersgebore EVPs2:7 geborene TOT90,92 n12 ongeboorne TOT90 eniggeborene EVPs9:38(k10)

BEDERF bedorwe PA23 (korrels) GL129 (eyers) ALIII39 (reuk); telkens fig. in PAIII:2 AFG77 EVO33,52 en 54 AFG76 ww.: EVO14

BEDRIEG bedroge Ne98 AFG77,93 en 154 ww.: PA92

BEGIN begonne OKIII12 (k6) n13 ww.: PA68 OKIII12

BERG geberg BR469 n14 geborge AFG145 (r, fig.) CEL18 (fig.) ferborge/verborge soos sedert 1925 gebruik: PA60,3 (2x) BR449 GL32 ALII22 PAIII:2 Ho169 Ree45 (2x) en 54 AFG145 EVO23 en 50 (2x) EVPs 8:17,8:47,9:45,12:2,18:34 en 19:42; meer letterlik: Ho146; metafories: Ho167 n15 verborre PA27 (gebed); as s.nw.: verborge EVPs11:33 verborgenheid TOT9 verborgenhede EVPs8:10

BESIN onbesonne Toi39 AFG42

BIED aangebied BR449 (k4bi) angebide Ne50 (ww.) verbied ALIV71 n16 gebode ww.: GL131 Ho115 CEL31 aangebode BR469 n17 ww.: GL51 ALI67 CEL14 ferbode/verbode/firbode ALII37,52 en 53 ALIII52 en 51 ALIV18 PB20 en 27 AFG75 (r) en 142 (vrugte) CEL82 (vrug) EVO33 (boom) ww.: GL35, 66,67,78 en 129 EVO41

BIND gebind Wa97 n18 vasgebind TOT19 (let.) omgebind Reil4 (let.) verbind KE15 (fig.) n19 CEL43 (fig.) gebinde OKI 109 n20 ww.: PA152 PAIII:5 ALII28 en 31 ALIII25 opgebinde ww. ALII28 ALIII22 fergebinde AFG (k4c) gebonde fig.: PA51 en 104 OKI18 (2x) ALI51 Rei31 CEL57 n21 oordr.: PA178 (van boek) GL131 (k3a, van IEM) vasgebonde AFG139 (r) n22 ongebonde GL131 n23 ferbonde/verbonde fig.: PAIII:4 OKIII12 VW26 Ho127 AFG43,138 en 142 Ho156 n24 ww.: GL128 ontbonde fig.: GL98 ALI63

BLAAS opgeblaas* PAIII:2 n25

BLY geblewe ALI91 (k4bii) ww.: PA83 en 143 GL139 o'ergeblewe KE39 (k5a, seun) Wa24 (k5a, kind) ww.: PA58 oor-geblevene/oorgeblewene KE31,82 (albei k10)

BRAAI gebraaide EVPs24:42

BREEK gebreek let.: BR427 HO118 BRK36 oordr.: EVO21 opgebreek PA99 (van Parlement) ferbreek AFG19 (let.) oopgebreekte PA26 gebroke fig.: VW14 (Iaggie) WA3 (man) AFD120 (r) EVO46 EVPs4:18 ww.: KE46 afgebroke BR469 (k9) angebroke ALI92 (dub.) onafgebroke fig.: BR450 (k5a) Ne61 (k5a) byw. (=k9): ALIII41 KE49 HO111 Wa75 CEL22 ferbroke/verbroke fig.: HO148 AFG100 ww.: PA19

BUIG gebuig let: Wa99 EVO22 neergebuig CEL72 (let.) gebuie EVPs 13:11 (let.) VW35 (ww.) gebuigde let., k5bi: OKII5 AFG103 kromgeboë Ree26 n26 geboge TOT14 (k9) CEL23 (k4d) EVO16

BYT gebete PAII:6 n27

DOEN LW: Vorme op -doen is nie volledig sistematies geëkserpeer of weergegee nie; slegs enkele gevalle word gegee. gedoen OKI103 n28 OKI105 n29 AFG63 n30 a(a)ngedoen OKI104 n31 Ne40 n32 gedaan baie dikwels werkwoorde-lik gebruik, vgl. o.m. PAI BR GL ALI Ho Ca AFG EVO - dus veral voor 1900³³. kadanna OKII5 n34 welgedaan AFG98 (r) wél-gedaan CEL105 (ww.) afgedaan GL48 voorgedaan CEL105 (r,ww.) a(a)ngedaan PA8 n35 OKI117 AFG14 en 105 - stamvb.*: HO146 AFG56 (k9), 91 en 101 ww.: Wa10 n36 EVO45 n37 doodgedaan TOT28 (ww.) toegedaan PAI:5 ALI38 VW19 en 49 Wa36 AFG95 (r) opgedaan ww.: PAIII:6 HO133 o'ergedaan EVO24 (ww.) volstaan GL36 ww.: PAIII:8 ALI125 KE69 EVO31 (2x) gedane TOI16 n38 aangedene* Wa90 afgedane AFG32

DRA gedrage OKI111 n39

DRING gedronge TOT76 (ww.) doordronge EVO44 n40 opgedronge Wa67 (k10)

DRINK gedronke ALI77 TOT45 (r,ww.) ferdronke AFG48 (ww.)

DRYF gedryf AFG11 (let., r) gedrywe AFG98 (let.) Ne29

(fig.) angedrywe Ne22 (k4c) ferdrywe let.: PAIII:4 AFG2

gedrewe BR421 n41 ww.: AFG124 (r) AFG139 verdrewe BR471

(k5bii) n42 GL88 (ww.) bedrewe Ne64 Wa32 Ke86 (ww.)

bedreef AFG22 (ww.) speels-oordrewe CEL18 (k9)

DUIK opgeduik CEL19

DWING gedwonge ALIII56 (k5a, onderwys) Hol11 (k5a, stilte)
 Nø15,40 en 56 BR452 (dub.) PA103 (ww.) vrolik-ongedwonge
 CEL46 onbedwonge CEL46 (k5a, heerskappy) (vgl. ook par.
 5.2.2.5)

GAAN heengegaan Wa8 (dub.) ingegane TOT45 (r) vergane BR421
 (grootheid) vergange PA187 (jaar)

GEE gegee EVPs8:10 angege EVO13 (k4bi) oorgegee EVPs4:6,
 10:22 vergeef EVPs5:23,7:47 (vir ghaghaif/-ghief, vgl.
 par. 5.2.2.5) gegewe ALI85 (k5a) BR484 (k4bii) TOT48
 CEL96 ww.: BR470 ALII19 Hol09,110 (2x), 113,114,121,132,
 147,158,169 en 170 AFG25 (r), 42,100 (r), 139 (r) uitge-
gewe ww.: PA24 (r) ALI64 Hol18 opgegewe ALI98 (k5a) weg-
gegewe Hol60 (ww.) o'ergegewe ww. Hol57,158 en 162
vergewe OKII12 (ww.)

GENEES genees EVO18 EVPs8:2 en 17:15 genees ww.: EVO13,
 17,20 n43 en 22 ongenese TOT47 n44

GENIET genote BR450 (ww.) ALI96 n45 ALI97 (k4a)

GIET fergote AFG35 (bloed) AFG45 (ww., r)

GRAWE gegrawe OKI98 (let.) begrawe AFG73 (2x, let.) omge-
graafde Ree62 (let., k5a)

GRYP onbegrepe CEL75

HEF verhewe/ferhewe PAIII:4 (letters, let.) fig.: OKI111
 (oge) OKII4 ALIII19 (2x, r) ALII21 (r) KE101 (doel) AFG
 134 en 153 (r) AFG71 (ww.) ferhewene AFG147 (aand-uur)
ferhewenste OKII9 (3x: vrouens, geeste, ens.)

HELP geholpe ALI96 Hol15 n46 PAI:6 (ww.) n47

HOU gehou TOT1 (let.) behouwe EVO51 behoude EVO49 EVO26
 (ww.)

KIES gekose PA140 (k4bii) ALI39 (2x) uitgekose AFG145 (ww.,
 r) verkose ALI39 herkoze ALI65 uitverkore Wa30 (k5a)
 W98 (k5a, vriend) AFG139 (k4bii) EVO8 (k5a, gemeente)
 EVO34 uitverkorene/uitferkorene BR464 (k5a) s.nw.: EVO9
 EVPs18:7,23:35 AFG158 BybS352

KLINK vaspeklonke EVO38 (ww.) beklonke CEL63 n48 Hol70
 (ww.)

KNYP fasgeknyp Nø72

KOM gekom OKII7 (k6) BR471 (k6), BR474 (k6) n49 Nø70 (k6)

aangekom WA73 (k6) gekome ww.: OKII12 AFG1 (r) en 42
 EVO 6 en 33 omgekome(n) PA139 (ww., passim) ingekome
 BR452 (k5a) bekome CEL45
 KRIMP verkrimpte BR466 (let.) ingekrompe Hol20 (k5a, let.)
 Hol28 (k4a) bekrompe PAIII:2 (k5a, oligargi) OKII12 Hol10
 Ne54 Rei9 en 39 bekrompenheid Wa39
 KRY herkreë KE71 (k4bii) n50
 LAAI gelaai let.: OKI110 CEL17 oodr.: OKI102 belaa Ne55
 Wa82 n51 belade AFG3 (fig.)
 LAATuitgelaat* AFG44 (r) n52 gelate* AFG37 toogelate AFG48
 ww.: PAII:6 Hol26 EVO15 (2x) en 32 nagelate OKII12 (ww.)
uitgelate* CEL17 (k9) ferlate/verlate OKII15 (k9) Ne55
 (k9) Ne97 (2x) CEL72 ww.: Hol08 AFG25 (r) ferlatene AFG101
 (k10)
 LÊ geleë VW27 en 32 Wa94 (2x) EVPs12:15 afgeleë EVPs15:13
gelege BR473 ALI45 Hol30 Ca22 AFG61 Hol70 n53 afgelege
 BR468 verafgelege B09 ongelege OKI100 ALI45 wijdgelege
 TOT35
 LEES deurlese Ree47 (k5a, man)
 LOOP afgeloop OKII15 n54 BR465 n55 Toi47 n56 hardgeloup Ne33
 (ww.) ferloop AFG40 n57 afgelope k5a: PA151 PAI:1 B09
 ALII21 Ne17 en 59 kl: PAI :5 ww.: PAI:1 Hol24 en 128
weggelope Ca44 (osse) angelope ww. AFG99 (kom, r) AFG120
 (kom, r) ferlope AFG40 (ww.)
 LY gelede AFG132 (smart) AFG145 (r) oorlede KE96 Toi19 en
 20 verledene/ferlédene ("past," k10) VW1 (2x) Toi15 en 22
 Hol29 oorledene Rei55 (k5a, visser) o'erledene OKII9 (k10)
 LYK vergeleke EVO30 (k8a) n56
 MEET gemeet TOT69
 NEEM geneem Wa84 (k6) n59 BybSJ35 en 37 oergeneem PAI:5
opgeneem* OKII2 n60 weggeneem let.: KE79 EVPs5:35 ontneem
 OKII17 (r) aangeneemde Wa18 (seun) genome PA30 (2x, be-
 sluit) n61 ALI45 (k8a) n62 AFG97 ww.: PA169 en 30 GL103
 en 85 ALI91 en 100 Ca52 CEL100 EVO45 o'ergenome PA82 (ww.)
a(a)ngenome(n) PA151 (ledemate) BR466 (seun) Wa34 (kind)
 Wa93 (seun) Rei29 (ouërs) ww.: PAI:3 ALI51, 90 en 96
voorgenome PAI:2 (reis) Hol21 (besoek) Wa53 (oorlog)
ingenome(n)* BR469 ALIII37 KE72 ww.: GL130 opgenome*:

VW9 Hol44 Wa34 en 44 ww.: GL79 ALI97 ondernome: ALI36
 (ww.) weggenome ALI92 (ww.) verneme ww.: PAI:1 PB51 inge-
nomenheid KE23
 PRYS geprys PAIII:4 misprys AFG39 angeprese AFG12 (ww.)
folprese AFG47 (naam)
 RAAI geraai Ne30 n63 fasberade/vasberade* OKI110 (antwoord)
 Toi35 (k9) vasberadenheid* KE90
 ROEP geroep AFG157 geroepe(n) ALI37 n64 ALI38 ALII67 Wa28
 AFG139 ww.: PA172 n65 PAI:6 EVO10,11 en 41 opgeroepe PAI
 :6 (burgers) ALI69 beroepe ww.: PA86 (van predikant; so
 ook ander vbe.), 125 (2x), 126,169 en 189 PAI:6
 RY gery OKI101 berede PAIII:6 (infantri)
 SIEN ongesien TOT25 voorsien Wa4 (k4bii) onvoorsien EVPs
 21:34 (k3a) gesiende Ne59 (k5bii) n66 gesiene Wa4 (man)
onvoorsiene GL128 (storm) Hol59 (omstandighede)
 SINK versink Wa78 n67 weggesinkte Ne98 (k5bii) n68 wegge-
sonke TOT45 (let.) ingesonke EVO16 (oge) EVO20 ersonke/
versonke Cal5 (k4c) n69 AFG43 en 100
 SIT gesete AFG133 welgesete Rei43 n70 besete* EVP58:27
besetene* EVPs8:36 (k10)
 SKEI gesky ALII19 (r) AFG23 (r), 89 (r) en 90 (r) geskye
 AFG158 geskye AFG158 (r) geskyden AFG20 (r) afgeskeide
 PA187 (kerk) EVO43 en 44 (2x) onderskeie BR466 (ww.)
 SKEND geskonde OK Okt.1896 bl. 148 n 71 ongeskonde OK Okt.
 1896 bl. 148 n 71 PAII:5 (2x) n72
 SKEP geskaap AFG107 (r) n73 geskape GL13 n74 Wa18 en 32
 EVO23 en 30 BybSJ30 en 33 (2x) welgeskape Ne4 Wa5 (dog-
 tertjie) mooigeskape Reel4 (vingers) herskape Hol11 n75
 AFG34 (r) regskapene Ne3 (mense) (ghaskaapandei/-die:
 vgl. par. 5.2.2.5)
 SKIET⁷⁶ doodgeskiet Wa89 geskote ALI50 (ww., wortel) opge-
skote Reel27 (seuntjie)
 SKINK ingeskink TOT39 (k4bii) geskonke AFG48 (ww.) beskonk
 AFG59 (r) n77
 SKRIK onverskrokke AFG114
 SKRYF beskryf PA167 (ww.) n78 geskryf EVPs paasim voor-
geskryf VW22 n79 geskrywe PA107 en 108 PAI:2 PAIII:1
 (3x) en :2 (2x) ALII37 (3x) ALIII32 (2x) en 38 (2x) ALIV

18 (4x) BybSJ54 ALII62 (k5bi) n80 AFG8 en 90 hoogge-
skrijwe VW31 (k5a) n81 (on-)beskrywe OKII13 GL11 geskrewe
 PA135 (k5a, papiere) en 156 (antwoorde) VW31 (artikels)
 en 38 (strikke) GLi n82 ww.: PA122 PAI:3 GL23 ALI51, 52
 en 98 toegeskrewe BR449 (2x, ww.) uitgeskrewe ALI67 (ww.)
aangeskrewe WA12 beskrewe GL80 n83 CEL21 (k4bii) ww.:
 PA108 PA9 GLii ALI69 onderskrewe AFG139 (ww., r)

SKUIF halfafgeskuifde Wa93

SKYN son-beskene BR450 (sfaertjies) ferskene AFG146

SLAAN opgeslaan WA94 ingeslae VW32 (skrijfwijse) VW44 (weg)
 en 49 (rigting) terneergesla'e* Ne38 CEL51 verslae GL97
 n84 verslae* CEL14 en 32 EVPs2:48 EVO46 ontsla(e) Rei28
 en 29 geslage ww.: AFG99 en 145 versl'age PB7 (ww.) ver-
slaene EVPs4:19 (k10)

SLAAP uitgeslaap BR469 (let.) geslape Hol13 (ww.)

SLUIT gesluit Wa52 (verdrag, k4bii) en 55 AFG19 (k4d), 47
 (frede) en 107 EVPs11:7 opgesluit PAIII:4 Bo13 AFG23 (r)
afgesluit ALII52 Rei30 toegesluit ALIII38 VW52 Ne76 (2x)
 EVO37 ingesluit ALIV26 geslote TOT34 (2x, let.) en 44
 (let.) CEL1 (boere-huis), 2 (let., k4d), 5 (let.), 7
 fig.), 104 (k4d, let.) EVO45 (k5a, let.) EVPs4:25 AFG145
 (ww., r) toegeslote TOT33 (waterput) AFG136 (ww., r)
afgeslote BR421 (wandel-paadje) en 450 (wereld) ALII22
 (plekke) opgeslote OKIII12 (k4bii) n85 AFG36 (waters) en
 132 (fig.) ingeslote PAIII:3 (k8a) n86 ALII21 (k8b) n87
 en 25 (k8a) n88 ALIV77 (k8b) n89 Hol62 (k5a, brief) uit-
geslote ALI90 (k8b) n90 beslote PA148,149 (4x), 185,186
 (4x) en 187 (4x) ALI64,66 en 69 n91 PAIII:6 n92 PAIII:2
 ww.: PA11 en 125 PAI:5 GL25 ALI68,85 (2x) en 91 (3x) Ho
 143 EVO41 EVPs22:22 vasbeslote* Wa62 en 92 vastbeslote*
 Toi50 omslote CEL58 (k4c) n93

SLYP geslepe Hol18 (let., kraffie) Wa22 (fig., van IEM)
ongeslepen Ca40 (diamant)

SLYT⁹⁴ verslijt TOT55 (van skoen)

SMELT gesmelt ALII36 (let., van sneeu) AFG142 n95 samege-
smelt TOT75 (fig.) gesmelte BRvii (boter) halfgesmolte
 TOT71 (let.)

SNY gesny ALII31 ALIII44 AFG19 en 85 afgesny/afgesnij OKII
 9 KE83 Toi 33 EVO45

SPAN gespan OK115 en 6 Ne60 CEL34 ingespan Wa82 AFG102
 CEL66 en 73 uitgespan OKI99 OKI111 (3x) GL88 CEL19 ge-
 spanne BR450 (let., spinnedraad) Hol11* (fig., van
 stemming) langgespanne TOT36 (let., silwerdraad) o'er-
 spanne* Ne17 (geesdrif)

6PREEK geeproke(n) PA58 (landstaal) AFG120 (r) ww.: PA157
 en 152 PAI:1 en :3 Hol10 Ca34 uitgesproke OKI111 (k5a) n96
 GL131 (dub.) vrygesproke(n) ww.: GL76 (2x) en 86 afgesproke
 Hol38 en 155 (plekke) CEL17 (teken) ww.: GL76 (2x) en 86
 Hol39 besproke PAIII:6 (plek) ww.: PA125 ALI46,50 en 91
onbesproke EVO11 en 54

STAAN uitgestane TOT77 (r, kwellings) nuw-opgestane TOT78
 (r, nasie)

STEEK gesteek AFG19 (let.) opgesteek AFG105 (fig., r) Wa47
 (fig.) deursteek AFG19 (r, let.) opgestoek AFG29 (r) n97
ontstoke OKII7 n98

STEEL gesteelde GL92 (vé), 98 (vé) en 99 (vé) ALII52 (vé)
 ALIII49 (fé) AFG22 (brood, kos) gestole GL93 (vé) KE69
 (vee) TOT45 (ww.)

STERF gestorwe PA157 (mense) ww.: PA122 en 123 B09 GL19,
 37 (2x), 70 en 76 ALII27 KE11, 45 en 55 CEL10 EVO5,24,
 26 en 27 EVPs 8:49,8:52 en 8:53 uitgestorwe PA135 (dub.)
 n99 PB42 (k5a, boedel) afgestorwe EVO37 (dierbare)

STOOT verstote CEL77 (k4bii)

STRY gestrede AFG48 KE91 (ww.) onbestrede PAII:6 (voorstel)

STRYK verstryk Wa45 n100 verstreke BR463

STYG opgesteë Toi35 (bloed)

SUIP versuip BR470 (ww.) besoep* PB26 (r) n101 AFG28(r) en
 91 (r)

SWEER ingesweerde PAIII:5 (Juri) geswore AFG105 (trou)
 AFG120 (ww., r)

SWEL geswel ALI82 geswelde OKII16 (bakkiis) VW4 (strepe)
 Wa14 (strepe)

TREF getref OKI117 getroffe Hol19 (fig.) ww.: Ca25 CEL19
 en 23

TREK getrek let.: BR422 Wa100 AFG149 a(a)ngetrek BR426
 Hol22 AFG96 ingetref CEL33 deurtrek BR466 oortrek B017
 (let.) getrokke ALI79 (oordr.) Wa75 n102 Rei53 n103 ww.:
 PAI:2 EVO44 ingetrokke PAI:4 a(a)ngetrokke* BR421 Hol07
 (ww.) opgetrokke Ree51 (let., winkbroue) vertrokke ww.:

PA20 GL44 en 134 betrokke PAI:4 ALIV26 KE9 Wa15 (onderwyser) en 51 (omgewing) Rei 57 (persone) AFG114 n104 ww.: Wa17 voltrokke GL32 (dub.)

VAL gefal OKI108 (let., 2x) en 114 (oordr.) toegefal OKI98 (let.) gevalle EVO25 (dub.) n105 ww.: PAI:6 AFG93 uitgevalle Wa73 (wange) ontvalle VW8 (ww.) ferfalle/vervalle Ne32 (van IEM) TOT37 (heiligdom) gevallene BR484 (k10) foorgevallene/foorgefallene Ne78 (k10) en 82 n106

VANG gevang PAIII:2 BRK10 en 31 CEL31 n107 opgevang TOT1 bevang KE91 n108 EVPs 4:38 n109 en 8:37 n110 ontvang OK III1 EVPs 2:21 gefange/gevange PA78 PAIII:1 en :6 (geneem) OKI102 (gé) en 114 (neem) OKII8 (geneem) GL85 (genome), 87 (neem), 88 (geneem) en 99 (neem) ALI67 n111 ALI67 (geneem) Wa64 (geneem) CEL56 en 59 EVO45 (geneem, genome) AFG55 (dub.) ww.: PAIII:2 PB59 (r) ontvange ww.: ALI90 EVO32(2x) en 54 gefangene/gevangene PAIII:5 (geneem) k10: PAIII:2, :3, :5 en :6 ALIV26 AFG104 (2x) EVPs4:19

VERDwyn ferdwiin/verdwyn VW42 Ne107 Wa82 Rei29 CEL93 verduynde Wa9 (k5a) n112 ferdwene/verdwene KE103 Rei9 n113 AFG100,146 (r), 136 en 114 n 114 TOT37 CEL25 en 69

VERGEET fergeest/vergeet PA109 n115 en 178 n116 OKI117 Ne 58 CEL58 n117 fergete/vergete Ne81 AFG134 CEL30 (ww.) Godfergete AFG48 (k5a, 2x) en 49 (k5a, 2x) en 49 (k5a, 2x).

VERLOOR ferliis/verlies ww.: Ca33 n118 PB28 n119 AFG8 n120 ferloor/verloor AFG14 CEL94 n121 Ca34 (ww.) ferlore/verlo(o)re(n) PA83 (2x) PAI:3 (gaan) OKI114 OKII14 (gegaan) BR449,471 en 477 VW6 Ne30,55 en 77 Wa86 AFG20,98 en 99 CEL95 en 101 Rei14 EVO11 (gegaan), 12 (gaan), 12, 20 (gaat), 25,26 (2x), 28,29 (3x), 31,32,33 (2x), 37 (2x), 48 (2x), 49,50 (2x) en 51(3x) EVPs15:4 (k5a), 15:6, 15:24 en 32, 19:10 en 21:18 ww.: PA58 Tot33 AFG139 droom-verlore* CEL25 (k9) diep-verloorne TOT90 (r, k10)

VIND gefinde/gevinde ww.: OKI110 en 111 OKII10 en 12 BR 462 ALIII38 en 51 NE23 uitgefinde/uitgevinde ww.: OKI 105 OKIII en 4 PB53 befinde OKII4 (ww.) onderfinde/ondervinde ww.: Ca26 Ne38,60,68 en 71 gefonde/gevonde ww.:

PA51 PAII:6 BR484 (2x) OKII16 ALI100 ALII53 ALIII31 KE10
 en 83 Ca42 en 50 AFG125 (r) en 148 EVO11,23,49 en 50
uitgevonde ALII58 (ww.) onderfonde/ondervonde ALII21
 (k4bii) n122 ww.: Ho47 en 171 Toi 19
 VLEG geflegte OKII9
 Vlieg gevloge Toi6 n123 ferflogte AFG42 N124 AFG101
 VOU toegefou Ne76 toegefoede Ne71 en 99 ALIII38 saamgefoude
 Ne74
 WEEF saamgeweef CEL91 (fig.)
 WEEG bewoë* EVPs7:13 (dub.) n125, 10:33 en 15:20 EVPs21:26
 (ww.) n126 gewoge AFG145 (r) CEL87 (ww.) bewoge CEL77
 (ww.) onbewoge* PAIII12:4 n127
 WEES gewése Ne99 (briefaanhef, froutji)
 WEN (Ndl. winden) opgewonde* OKII4 GL81 Reil3 en 40 Toi41
 Ree24,53 en 65 CEL27 en 79 KE58 n128 opgewonnenheid*
 GL81 (k10)
 WEN (Ndl. winnen) gewonne KE59 (van strijd) CEL9 (gee)
 ww.: PA127 GL23 en 37 CEL11 ingewonne ALI91 (ww.) n129
oorwonne KE37 (stam) owerwonne AFG97 (k4c, let.) oorwon-
nene KE18 (k10)
 WERP gewerp Wa100 n130 uitgewerp EVPs13:28 (let.) verworpe
 ALI69 ww.: PA184 ALI68 EVO8 EVPs17:25 onderworpe PA28
 n131 GL24 ALII37 EVO33 EVPs10:17 en 10:20 ALIV22 (ww.)
 WRING smart-verwronge CEL98 (trekke)
 WYK geweke ALI91 n132 Toi24 (let.) uitgeweke GLi (boere)
 WYS angewys PAIII:5 (k4bii) a(a)ngewese BR468 (baas)
 ALI50 (weg) VW47 (persoon) KE49 (persoon) bewese PA156
 (dub.) n133 PAI:4 (dub.) ww.: ALI36 KE9,10 en 11 onbe-
wese PAI:4 (k9) n134 onderwese ww.: EVO26 EVPs1:4

5.2.2.3 Ongereg. vorme slegs werkwoordelik gebruik

BID gebede PA104 angebete ALIV22 (2x)
 DELF bedolwe PAI:5 n135
 ERF georwe Holl5 n136
 SEND gesonde EVO26 weggesonde EVO16 uitgesonde EVO31
 SKEL geskolde AFG11 n 137
 SKENK geskonke PAI:6
 SUIG gesoge AFG36 n138 ingesoge PA118

VERBAN verbanne P#103

WAS gewasse¹³⁹ EV15 (2x)

WERF verworwe AFG133 TOT48 n140

WORD¹⁴¹ geworre OKIII2 PB46 EVD23 geworde: kom baie algemeen voor, o.m. in OK, Ho, Ne en EVO.

5.2.2.4 Wisselvorme

Enkele wisselvorme wat in dieselfde teks of by dieselfde skrywer voorgekom het, is die volgende: "hooggeskrijwe Afrikaans" (VW31) x "geskrewe" op dieselfde bl.; "die gestole vé" (GL93) x "gesteelde vé" (bl. 92,98,99, ALII52, ALIII49 en vgl. AFG22: "gesteelde brood/kos"); "het ... verlies" (Ca33) x "het ... verloor" (Ca34).

5.2.2.5 Vorme uit 'n Arabiese-Afrikaanse Kategismus

Van Selms publiseer in 1951 "'n Tweetalige (Arabiese en Afrikaanse) Kategismus", in die vorm van vraag en antwoord, waarvan die datum van uitgawe nie duidelik is nie, maar waarvan hy sê dat die eksemplare wat hy tot sy beskikking gehad het nie so oud lyk dat hulle selfs uit 1868 afkomstig kan wees nie¹⁴². Ek noem dus enkele relevante voorbeelde in hierdie hoofstuk; die meerderheid is werkwoordelik (bl. verwys na Van Selms 1951).

ghaskaapendei/-die: geskapene (skepping)
(k10), bl. 50

ghadawing/ghadawink/ghadiwank woer(a)t:
gedwing word, bl. 54,59 en 60

ghaghaif het: gegee het, bl. 67

ghaghief woert: gegee word, bl. 71

5.2.3 Grammatiese aspekte van die vormalternasie

Sekere van die onderwerpe wat in hfst. 4 ter sprake gekom het, word nou ook met verwysing na die onderhawige materiaal aangeroer. Van 'n meganiese ontleding word hier nie gebruik gemaak nie; die bespreking steun veral op opgetekende voorbeelde.

5.2.3.1 Verband met stam

Enkele kere word die v.d.w. verkeerd gebruik, wat 'n aanduiding van ondeursigtigheid kan wees, vgl.: "in watter grote foorregte hulle ... deel waarfan ek ontstoke (i.p.v. verstoke) is" (OKII7); 'n "dag so deurgebrenng, was 'n opgewonde (i.p.v. opwindende) en gevaarlike genot" (KE58); "by 'n besproke (i.p.v. afgesproke) plek": PAIII:6; "'n welgesete figuur" Rei53.

Dit is moeilik om met sekerheid te sê of daar vir die taalgebruiker in 'n bepaalde geval 'n verband tussen 'n v.d.w. en sy moontlike stam bestaan. Daar is egter gevalle gevind wat dui op 'n mindere graad van morfologiese gefossiliseerdheid as wat vandag bestaan. Naas onbegonne kom bv. vandag nie meer begonne voor nie; vgl. egter uit die periode voor 1925: "In Pretoria begonne, ... het die Genootskap haar invloed ..." (OKIII2)¹⁴³. Naas ongeskonde vind ons by S.J. du Toit ook geskonde: "net so hard gewerk as ek kon om die deel wat ongeskonde gebly het tussen die twee geskonde plekke klaar te kry"¹⁴⁴. In die betekenis van "vasbeslote" maar buite dié geÿkte samestelling staan: "Ons is beslote ... dat ons" (KE51); buite die geÿkte teruggetrokke om, kry ons: "daarom was hy so ... in sigself getrokke" (Rei53).

Daar is ook nog ander aanduidings dat die ongereg. vorme se verband met die stam sterker was voor as na 1925; die blote frekwensie van ongereg. suiwer werkwoordelike vorme in dié tyd, maak dit waarskynlik. Vgl. die volgende gevalle: "Ons wat (sic) tot die handelwijse gedwonge" (Br452, dub.); "voor 'n billike prys met voer ons. geholpe worde" (PAI:6, ww.); "Judas, tot dissipel uitferkore" (AFG139, r); "word die ware soldate van Christus kruis geroepe om" (PA172, ww.) in: "Ons word geroepe tot self-onderek" (EVO10); herskape in die betekenis van "omskep" (HO111) en "herskep" (AFG34); "Kaffers versla'e" (GL97, opskrif, = "verslaan"); "Ni so seer om die uitgesproke woorde in" (= die woorde wat uitgespreek is, OKI111); "Meer as twee jaar is ferfloge" (AFG42); "die Duitse Rege-ring onbewoge sal laat" (PAIII:4).

Daar is ook 'n aantal gevalle van b.v.dwe. wat gereg. is, maar volgens die huidige taalgevoel waarskynlik nie 'n verband methulle stam het nie, vgl. "Hy ... is so opgeblaas dat hy denk dat hy (Kruger) bestemd is om" (PAIII:2); "so bly en angedoen was hy o'er di heerlike tyding" (Ne40); uitgelaat t.o. vandag se uitgelate (AFG44, r); 3x afgeloop waar ons vandag gewoonlik afgeloop het (OKII5, BR465, Toi 47); opgeneem i.p.v. opgenome (OKII2), "dat dit nou nie fer my geraai is om" (i.p.v. gerade, Ne30). Die geregulariseerdheid kan andersyds miskien 'n aanduiding wees dat die verband met die stam nog gevoel is.

Dit lyk waarskynlik dat die implikasionele verhouding [- stamverband] → [-gereg] na 1925 sterker staan as voor 1925. Ongereg. v.dwe. was moontlik voor 1925 oor die algemeen meer deursigtig wat hulle stamverband betref en sommige morfologiese verstarrings miskien minder star, maar daar is ook enkele voorbeelde wat suggereer dat sommige v.dwe. ondeursigtig was vir die gebruiker.

5.2.3.2 "Letterlik", "figuurlik", ens.: die semantiese faktor

In die ondersoek na v.dwe. uit die tydperk 1875-1925 is semantiese faktore nie eksplisiet in ag geneem nie, en kan daar dus nie 'n sistematiese vergelyking met die tydperk vanaf 1925 gemaak word nie. Daar kan gewys word op 'n aantal teenstellings, waar die ongereg. lid van die paar meer letterlik is as die gereg. lid, bv. "Waar die uitvoer ook verbied is" (ALIV71) t.o. "die hand aangebode hou" (BR469); "met 'n band fan nasionale gevoel aan hom gebinde" (OKII09) t.o. "die boere gebonde megeneem" (GL131).

Dit is oor die algemeen egter duidelik dat die implikasionele verhouding, waar dit gesien word as 'n korrelasie tussen gereg. en letterlik, en ongereg. en figuurlik by 'n bepaalde grondwoord, wel aanwesig is in die geval van BIND, BREEK, HOU, KRIMP, LAAI, SKIET (egter min voorbeelde), SPAN, STEEK (min voorbeelde), TREK, VAL en WERP, terwyl ons nie 'n goeie korrelasie vind by DRYF, SINK, SLUIT, SMELT en VANG nie. In die ander gevalle is dit dikwels

so dat ongeveer al die betekenisfigureurlik of al die vorme ongereg. is, sodat 'n implikasionele verhouding nie aangewys kan word nie. Ons kan dus sê dat daar 'n hele aantal grondwoorde is waar die vormteenstelling ook 'n betekenis teenstelling is, soos vandag. Soos vandag is daar ook grondwoorde wat 'n uitsondering hierop vorm, maar dan meer van hulle. Terwyl die implikasionele verhouding voor 1925 in die kiem aanwesig was, het dit veral na 1925 sy beslag gekry.

5.2.3.3 Enkele vaste uitdrukkings en idiome

In ooreenstemming met die huidige gebruik is "verbode vrug" (CEL82), "Gedane dinge het/tog geen keer nie" (Toil6), "die saak gewonne gee" (CEL9). Die ongereg. vorm is vandag onmoontlik in idiomatiese wendings soos "van dieselfde hondji gebete" (PAII:6) en "dat die voël gevloge was" (Toi6). Maar dan vind ons ook die gereg. vorm waar die ongereg. vorm vandag nog moontlik is: "Wat nou gedoen?" (OKI103 en 105). Ook in die anglisistiese: "maar ek is nie hand en voet aan daardie kommando gebind nie" (Wa97)¹⁴⁵.

'n Formule wat meermale voorkom in die notule of verslag van vergaderings: "Beslote om te protesteer te'an..." (PA148,149,185,186,187, ALI64,66,69). Ander vaste uitdrukkings: "n uitgestorwe boedel" (PB42); "Die teerling was gewerp" (Wal00).

5.2.3.4 Aanduiding van gemoedstoestand

Soos in die tydperk vanaf 1925, word sekere ongereg. vorme gebruik om gemoedstoestande uit te druk, vgl. gebroke, vrolik-onbedwonge, in-/opgenome, ingenomenheid, vasberade, basetene, terneergesla'e, verslae, vas(t)beslote, ens. Sommige gevalle laat 'n groter bewustheid van die verband met die stam as wat miskien vandag nog bestaan, deurskemer. So bring die sinsnede "Dat die dubbele skok die hart van die ongelukkige man diep aangedaan het" (Wal0) (en, vergelykbaar hiermee: "totdat ons ook aangedaan is, met krag uit die hoogte" (EVO45)) ons nader aan die Ndl. ww. aandoen.

se betekenis "droefheid of weemoed verwekken"¹⁴⁶. Naas "met skrik bevang" (KE91), "met groot vrees bevang" (EVPs 8:37) tref ons dié vorm as persoonsvorm aan in "En vrees bevang hulle almal" (EVPs7:16). Bewoë, soos in "en word innerlik met ontferming oor haar bewoë" (EVPs7:13) skakel met beweeg d.m.v. 'n sinsnede soos "want die kragte van die hemele sal bewoë word" (EVPs 21:26). Naas in- en opgenome in die moderne betekenis, lees ons, in dieselfde betekenis: "In di begin was di frouelik geslag minder opgeneem met die rokery fan die mans" (OKII2).

Naas bevang wat sonder uitgang voorgekom het (vgl. hoërop) terwyl die slot-/ə/ vandag verpligtend is, vind ons, maar dan steeds ter wille van die rym, "Fan dolhyd uitgelaat" (AFG44) en die halfgeregulariseerde beskonk (AFG59) en drie maal besoop (PB26 en AFG28 en 91).

Ongeveer 93% van die b.v.dwe. - met en sonder verband met die stam - wat 'n gemoedstoestand uitdruk, is ongereg.

5.2.3.5 Sintaktiese kontekste

In die optekening van die voorbeelde is die sintaktiese kontekste nie konsekwent aangeteken soos vir die periode vanaf 1925 nie. Enkele afleidings kan egter wel gemaak word.

Op grond van die opgetekende voorbeelde lyk dit waarskynlik dat daar 'n implikasionele verhouding is tussen post- en preminale kontekste (d.w.s. 1-4 en 5-9) in die geval van BREEK, DRYF, LOOP, NEEM, SLUIT, SPAN en TREK, en nie in die geval van SINK en SKRYF nie.

Voorbeelde wat in verskillende kontekste opgeteken is, hoewel nie sistematies of uitputtend nie, is:

- 4a: verslijt (TOT55), genote (ALI97)
- 4bi: aangebied (BR449)
- 4bii: gekose (PA140), uitferkore (AFG139), herkreë (KE 71), ingeskink (TOT39), beskrewes (CEL21), gesluit (WA52), geslote (OKIII2), aangewys (PAIII:5), verstote (CEL77), geblewes (ALI91)
- 4c: fasgebinde (AFG97), angedrywe (Ne22), versonke (Ca15), omslote (CEL58)

- 4d: geboge (CEL23), gesluit (AFG19), geslote (CEL2 en 104)
- 5a: uitverkorene (BR464), verdwynde (Wa9)
- 5bii: verdrewe (BR471), weggesinkte (Ne98)
- 6: begonne (OKII12), (aan-)gekrom (OKII7 BR471 BR474 Ne70 Wa73), geneem (Wa84)
- 8a: vergeleke met (EVO30), in enmerking genome (ALI45), ingeslote (PAIII:3 ALII25 ALIV77)
- 8b: ingeslote (ALII21), uitgeslote (ALI90)
- 9: geboge (TOT14), speels-oordrewe (CEL18), uitgelate (CEL17), vasberade (Toi35), onbewese (PAI:4), afgebroke (BR469), onafgebroke (ALIII41, KE49, HoIII, Wa75 en CEL22)

Wat hier opval is dat ons in kontekste 8a,8b en 9 - wat redelik konsekwent opgeteken is - steeds die ongereg. vorm kry.

5.2.3.6 Enkele morfologiese kwessies

In par. 4.2.3.1.8 is daarop gewys dat v.dwe skynbaar verpligtend gereg. is in samestellings met b.nwe./bywe. soos vas en krom as eerste lid. Die volgende is egter aange-teken uit die tydperk 1875-1925: "fasgebonde" (AFG139,r), "n ou kromgeboë hotnot" (Ree26). Vgl. ook: "by toegeslote waterput" (TOT33), "di inwendige beeldepragt in ons idoom opgeslote" (OKII12) en "ons opgeslote maters" (AFG36).

V.dwe. met toegevoegde argaïese adjektiewe en substantiewe morfologie, wat vandag sintakties geïsoleerd staan in sinne, is soms nog sintakties meer geïntegreerd, vgl.: "Hoe sal ik U besinge,/Geborene in die grot" - (TOT90 en 92) d.w.s. wat in die grot gebore is; "die foorgefallene fan di laaste week" (Ne82); "Nog 20 Boere Gefangene geneem" (PAIII:5). Sonder dié sintaktiese integrasie is opgeteken: "die uitverkorene e'en" (BR464), "ferhewene aand-uur" (AFG147), "die oorledene visser" (Rei55) en "reg-skapene mense" (Ne3). Hiperkorreksies wat hierby aansluit is, vir Ndl. verleden (Eng. past), die vorme verledene/ferle'dene (VW1, 2x; Toi15,22) en veral voorledene, in:

"n saak van die voorledene" (Hol29). Die ww.v.dw. hardge-
loop is opgeteken by Ne33.

5.2.3.7 Ouer fonologiese vorme

Die volgende ouer vorme is opgeteken: bedroge (Ne98 en AFG77,93 en 154), geboge (TOT14, CEL23, EVO16), gedrage (OKII11), behoude (EVO49), gelege (BR473, ALI45, Hol30, Ca22, AFG61, Hol70), af-, veraf-, on- en wijdgelege (BR468, Bo9, OKI100, ALI45, TOT35), geskyden (AFG20,r), onbewoge (PAIII:4).

Halfgeregulariseerde vorms is ook in hierdie tydperk skaars, en het in die meeste gevalle 'n rymfunksie. Die volgende is opgeteken: "verborre gebed" (PA27), "Wat amper net soos 'n mens geskaap" (AFG107,r), "beskonk" (AFG59,r), "Die Kafferhordes ... was o'eral opgestook" (AFG29,r), "besoop" (r, 3x: AFG28 en 91 PB26). Die gangbare infinitiefvorm tree moontlik as v.dw.-stam op in gevalle soos: "met 'n bend fan nasionale gevoel aan hom gebinde" (OKI109), "fasgebinde an 'n boom" (AFG97), "inmekaar gebuie" (EVPs 13:11) en: "As ek so 'n mooi geskrywe oplossing kry" (ALII62).

In die uitspraakvorm kadanna, deur Von Wielligh in die mond van Abi, die Malbaar, gelê, sien ons duidelik gedaan i.p.v. gedoen (OKII5). 'n Afwykende vorm en bowendien rymend vind ons in: "hul lot/Word akelig beskry" (= beskryf, PA167).

5.2.3.8 Samevatting

Vorme soos begonne, wat nog 'n brug slaan tussen die stam en vandag se versterkte onbegonne, die blote frekwensie van ongereg. v.dwe. in werkwoordelik funksie, die kontekste waarin gemoedstoestandswdwe. soos aangedaan en bewoë kan voorkom (vgl. par. 5.2.3.4), die gebruik van enkele morfologiese komplekse vorme, soos in "geborene in die grot" (vgl. par. 5.2.3.6), maak dit waarskynlik dat die verband van sommige v.dwe. met die stam voor 1925 nog sterker was as na 1925; andersyds is daar ook gevalle wat getuig van 'n onbewustheid van die verband met die stam, en daar is

miskien gereg. gevalle onder hulle (vgl. par. 5.2.3.1). Dit skep die indruk asof gereg./ongereg. voor 1925 nie so goed met die aan- of afwesigheid van verband met die stam gekorreleer het as na 1925 nie. Ook wat die verhouding "letterlik"/"figuurlik" betref, is daar by 'n aantal v.dwe. 'n korrelasie met gereg./ongereg. terwyl dit by ander nie die geval is nie (vgl. par. 5.2.3.2). Uit 'n sintaktiese oogpunt lyk dit asof die implikasionele verhouding tussen post- en prenominaal voor 1925 reeds aanwesig is (ofskoon, volgens die opgetekende gegewens) nie by almal nie. Voor- en agtersetsels en veral die bywoord is volledig ongereg. (vgl. par. 5.2.3.5). 'n Ouer morfologiese toestand word weerspieël deur gevalle soos toegeslote en vasgebonds (vgl. par. 5.2.3.6) en 'n ouer fonologiese toestand - sy dit dan net wat die spelling betref - deur bedroge, behoude, ens. (vgl. par. 5.2.3.7).

5.2.4 Taalgebruiksregisters en diglossie

5.2.4.1 Taalgebruiksregisters

Taalgebruiksregisters is so gekies dat hulle waar die aard van die materiaal dit toelaat, sover moontlik met dié in par. 4.2.4.1 hierbo ooreenstem. Dieselfde berekenings is gedoen en op dieselfde manier grafies aangedui, nl. (kortliks) A: die b.v.dwe. as 'n persentasie van al die woorde; B: ongereg. b.v.dwe. as 'n persentasie van al die b.v.dwe.; C: ongereg. b.v.dwe. wat moontlik nog 'n verband met die stam behou, as 'n persentasie van al die ongereg. gevalle; B-C: die verskil tussen B en C; D: die ongereg. b.v.dwe. wat in gereg. vorm gangbaar sou kon wees as 'n persentasie van die ongereg. gevalle, en E: aantal woorde ÷ 5,000. Die gegewens¹⁴⁷ kan grafies soos volg voorgestel word:

Author Conradie C J

Name of thesis Die Diachronie van die Afrikaanse voltooid deelwoord 1979

PUBLISHER:

University of the Witwatersrand, Johannesburg

©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.